
# DIE WERKLIKE, OF NIE-WERKLIKE DOEL VAN ONS BESTAAN

BRAND SMIT



# Die werklike, of nie-werklike doel van ons bestaan

BRAND SMIT

Eerste uitgawe 2018

Buiteblad: *Die Stryd tussen Karnaval en Vastyd,* deur Pieter Bruegel die Ouere (1559)

**INHOUD**

# INLEIDING

## Wie is die skrywer?

Gebore op 29 Junie 1971 in Pretoria, in die Republiek van Suid-Afrika.

Spandeer twee jaar in Suid-Korea as Engelse onderwyser tussen 1996 en 1998.

Werk in Johannesburg vir ses maande in 1998.

Vertrek na Kaohsiung, in die suide van Taiwan, in Januarie 1999.

## Waaroor gaan hierdie bundel?

NOVEMBER 2001

Ek word verteer deur vrae: Wat is die mens? Hoekom doen ons wat ons doen? Hoekom leef ons soos ons leef? Wat is "geluk"? Wat beteken dit om "ongelukkig" te wees? Wat doen mense om "tevrede" te wees? Is daar universele patrone te bespeur? Wat beteken dit om 'n "betekenisvolle lewe" te leef? Hóé leef 'n mens 'n betekenisvolle lewe? Wat is die natuur van die mens? Behoeftes, drange, doel … Ek kan nie my lewe daaraan toewy om geld te maak terwyl ek verteer word deur hierdie vrae nie. Ek word gedryf om antwoorde te vind. Ek kan dit nie ignoreer nie.

Ten spyte van my obsessie moet ek steeds op 'n daaglikse basis speel volgens die neergelegde reëls: Ek moet kos en kruideniersware koop, huur en water en elektrisiteit betaal, ensovoorts. Ek kan nie my behoeftes vervul deur in 'n grot te woon, en te jag, of miskien my eie lappie grond te bewerk nie – nie in die wêreld waarin ek woon nie, in elk geval.

Ek het lankal geleer dat wat ek nodig het, verkrygbaar is, solank ek iets kan *ruil* vir die kos wat ek wil eet, en vir die klere wat ek wil aantrek. Wat ek nodig het, is krediet. Hoe kry 'n mens krediet in die hande? Deur óf 'n produk vir 'n mark te produseer, óf deur 'n diens te lewer. Dis hoekom ek om 6:45 elke oggend opstaan – sodat ek 'n diens kan lewer, krediet kan ontvang daarvoor in die vorm van kontant, wat dan omgeruil kan word vir wat ek nodig het. Of ek my dienslewering geniet, is van sekondêre belang – ek móét dit doen.

Maar steeds word ek verteer deur dit wat ek nie weet of verstaan nie. Kan daar iets soos 'n doel toegeskryf word aan die mens se lewe? Miskien, miskien nie. Wat ek weet is dat indien daar 'n doel is maar jy vervul dit nie, jy die spyt later in jou lewe sal voel soos 'n ton bakstene op jou skouers.

AUGUSTUS 1999

Die lewe is 'n stryd na 'n Hoër Bestaan. Jou daaglikse lewe is 'n proses waar jy óf vooruitgaan na hierdie *beter* bestaanstoestand, óf waar jy al verder afdwaal. Die konkrete betekenis van hierdie Hoër Bestaan verskil van persoon tot persoon. Om te definieer wat jóú spesifieke Hoër Bestaan is, is deel van jou stryd.

* * *

Die man sit op sy stoep en rook 'n sigaret. Hy dink aan die lewe, en vra homself Die Vraag. Hy't die oorleweringe en doktrines van sy jeug laat vaar, en kyk nou na sy eie lewenservarings en al die kennis wat hy sover opgedoen het, en poog om daarin te soek na 'n antwoord. Hy sal dit vind: in sy eie ervaringe, in sy kennis, in homself, en in ander mense. Want net soos hý soek, uit die wese van sy natuur en gedryf deur sy instinkte, so soek ander ook.

Niemand beskik oor volmaakte kennis nie, maar luister na 'n honderd mense, en jy sal 'n honderd brokkies inligting

kry wat deel vorm van die geheel. Baie brokkies kennis sal oorvleuel, en daar is vele wat slegs resiteer wat aan hulle geleer word. Daar's ook biblioteke vol boeke van mense wat generasies of eeue gelede kennis van die Waarheid gehad het, al het hierdie kennis deur die generasies, of oor die eeue heen, soms vergete geraak.

Soms sal jy iemand vind – deur 'n persoonlike ontmoeting, deur 'n storie of 'n artikel of 'n nuusberig te lees, deur 'n film te kyk of deur iemand se musiek te luister – wat lank genoeg sy of haar eie ervaringe gekontempleer het ten einde te beskik oor wat genoem kan word, Dieper Kennis. Op dieselfde wyse, indien hy ernstig is oor sy soeke, sal ook die man op die stoep vrede vind oor wat sý lewe beteken.

OKTOBER 1999

Ek sê graag dat ek 'n kenner van iets wil wees. Maar 'n kenner van wat? Geskiedenis? Filosofie? Sielkunde? Ek sal eenvoudig moet leer wat ek kan van al hierdie onderwerpe, omdat dit die enigste manier is om die een vraag te beantwoord waarop ek my hele volwasse lewe al gefokus is: Wat maak die lewe die moeite werd vir die gemiddelde persoon in die moderne wêreld?

## Blonde meditasie

Januarie 2000

Die hele episode het begin toe ek die Saterdagoggend ’n oproep kry van W., ’n plaaslike besigheidsvrou wat my gehelp het om werk te kry toe ek in Taiwan aangekom het. Sy’t pas teruggekeer uit Suid-Afrika, sê sy toe, met ’n Suid-Afrikaanse vrou wat nou gaan werk vir ’n vennoot van haar in ’n naburige stad. Maar die vrou het ’n paar klein probleempies, en kan ek asseblief saam met haar en haar man gaan om met die vrou te gaan gesels. Ek is natuurlik opgewonde. Ek het altyd gedink dit sal lekker wees as daar ’n paar ekstra mede-landgenote in die omgewing is. En W. het genoem dat die vrou blond is …

So piekel ek toe saam om die vrou te gaan ontmoet.

Die oomblik toe ek haar sien, weet ek iets is verkeerd. Haar hande bewe, sy’s bleek, en sy is duidelik oorstelp om iemand te sien wat haar moontlik kan help. Sy verduidelik toe hoe ongelukkig sy is met haar werksituasie, en hoe sy nie gemaklik is daarmee om saam met haar baas en sy familie te woon in dieselfde huis nie. En dié en daai beloftes wat gemaak is, is nog nie nagekom nie.

Ander mense sou dalk dollar simbole voor hulle oë sien flits het (daar’s baie geld te make as jy ’n “foreign teacher” kan voorstel aan ’n skool wat een soek). Terwyl sy praat, sien ek die Ruiter in Swart. Ek sien hoe my mond in ’n goed geoliede Colt verander, hoe ek ’n paar argumente afvuur in die rigting van die rampokkers, en hoe ek teen sononder saam met die Blonde Vrou op die trein sit terug Fengshan toe.

Na ’n hele middag van argumente voer, kom ons toe op die punt waar W. se vennoot, “Honest” Jimmy, ’n voorstel maak: As ek waarborg dat hulle nie die geld sal verloor wat hulle betaal het om die vrou hier te kry nie, sal hulle haar in my sorg “vrylaat”.

Vir ure al praat ek toe namens die vrou, en ek besef toe as ek nie instem nie, my hele poging om haar te help so belaglik

soos ’n leë Colt sal wees by ’n skietgeveg. Ek stem toe in: Ek waarborg dat, as sy nie vir hulle gaan werk nie, ek persoonlik seker sal maak dat hulle die NT$40 000 sal terugkry wat hulle op haar gespandeer het.

Die vrou gaan pak toe haar sakke, en ’n paar minute later is ons daar weg.

Terug in Fengshan bel ek toe my vriend O., die enigste ander Suid-Afrikaner wat ek op daai stadium geken het in Taiwan, en lig hom in oor die groeiende getal landgenote in ons dorp. Vyftien minute later toe staan hy in my sitkamer, en terwyl hy nog bladskud, oortref hy amper my eie heldedaad deur in te willig om sommer self vir haar die NT$40 000 te leen, en te help om vir haar ’n nuwe werk te kry.

Die vrou was op die punt om trane van vreugde te stort. Twee helde! In een dag!

Sondag maak ons toe ’n paar oproepe, en ek ry die hele stad plat met haar agterop my scooter om vir haar ’n alternatiewe betrekking te organiseer. Teen die aand se kant het ons ’n paar afsprake gemaak met skole wat sy Maandag sou besoek. Ons gaan sien toe weer vir O., en hy krap, volgens belofte, die kontant uit sy laai.

Maandag oor middagete neem ek toe die vrou na W. toe, om haar in te lig dat ons vir my landgenoot ’n ander werk gekry het, en, soos ek dit verstaan het, om vir W. en haar vennote die veertig duisend te gee. W. se man, wat geen woord Engels kan praat nie, luister toe aandagtig na wat ons te sê het, en na W. soos sy vertaal. Toe hy meen ons het klaar gepraat, staan hy op, en begin sonder verdere versuim op ons te gil met ’n passie waaroor ek nie geweet het hy beskik nie.

Ek word toe eers effens bleek, en die vrou word effens bleek, en in die paar oomblikke van stilte wat volg op die uitbarsting probeer ek my bes om uit te werk wat ons verkeerd gedoen het. W. verduidelik toe dat dit nie was wat hulle van my verwag het nie. Omdat hulle my gevra het om saam te gaan, was ek veronderstel om aan húlle kant te wees. En hulle het al baie vir my gedoen, en hulle is my vriende, en ek ken nie eens die vrou nie, en hoe kon ek hulle so verraai het.

Soos ek dit toe verstaan, was ek veronderstel om die Sondag te gebruik om die vrou te oortuig dat W. en haar vennote eintlik goeie mense is, en dat om vir hulle te werk die regte ding sal wees om te doen. En dat Meneer S., W. se man, nou kwaad is vir my omdat ek my hulp aan die verkeerde kant verleen het.

Die situasie neem toe 'n selfs ernstiger wending. Ek word ingelig dat ek geen bystand meer van hulle moet verwag in my aansoek om my werks- en verblyfspermit te hernu nie. Dat hulle selfs verder sal gaan en my aansoek sal verhinder – op onwettige wyses indien nodig.

Ek wil toe nog vir hulle sê maar as dit oor die geld gaan, die vrou hulle nou kan terugbetaal. Sy self sê egter niks. Eers later het sy my ingelig dat sy haar "opsies oopgehou" het. (Haar plan was blykbaar om die veertig duisend te leen van 'n skool waar sy gehoop het om 'n werk kry, en dan vir O. sy geld terug te gee.)

Die volgende paar dae was stresvol. Ek moes sekere dokumente vervang, en die enigste mense wat my kon help was die einste mense wat ek vervreem het – W. en haar man, die gillende Meneer S. Hulle het geweier om enige bystand te verleen, soos per dreigement.

Die Blonde Vrou het intussen by O. ingetrek, omdat sy van opinie was dat die atmosfeer in my woonstel "negatief" geraak het. Beide ek en O. was teen dié tyd bewus daarvan dat sy 'n ietwat esoteriese uitkyk op die lewe het. Sy't gereeld haar sterre bestudeer, haar kaarte uitgepak op die bed om te sien hoe die situasie gaan uitwerk, en gereeld op haar kussing gesit om kontak te probeer maak met die Stiltes Wat Waarheid Openbaar. Die atmosfeer in my woonstel was dus meer as die verwagte resultaat van 'n spannende situasie; dit was negatief op wyses wat 'n gewone sterfling nie sou verstaan nie.

Teen die volgende week het ek genoeg gehad. Ek bel haar toe en sê vir haar dat sy vir W. en haar man die veertig duisend moet gee, sodat ek die dokumente kan vervang wat ek nodig het. Sy lig my toe ongeërg in dat sy nie van plan is om vir hulle die geld te gee voordat hulle nie vir haar die

vliegtuigkaartjie gegee het wat hulle in Suid-Afrika vir haar gekoop het nie.

Ek verduidelik toe dat ek háár gehelp het om uit ’n slegte situasie te kom, en dat die minste wat sy vir my kan doen is om haar besigheid met hulle af te handel. Haar antwoord was dat sy nie haarself gaan benadeel ter wille van mý nie, en dat sy my inderdaad nie *gevra* het om haar te help nie. En om te illustreer dat sy haar sê gesê het, plaas sy toe die gehoorstuk terug op die mikkie voor ek die punt verder met haar kon beredeneer.

Teen die einde van daai week is O. Suid-Afrika toe vir ’n vakansie, hopende dat die vrou intussen ’n werk sal vind sodat hy sy geld kan terugkry.

Minder as ’n week later was sy ook op ’n vliegtuig terug Suid-Afrika toe – met ’n kaartjie wat sy met die veertig duisend gekoop het.

Hy’t later te vertelle gehad dat sy met hom in kontak was in die Kaap. Sy’t vir hom ’n tjek gegee vir die geld wat sy by hom geleen het, en dadelik vir hom gevra of sy dit nie weer kon leen sodat sy kan teruggaan Taiwan toe nie. Hy’t vriendelik die versoek geweier.

Ek het net een keer weer van haar gehoor sedert haar ontsnapping. In ’n bisarre, kriptiese e-mail het sy onder andere haar verbasing uitgespreek oor hoe dinge uitgewerk het.

* * *

Die episode het my laat dink aan ’n paar dinge. Jy ontmoet iemand in nood. Jou eerste instink is om die persoon te help. Edel, reg? Ingewikkeld soos die situasie is, bring dit jou in die moeilikheid by ander mense. Drie dae later is jou senuwees klaar. Jy besluit om stappe te doen om jou eie situasie te verbeter, en die persoon wie jy probeer help het, steek haar vinger in jou oog. Sy’s verbaas dat jy enige iets van háár verwag. En om sout op die wond te gooi, herinner sy jou daaraan dat dit immers jóú keuse was om betrokke te raak. En dan gooi sy die telefoon in jou oor neer.

Al wat jy kan doen, is om op jou stoel te gaan sit en deur vyftig TV-kanale te flits opsoek na iets anders om aan te dink.

Ek vind myself toe op my eie meditasie kussing, gereed om gevul te word met Insig Wat Geopenbaar Word Aan Een Wat Homself Bejammer. Bene gekruis, hande in die hare, wonder ek toe: Hoekom is ek op my eie?

Dit is sekerlik so dat ’n mens, tot ’n baie groot mate, verantwoordelik is vir jou eie situasie. Was dit nie immers tóg my keuse om betrokke te raak by die Blonde Vrou se situasie nie? Die konklusie moet dan sekerlik ook wees dat ek verantwoordelik is vir my eie isolasie, my eie eensaamheid. (Wat ’n vreemde woord is dit nie! “Eenheid” is goed, “saamheid” is goed. Maar is “een” en “saam” nie teenoorgesteldes nie? Alleenheid. Dis ’n beter woord: Al-een. Al-een hier, en al-een daar. Al-een wat soos ek is, wat soos ek dink, wat hierdie partikulêre sorge dra. Al-een in hierdie woonstel. Al-een agter hierdie rekenaar. Al-een-heid.)

Soos almal ontmoet ek soms nuwe mense. Maar dis asof ’n hoër hand net die mense oor my pad bring wat nie troos en uitkoms vir hierdie skynbaar ewigdurende lot kan bring nie. En hierdie hoër hand weet waarmee ek hierdie week weer gekonfronteer is: my eie nietigheid – hoe swak, en magteloos ek werklik is.

Ek het sover al ’n paar dinge uitgewerk in my lewe. As ek voorlopige konklusies moet maak, lyk die groter prentjie nie rooskleurig nie. Dit wil blyk asof die goddelike regter van my vader en moeder se religie nie werklik betrokke is by die wêreld wat hy volgens oorlewering geskep het nie. Is dit dan almal vir hulleself? Ook hieroor is daar nie duidelikheid nie.

So hier sit ek, vasgevang in ’n paradoks: Op die oog af geen regverdigheid nie, maar moenie waag om te doen wat jy wil nie, “because karma is gonna get you”. En as dit nie karma is nie, dan een of ander vorm van geregtigheid om die skale weer gelyk te maak.

Ek is moeg vir hierdie legkaart waar geen van die stukke pas nie. Ek sit nou al vir jare met ’n hamer onder my tafel, want pás wil die stukke wragtig nie pas soos legkaarte moet

nie. En ek sê maar vir mense dat my ambisieuse poging om sin te maak van alles op my eie, goed vorder. Ek sny my stukke fyn, en my legkaart is nog nie so groot soos wat dit was toe ek geglo het soos ’n kind nie, maar dit kom aan. En hierdie keer is dit mý legkaart.

Maar elke keer as ek terugkeer na die tafel met my legkaart op, het die stukke uitmekaar gebeur! Dis dan wanneer ek die hamer te voorskyn bring. Want as dit dan nie *hierdie* stukke is op *hierdie* manier nie, hoe dan? Want god alleen weet ek kan nie sonder ’n legkaart nie! Ek moet op een of ander manier sin maak van die wêreld buite my venster. Maar ek is moeg vir retoriek en argumente! Ek is moeg vir teologie, en filosofie, en slim verduidelikings!

Gee my net ’n bietjie troos, for once! Soos die kelnerin in die padkafee op die Roger Waters CD wat vra of die ou koffie wil hê, en dan verskoning maak omdat sy hom miskien wakker gemaak het, of te hard gepraat het.

Ek werk aan planne wat moontlik oor twee of drie jaar vir my ’n orraait lewe sal gee. Dit spreek tog van hoop, dan nie?

Of is dinge soos dit maar nog altyd was? ’n Mens raak ouer, jy leer meer van die lewe, miskien kan jy oor ’n paar jaar iets koop wat jy nou nie eens van weet nie, en die lewe gaan voort. En dis nooit so goed soos wat jy die heeltyd vir jouself vertel het nie. Tog, ons roei voort soos ’n span dwase tot ’n golf ons êrens teen ’n kus te pletter gooi, of tot ons dryf tot in die middel van ’n enorme oseaan.

Miskien het Nero die regte idee gehad. In plaas daarvan om Rome te probeer te red, het hy viool gespeel. Miskien moet ons meer dans, en meer musiek maak. Miskien moet ons nóg meer dink. Miskien moet ons aanhou mediteer tot ons onsself verbeel die hele tafel is gevul met ’n legkaart waar ál die stukke pas. “Watse mooi, kleurvolle prentjie is dit nie!” sal ons uiteindelik kan uitroep. ’n Bottel-blonde antwoord op die vaalheid van ons werklikheid.

Ek raak toe aan die slaap op my meditasie kussing, en droom van ’n blonde vrou wat op die straathoek staan en tweedehandse viole verkoop. En ek droom ek leen geld by

“Honest” Jimmy, koop vir my een, en gaan speel vir W. en haar man terwyl O. hulle by die straat afjaag met brandende vliegtuigkaartjies in sy hand.

# Oortuig van ’n spesifieke rede vir jou bestaan – of nie

Maart 2000

Ek kry die gevoel, as ek weer kyk na my laaste maande in Korea en wat ek toe geskryf en geglo het, dat ek nog steeds die punt mis. Ek het toe gesê ek luier, dat ek wag vir die lig om groen te slaan. (Ek het myself besig gehou met video’s en boeke. Nou hou ek myself net meer produktief besig.)

Laas Vrydag het my scooter se brieke gefaal. Dit kon op enige tyd gedurende daai oggend gebeur het, en in 80% van die gevalle sou dit ernstige gevolge gehad het. Maar op die betrokke tyd en plek waar dit wel gebeur het, was ek in feitlik geen gevaar nie. En siende dat dit nie die eerste keer was wat iets werklik slegs kón gebeur het met my maar nie gebeur het nie, het ek gewonder: Hoekom?

Dit het my weer laat dink aan die idee van roeping … of meer spesifiek, die idee of gevoel dat ék een of ander spesiale roeping het, dat daar iets is wat ek móét doen – a reason for being.

Ek spandeer soms die beste ure van my dae en nagte hard aan die dink – oor die wêreld, oor die lewe, oor die betekenis van dinge, oor die betekenis van my eie lewe, oor die raaisel van hoekom ek is soos ek is en doen wat ek doen, en hoekom ek die keuses gemaak het wat my gebring het waar ek vandag is. Dis asof ek ’n speurder is wat die heeltyd opsoek is na leidrade, ongeag of ek bewus is daarvan of nie. Soms is dit net ’n woord wat in my gedagtes vassteek. Soms is dit ’n monoloog aan die einde van ’n movie. Soms is dit iets wat iemand nié sê nie. Ander kere weer gebeur iets, of ek doen iets wat oënskynlik geen waarde het nie, and there it is again – nog ’n leidraad, nog ’n deel van die legkaart, asof ek moet verstaan.

Ek het nou al menigmaal gedagdroom oor my ideale lewe, en gewoonlik begin dit met geld – om finansieel onafhanklik

te wees, om te kan doen wat ék wil doen, wáár ek dit wil doen, vir solank as wat ek dit wil doen. Miskien is om meer as genoeg geld te hê 'n belangrike deel van die proses, sodat jy jou daaglikse bestaan kan toewy aan wat ook al die rede mag wees hoekom jy nog leef, sonder om afhanklik te wees van ander mense vir die vervulling van jou daaglikse behoeftes, en sonder dat jy genoodsaak word om jouself te verlaag tot kleinlike konvensies om aanvaar te word deur 'n bepaalde gemeenskap.

Steeds wonder ek "if this is as good as it gets". Of wag ek steeds vir 'n teken, 'n woord waarop ek sal reageer dat ek nou verstaan, om dan die res van my lewe toe te wy aan wat ek sal sien as my ware roeping?

Dit alles impliseer geloof in 'n Hoër Wese. Indien jy nie glo in die bestaan van so 'n wese nie … nou ja, dan kom dit daarop neer om jouself besig te hou op so 'n wyse dat jy 'n bewussyn van welstand ontwikkel, en handhaaf. En om te dink aan ander motiverings vir wat jy doen – miskien om onthou te word as alles verby is, of om in jou laaste minute geen spyt te hê oor wat jy gedoen het, of nie gedoen het nie.

As jy dus glo aan 'n rede vir jou bestaan, wat sou hierdie rede wees? En as jy nie oortuig is van enige spesifieke rede vir jou bestaan nie, hoe beïnvloed dit jou keuses en lewensuitkyk?

# Die doel van my lewe

Februarie 2001

’n Eerlike Poging ter Oplossing van ’n Netelige Probleem/’n Voorlopige Ondersoek na die Doel en Betekenis van die Lewe, en Wat Ons Moet Doen om Vervullende en Gelukkige Lewens te Lei

DEEL EEN

’n Ode aan die bioskoop

“Real life is not like in the movies where you get a realisation and your life changes the next day. In real life you get a realisation, and your life changes a month later.” ~ *Postcards from the Edge*

’n Paar dae gelede, om kwart oor een in die oggend, het ek myself ’n afsnypunt gegee: Teen halftwee moes ek ’n antwoord hê op die vraag van wat ek wil doen met my lewe. Ek neem toe stelling in op die stoep, en rook ’n sigaret. Halftwee het gekom, en halftwee het gegaan, soos verwag kon word, sonder dat ek enigsins gevorder het in my ondersoek. Hulp, of inspirasie, sou met ’n oop gemoed verwelkom word.

’n Rolprent wat ek ’n paar maande gelede gesien het, kom toe by my op as ’n moontlike padaanwyser. Dit het gehandel oor ’n klomp rekenaarprogrammeerders, en hoe hulle geworstel het met die vraag na die waarde van hulle lewens. (Soos dit maar gebeur, was die een karakter ’n bietjie meer obsessief oor die onderwerp.) Gedurende een gesprek bespreek hulle toe die verskil tussen wat hulle doen met hulle lewens, en wat vir elkeen meer ideaal sou wees. Met ander woorde, as hulle nie ten minste agt ure per dag, vyf dae per week moes wegslyt in kantoorhokkies vir ’n inkomste nie, wat sou hulle gedoen het met hulle tyd? Een karakter noem toe

dat ’n onderwyser eenkeer vir hulle gevra het wat hulle sou doen met ’n miljoen dollar. Die antwoord, in teorie, moes dan ’n aanduiding gee van watse beroep jy moes volg. As jy byvoorbeeld antwoord dat jy ou karre sou regmaak, is dit veronderstel om te beteken dat jy ’n motorwerktuigkundige moes word. (Laat dit ’n mens nie soms met die indruk dat die lewe ’n wit olifant is nie? Iemand het vir jou hierdie ding gegee wat ons “lewe” noem, maar jy weet nie mooi wat om te doen daarmee nie, en weggooi is nie ’n opsie nie.)

Geïnspireer deur hierdie brokkie raad, stel ek toe vir myself die volgende vraag: As ek vyf miljoen rand gehad het, hoe sou ek my dae en nagte gespandeer het?

Nou, hierdie is ’n wolk waarop ek gereeld aan die slaap raak in die aande, en die voorlopige antwoorde is altyd dieselfde – koop vir my ouers ’n groot huis en gee vir hulle genoeg geld sodat hulle kan aftree; gee vir my twee susters genoeg geld sodat hulle hulself nooit weer oor geld hoef te bekommer nie; koop vir myself ’n ou gebou, gaan op reis vir ten minste ses maande, sien al die plekke wat ek nog altyd wou gesien het, bou ’n internasionale netwerk van minnaresse op … en dan raak ek gewoonlik aan die slaap.

Na ’n uur of so van dink wat ek met vyf miljoen sou doen, kon ek nie met beter antwoorde as die gewones vorendag kom nie. Ek het geweet dat hierdie alles korttermyndoelwitte is. As ek klaar huise gekoop en ’n klomp geld weggee het, is die doelwitte nie meer geldig nie.

As my ouers en my susters dan gemaklik is vir die res van hulle lewens, as ek die wêreld gesien en ’n internasionale reputasie opgebou het, wat sal ek dán doen om myself besig te hou? Of dalk moet ek verder gaan en vra, wat sal ek dan doen om *betekenis* aan my lewe te gee?

Ek dink toe aan ’n ander film waar ’n paar ouens van die stad dink dat dit hulle goed sal doen om ’n bietjie beeste te gaan aanjaag oor die vlaktes. Tydens hierdie avontuur ontmoet hulle ’n ou cowboy. Een van die stadsjapies, wat ook die Groot Vraag gekontempleer het, reken toe dat ’n ou beesman die antwoord behoort te ken. Laasgenoemde het

vir ’n oomblik nagedink, en toe ’n enkele vinger die lug op gesteek. “One thing,” sê hy toe. Die ou wag toe in spanning vir die res van die antwoord, en toe die beesman nie sy sin klaarmaak nie vra die ou hom wat die een ding is. Die ou man antwoord toe, “You’ve gotta figure that out for yourself.”

My eie beskouings het my gemaklik gemaak met die idee, so ek het my visier toenemend begin instel daarop om ’n enkele ding raak te sien. Om die waarheid te sê het die Een Ding Teorie ’n amper dogmatiese aspek geword van my denkprosesse oor die Hoër Vrae van die Lewe. Ek was vas oortuig daarvan dat, wat ook al die antwoord, dit slegs ’n *enkele* ding kon wees.

Teen die tyd wat ek bed toe gegaan het (so teen halfvyf), het ek ’n idee gehad: Ek gaan ’n besigheid begin wat dokumentêre programme, musiekvideo’s, reisprogramme en films in DVD-formaat verkoop; miskien ’n posbesteldiens, sodat ek nie elke dag in ’n winkel hoef te sit nie. Dit dek my belangstellings in geskiedenis, musiek, aktuele sake en films. Ek het ook gereken as ek vir mense sê dat dit my ambisie is, my doelwit waarna ek streef, hulle dit aanvaarbaar sal vind, dat dit naastenby sal klink soos die tipe antwoord wat hulle self sou wou gee. Ons almal ken mense wat eindeloos aangaan oor een of ander restaurant wat hulle wil oopmaak, of ’n koffiewinkel, of ’n boekwinkel, selfs ’n skoenwinkel. Ons dryf gewoonlik nie die spot met mense as hulle sulke ambisies het nie, en ons dink nooit hulle drome is belaglik nie. Sulke ambisies maak sin. Hulle sal iets hê wat hulle besig hou meeste van die tyd, en hulle sal moontlik geniet om in ’n bedryf te wees wat goeie kos bedien, of om die heeltyd op hoogte te wees van die mees kommersieel suksesvolle boeke van die dag. Almal weet ook dat hierdie tipe ambisies, indien suksesvol, ’n inkomste sal genereer vir die mense en hulle gesinne.

Die gedagte aan *voldoende kapitaal om te befonds wat jy ook al wil doen* het dus ’n voorlopige antwoord gebring. In die hoop dat die antwoord sal hou tot ek weer wakker is, sluimer

ek toe in, wandelend deur rakke vol dokumentêre programme, musiekvideo's, en ander interessante items.

Die volgende dag (of later dieselfde dag) het ek ontwaak met 'n ligte spesmaas van iets wat onlangs bereik was. Die oomblik toe ek egter onthou wat dit was, het ek teruggesteier. 'n Winkel?! Ek, 'n winkeleienaar? Hoe op aarde het ek daarby uitgekom as 'n rede vir my bestaan?

Die lig van 'n nuwe middag het inderdaad helderheid gebring. Ek moes van voor af begin.

Op 'n wetenskaplike wyse besluit ek toe om te kyk na die moontlike redes hoekom ek dit aanvanklik beskou het as 'n goeie punt, om sodoende voort te gaan met die volgende stap in die proses. Mense vind bevrediging in hulle werk, dan nie? En nie almal het 'n betrekking wat ander beny nie! Ek ken mense wat gelukkig is met werk wat ander ongelooflik vervelig sal vind. Aan die ander kant, moet besoldigde werk noodwendig die krediet kry vir geluk in 'n mens se lewe? Of anders gestel, moet mens noodwendig *werk* doen wat jou gelukkig maak?

Maar ek probeer 'n idee in smokkel wat geregtig is op ten minste 'n voorlopige teorie: geluk, en hoekom dít so verweef is in ons soeke na doel en betekenis in ons lewens (ten minste in hierdie tyd van die wêreldgeskiedenis, indien nie noodwendig altyd so in vervloë dae nie).

Elementêre sielkunde, en gesonde verstand, leer ons dat ons sekere basiese behoeftes het. Of bevrediging van hierdie behoeftes in hiërargiese volgorde plaasvind of nie, ons weet dat dit bevredig móét word tot 'n redelike mate om in die eerste plek fisiese oorlewing te verseker, en om naas dit naastenby jou sinne te behou. Dit volg ook, uit gesonde verstand meer as enige iets anders, dat as al ons behoeftes bevredig word, ons 'n sensasie ervaar wat ons gewoonlik "geluk" noem. As ons genoeg eet, relatief gesond is, behoorlike nagrus inkry, ordentlike skuilplek het (óf in 'n huurkamer, óf in 'n paleis), liefde ontvang en liefde gee (in fisiese en emosionele terme), 'n redelike begrip het van hoe

alles inmekaar steek, en as ons uiting gee aan ons kreatiewe behoeftes, dan voel ons gewoonlik dat die lewe orraait is, om die minste te sê.

As enige van ons basiese behoeftes – fisies of andersins – nie bevredig word nie, ervaar ons 'n sensasie van 'n ander aard. Afhangende van die graad van onvervuldheid en die tipe behoefte, verklaar ons gewoonlik dat ons "ongelukkig" is, of "nie lekker voel nie". In die geval van ernstige nood of gebrek – of om net meer spesifiek te wees – gee ons hierdie onaangename sensasies name soos "honger", "koue", "vrees", of "eensaamheid".

Maar hoe pas die vervulling van behoeftes in by ons bespreking van werk (of werkloosheid, wat ook al die geval mag wees)? Dit werk soos volg: die besoldigde arbeid wat ons lewer bepaal die graad waartoe ons die meeste van ons behoeftes kan bevredig. Genoeg geld beteken genoeg kos – tensy die geld geblaas word op ander behoeftes wat minder belangrik is in verhouding met behoeftes wat bevredig móét word om die voortbestaan van ons lewens te verseker. Hope geld, weereens in teorie, kan 'n miljoen rand skuiling beteken vir jou en jou intieme sirkel, en eersteklas bevrediging van jou (of julle) ander behoeftes. Die alternatief: geen geld nie, geen kos nie; geen kos nie, slegte gesondheid, en uiteindelike dood vanweë komplikasies teweeggebring deur onvoldoende bevrediging van basiese behoeftes. Tussen hierdie twee pole lê 'n spektrum met 'n duisend punte wat verskil in graad van behoefte vervulling. Dit alles bevestig steeds die basiese waarheid dat die inkomste wat jy verdien 'n direkte verhouding het tot die graad waartoe jou behoeftes bevredig word, asook die kwaliteit daarvan.

"Masters of simplicity" is wat die historikus, Alan Bullock, twee van die bloedigste diktators van die 20ste eeu noem. Volgens hom het Adolf Hitler en Joseph Stalin geweier om oorweldig te word deur die kompleksiteit van probleme wat hulle in die gesig gestaar het. Ek neig na presies die teenoorgestelde. Nie net voel ek oorweldig deur vrae oor die

doel en betekenis van die lewe nie, ek raak by tye angsbevange daaroor! Die rede hiervoor is die groot aantal moontlike antwoorde op die vrae. Verskeie gevestigde godsdienste moes in die laaste paar dekades kompeteer vir aanhangers (en monetêre donasies) met honderde sektes, bewegings en kwasie-religieë. Predikante, hoë priesters, lae priesters, pouse, rabbyne, heilige mans, onheilige mans, heilige vrouens, selfs die plaaslike kroegman, het almal hulle eie antwoorde op die vrae wat ons vra. By hierdie lys kan jy voeg antieke filosowe, pseudo-filosowe, sielkundiges, selfverbetering-ghoeroe's, akteurs wat skrywers word, skrywers wat sangers word. Die lys is oneindig. As jy nog vriende en familie byvoeg, sal jy begin voel soos 'n speelgoedrobot wie se drade gekruis geraak het. Jy begin selfs in meubels vas te loop, en jy stamp jou kop teen die mure. En dis nie eers altyd opsetlik nie.

'n Paar weke gelede gooi my ma nog 'n bestanddeel by die pruttende brousel. Sy't gereken dit sal goed wees om met my een van die basiese feite van die werklike (lees: middelklas) lewe te deel, naamlik dat 'n man sy merk moet maak voor die 35e herdenking van sy aankoms op hierdie planeet. Hy moet, om die waarheid te sê, reeds sy hakke begin inkap teen sy middel-twintigs, maar as hy ten minste op pad is teen dertig kan hy steeds die laaste stukrag insit so teen sy middel-dertigs. Na 35, volgens my ma, begin dit toenemend moeilik raak vir 'n man om sy plek in die wêreld te vind. (Dit is natuurlik op vrouens ook van toepassing. Ek het twee susters, en ek is nooit grootgemaak om te dink net omdat ek 'n seun was ek minderwaardig hoef te voel teenoor my susters nie. Of andersom, soos ek later agtergekom het die neiging in die breër gemeenskap blyk te wees.)

Ek het my ma op die betrokke aand heelhartig bedank vir haar advies (wat tot 'n mate sin maak). Die gedagte is dus om jouself op iets toe te spits vir 'n aantal jare, om een of ander vermoë baas te raak, of om 'n kwalifikasie vir 'n spesifieke beroep te verwerf. Ek het ook besef dat die motivering agter hierdie advies, en die ouderdom wat daaraan gekoppel word,

moontlik iets te make het met die feit dat ’n mens se ouers nie wil hê jy moet weer by hulle intrek op ’n stadium in hulle eie lewens wat hulle nie elke dag in jou bakkies wil vaskyk nie (en soveel te meer nie as jy werkloos is nie).

Die ander rede hoekom jy finansieel gemaklik moet wees teen 35, is omdat jy dit dalk oorweeg om ’n paar afstammelinge te produseer. Ons almal ken die assosiasies: meer monde om te voer, meer kruideniersware, nuwe skoene en klere, skoolgelde, groter huis, groter kar, duurder huispaaiemente, 35 op pad 60 toe. Ek kon sien waarheen hierdie argument beweeg. Die ideaal van ’n konvensionele middelklaslewe was nog nooit my hoofmotivering om op te staan in die oggende nie (of in die vroeë middag, soos deesdae die geval is). Maar om dit aan te voer as ’n rede om nie te doen nie wat mense al doen vanaf lank voor die mees antieke filosowe die eerste “Hoekom?”-teorie geformuleer het, is nie goed genoeg nie.

Hoekom blyk dit dat (amper) alle mense (amper) altyd neig na dieselfde ding, in goeie tye en slegte tye, of hulle mooi of lelik is, ryk of arm, geniaal of idioot? Die mens bereik ’n sekere ouderdom, hy of sy begin anders optree as voorheen, en as hulle weer hul oë oopmaak, eet hulle nie meer alleen ontbyt nie. Dieselfde neiging herhaal homself deur elke era van die wêreldgeskiedenis, deur elke generasie, oor alle grense heen – ongeag ras, godsdiens, ideologie, opvoeding, agtergrond, klas of status. Hoekom wil dit voorkom asof mense altyd na mekaar toe dryf – met elke nou en dan twee wat gelukkig die sononder binnestap? Hoekom wil dit verder blyk dat dit mense gelukkig maak deur sosiaal te verkeer met individue met wie hulle iets in gemeen het?

Dis eenvoudig, mag jy dalk antwoord: Mense het mekaar nodig. Soos diere het ons ’n behoefte aan die veiligheid en ondersteuning van ’n groep. Ons word ook gebore met die drang om voort te plant, daarom die intieme kontak tussen (gewoonlik) twee mense op ’n slag.

’n Verdere verduideliking vir hierdie neiging onder die mens kan gevind word in ’n oppervlakkige oorweging van die

teenoorgestelde van verhoudings en assimilasie, naamlik die verskynsel van eensaamheid – om alleen te wees wanneer jy nie noodwendig alleen wíl wees nie. ’n Karakter in ’n ander fliek het eenkeer genoem dat volgens Amerikaans-Indiaanse volkskunde, om die wêreld alleen te bewandel die ergste straf is wat ’n man opgelê kan word. Dit is ook toevallig die ergste (amptelike) straf wat ’n gevangene opgelê kan word in ’n tronk. “Gooi hom in die gat vir twee weke!” sal ’n tronkhoof soms gil in ’n fliek, en dan val die ander gevangenes se oë paniekerig vloer toe. Dis nie net die afwesigheid van sonlig wat die man tot op die rand van ’n senu-ineenstorting gaan dryf nie – mense het ander mense nodig. Wysheid uit Afrika komplementeer dié van die Inheemse Amerikaners met die konsep van “ubuntu” – ’n mens is ’n mens, deur ander mense.

Universele verskynsel, wysheid uit Afrika en Noord-Amerika, die tronkbaas in die fliek, en my ma, bevestig derhalwe almal dieselfde ding: Ek het ’n hond nodig. Is dit nie een van die hoofredes hoekom mense troeteldiere aanhou nie? Om hulleself te kompenseer vir die afwesigheid van menslike geselskap! Of as hulle dan gelukkig genoeg is om daagliks hulle lewe met ander te deel, om iets te hê om mee te gesels as die gewone geselskap nie in die bui is nie, of tydelik afwesig.

’n Troeteldier het egter meer waarde as net om iets te hê wat terugblaf as jy praat, en het ’n meer betekenisvolle uitwerking op die mens se psige as net ’n bietjie vermaak as hy vir jou toertjies doen. Om ’n troeteldier te hê, is om te ervaar hoe dit voel as ’n ander lewende wese jou nodig het – iets buite jou wat nodig het dat jý lewendig moet wees. Dit gee ons ’n gevoel van waarde. Dit laat ons voel asof daar ’n doel in ons lewe is, ’n rede vir ons bestaan. (Die idee dat jy aan die lewe moet bly om vir Bruno twee keer per dag ’n bak korrels te gee, word natuurlik in ’n nuwe perspektief geplaas die oomblik as jy daaraan dink dat hy heel moontlik straataf sal draf en elders anders korrels sal gaan soek as jy aanhou om filosofie met hom te praat.)

Ons het ander mense nodig – soos daar reeds uitgewys is, en selfs meer as wat ons troeteldiere nodig het – om vanselfsprekende redes: Ons het nodig om êrens te behoort, ons het kameraadskap nodig, en in die geval van gewoonlik intieme verhoudings, voel ons ook die behoefte aan om voort te plant. In ’n onlangse fliek oor ’n troue-sanger, kom die hoofkarakter by ’n punt waar hy vir sy vriend sê dat, van daardie oomblik af, beide van hulle “free and happy” gaan wees. Sy vriend maak sy glas whiskey toe in een sluk leeg en antwoord, “I’m not happy. I’m miserable.” Hy gaan toe voort om te verduidelik dat, ten spyte van sy reputasie as ’n enkellopende Romeo, hy net iemand soek om hom vas te hou, iemand wat hom kan vertroos met die woorde dat alles sal uitwerk. Gooi hierby die idee van die *ons* van ’n verhouding, en ’n mens raak toenemend oortuig van die feit dat jy êrens *behoort* as jy in ’n betekenisvolle verhouding is met ’n ander persoon. ’n Franse madame wat troos (en soms liefde) haar besigheid gemaak het in ’n ander fliek, som die redes vir die intieme verhouding tussen twee mense op as “romanse, kameraadskap en toewyding”. ’n Verhouding van hierdie aard het ook die addisionele bonus dat jy iemand het om mee te gesels as jou troeteldier elders anders besig is. En om ’n bietjie speserye by die brousel te gooi, het jy natuurlik iemand saam met wie jy die kuns van voortplanting kan verfyn.

Om belangrik te wees vir iemand anders, om iemand te hê in jou lewe wat jou as ’n onontbeerlike deel van sy of haar lewe beskou, gee betekenis aan jou bestaan. Dis ’n eenvoudige ooreenkoms, maar dit werk: Ek sal betekenis gee aan jou lewe, as jy betekenis gee aan myne.

Het ek die Een Vinger Ding opgelos? Is liefde, soos baie vermoed, die antwoord? Gee “romanse, kameraadskap en toewyding” betekenis aan ons lewens, en ’n rede om te leef? Dit mag sinies klink, maar ek is nie heeltemal tevrede nie.

Dit is waar dat ons liefde nodig het, en dat dit ons in staat stel om die Groot Vraag tot ’n bevredigende mate te beantwoord. Ek het egter tot die konklusie gekom dat ons ten

minste *twee* ander dinge nodig het om die legkaart te voltooi. Eerstens moet ons ’n manier vind om die voortdurende bevrediging van ons materiële behoeftes – insluitende voedsel op ’n daaglikse basis en beskerming van die elemente – te verseker (reeds aangeraak ’n paar paragrawe terug). In die taal van die moderne tyd beteken dit een ding: geld. Tensy ons een of ander lotery wen, impliseer dit verder dat ons nodig het om *werk te doen*, om hierdie geld te *verdien op ’n gereelde basis*. In die tweede plek – of naas liefde en geld, die derde stuk van die legkaart – het ons iets nodig wat ons *geniet* om te doen. Sommiges noem hierdie aktiwiteit ’n stokperdjie; ek verkies om dit Die Derde Ding te noem.

Laat my toe om kortliks die betekenisvolle impak te verduidelik wat Die Derde Ding het op die moontlikheid van geluk en vervulling in ons lewens. Hierdie ding – of dit nou ’n aktiwiteit, of die bemeestering van een of ander vermoë is, of doodgewoon net om dinge te versamel – is waarop vele van ons die meeste van ons tyd sóú spandeer as ons dit nie moes spandeer om ons maandelikse salaristjeks te verdien nie. Die redes hoekom ons hierdie Derde Dinge najaag, wissel van ontspanning tot die uitdaging wat dit ons bied tot die sin van eiewaarde wat dit tot gevolg het. Die onderliggende beginsel is egter dat ons dit geniet.

Party mense sal argumenteer dat hulle dit geniet om seëls te versamel, maar dat hulle dit nie noodwendig voltyds sal wil doen nie. Hulle sal verder argumenteer dat hulle geniet om te doen wat hulle gekies het om geld mee te verdien (as dit nie is om skaars seëls te versamel en dit teen ’n wins te verkoop nie). Hierdie argumente bevestig, tot ’n mate, die beginsel dat ons iets nodig het wat sommige ’n stokperdjie noem – wat saakmaak is dat dit iets is wat ons geniet.

Realistiese gesproke behoort die werk wat ons kies om ons spreekwoordelike brood en botter mee te verdien iets te wees waarin ons naastenby geïnteresseerd is, en wat ons tot ’n redelike graad geniet om te doen. ’n Professionele fotograaf is ’n goeie voorbeeld van iemand wat ’n inkomste bewerkstellig op ’n terrein waarin hy of sy werklik belangstel.

Dit mag dalk selfs die behoefte aan ’n Derde Ding verminder, want die wyse waarop hierdie fotograaf geld verdien, verskaf reeds die nodige vervulling van die derde deel van die formule. Indien jy egter nie so geseënd is met die vermoë om goeie beroepskeuses te maak nie, of vanweë ander redes nie jou besoldigde situasie geniet nie, het jy ’n aparte belangstelling of aktiwiteit nodig om die formule te laat werk.

Balans is ’n verdere faktor wat in berekening gehou moet word. ’n Lewensmaat vervul ’n hele reeks behoeftes, net soos jy (hopelik) dieselfde behoeftes vervul vir hom of haar. Almal weet egter dat liefde nie die huur betaal nie (as ’n karakter in ’n fliek dit nie al gesê het nie, is ek seker daarvan jou ma het dit al genoem). Jy of jou lewensmaat, of albei, het dus ’n inkomste nodig waarmee die huur of huispaaiement betaal kan word, kos en klere gekoop kan word, en soos meeste mense in die ontwikkelde wêreld al agtergekom het sedert die Industriële Rewolusie, om veel meer ander artikels aan te skaf as wat ’n mens werklik kan bekostig en/of nodig het. As die werk wat jy doen vir ’n inkomste jou ’n mate van genot en satisfaksie gee, het jy reeds begin om ook die behoefte te bevredig wat gewoonlik gedek word deur “dit wat mense in hulle vrye tyd doen vir plesier” (soos die woordeboek “stokperdjie” definieer).

Jy’t dus nou genoeg kos in jou maag om jou te hou vir ’n paar ure, en jou onvolmaakte naaktheid is beskerm teen die wind en weer. Jy’t ’n behoorlike dak oor jou kop, ’n relatiewe goeie begrip van die kosmos, romanse en intieme gemeenskap is daagliks deel van jou lewe, en jy sny die gras elke tweede Saterdag vir jou pret en plesier terwyl jy dink aan jou seëlversameling. Maar steeds voel jy ’n ongemaklikheid knaag aan jou binneste. En maak nie saak hoe hard jy probeer nie, jy kan nie die vraag onthou wat ons gekontempleer het toe hierdie hele bespreking begin het nie.

## (SOORT VAN) DEEL TWEE

Die soektog na antwoorde op die vrae wat die mens al jaag sedert die ontwaking van intellektuele nuuskierigheid produseer gewoonlik verskeie moontlikhede. Maar net wanneer jy optimisties begin raak oor jou filosofiese vermoëns, besef jy dat jy nooit daarin geslaag het om die vraag behoorlik te formuleer nie. Wat is dit wat ons wil weet? Wil ons weet hoekom ons gebore is? Wil ons weet of ons ’n spesiale doel het wat ons moet vervul? Wil ons oortuig wees daarvan dat ons lewens waarde en betekenis het? Wil ons weet wat ons moet doen om gelukkige en vervullende lewens te lei? *Hoekom* wil ons gelukkige en vervullende lewens lei?

Meeste van ons het sekere verwagtinge van onsself, van wat ons graag sal wil bereik. As deel van ons grootwordproses kyk ons na wat ander doen, en ons identifiseer – bewustelik of nie – sekere mense as voorbeelde. Ons dink aan hoe dit sal wees om dieselfde dinge te doen as wat hierdie mense doen, of gedoen het, en om soortgelyke resultate te bewerkstellig. Maar hoekom wil ons hierdie doelwitte nastreef? Hoekom wil ons ons verwagtinge realiseer? Hoekom het ons in die eerste plek verwagtinge van onsself?

Die Griekse filosoof Plato het beweer dat omdat ons vrees om te verdwyn in die nietigheid, ons onsterflikheid wil bewerkstellig. Ons kyk na die diereryk, en ons hoop dat ons lewens meer waarde het as dié van ’n rot of ’n kameelperd. Ons weet hoe delikaat ons lewens kan wees, maar ons is ook bewus van sekere unieke kwaliteite en vermoëns waaroor ander diere nie beskik nie.

Die oortuiging dat ons meer moet bereik in ons leeftyd as wat ’n wilde dier sal bereik in syne, blyk ’n natuurlike resultaat te wees van ons superieure intellektuele vermoëns. As ons nié meer behoort te doen met ons lewens as die gemiddelde dier nie, waarom beskik ons dan oor vermoëns wat soveel meer gevorderd is as ons primaatneefs en -niggies aan wie ons die naaste verwant is? Ons begin vrae te formuleer wat ons nader kan bring aan wat dit beteken om “mens” te

wees. Ons wonder oor die “betekenis van die lewe”, of daar ’n spesifieke rede is hoekom ons gebore is, of daar ’n doel is vir ons bestaan.

Ek vermoed dat hierdie vrae nie bloot verskillende weergawes is van dieselfde basiese soeke nie, en dat dit derhalwe nodig is om verskillende antwoorde aan elke vraag te gee. Ek wil verder voorstel dat ’n mens aanvanklik konsentreer op ’n enkele een, naamlik die vraag na wat jou gelukkig maak. (Vele sal protesteer dat persoonlike geluk tog so selfsugtig is, en moet ons dan nie streef na iets meer edel nie? Laasgenoemde is ’n onderwerp wat later aangeroer sal word; die leser sal ook vind dat ’n meer edel strewe nie teenstrydig is met die primêre emosie wat ons “geluk” noem nie. Die moontlikheid van geluk speel verder ’n sentrale rol in die oortuiging dat die lewe die moeite werd is, hoe mense ook al kies om te definieer wat hulle gelukkig maak – hetsy onophoudelike vermaak, of toewyding aan ’n goeie saak.)

Is daar ’n antwoord op wat ’n mens gelukkig maak waarmee meeste mense sal saamstem? Ek glo daar is.

Dis op oomblikke soos hierdie wat sommige lesers dalk ’n lewensveranderende openbaring verwag. Hulle sien moontlik in hulle geestesoë hoe ek my keel skoonmaak, die mikrofoon met geswete vingers vasklem, en begin praat, stadig, met elke woord fyn opgeweeg. Dan, na hulle my magiese uiteringe beluister het, mag hulle hulself dalk voorstel hoe hulle terugdeins, en dan met agting prewel: “Sjoe! Dis dan waarmee ’n mens vorendag kom as jy jare spandeer in eensame isolasie in ’n poging om ’n antwoord te vind! Ek is so verlig dat jy vir my hierdie wonderlike woorde gegee het! Dis nou duidelik dat ek dit self nooit sou kon uitwerk nie …”

Die waarheid is, gelukkig vir almal van ons, veel minder dramaties (al hét dit my jare van moontlik onnodige semi-eensame opsluiting geverg om uit te werk). Wat ’n mens nodig het, is die drie dinge wat reeds bespreek is. Vir dié wat nie mooi die patroon raakgesien het nie, hier’s dit weer: ’n mens het liefde nodig, en jy’t geld nodig, en dan het jy iets nodig wat jy geniet om te doen – op jou eie, sal dalk wys wees om

by te voeg. (Goeie gesondheid kan as ’n addisionele vereiste genoem word, nou dat ek daaraan dink). As hierdie elemente deel is van jou lewe tot ’n bevredigende mate, is jy ten minste op pad na ’n bestaanstoestand wat “persoonlike geluk” genoem kan word, en mag jy dalk net oortuig wees daarvan dat die lewe die pyn en teleurstelling werd is wat soms onvermydelike bestanddele is van ons bestaan.

’n Ekstra woord van advies sal hier nie onvanpas wees nie: Balans móét gehandhaaf word. As die balans versteur word, sal dit wees soos ’n towerformule wat nie werk nie omdat jy die woorde in die verkeerde volgorde geuiter het, of omdat jy iets uitgelaat het. As jy te veel tyd spandeer om geld te maak, en jy jou verhouding met die persoon (of persone) wat jy liefhet skade aandoen, sal dit die toorkrag verbreek. Aan die ander kant, as jy die heeldag die bed warm lê met jou lewensmaat, gaan dit nie werk as jy die bankbestuurder meedeel dat liefde belangriker is as geld as hy wil weet waar die maandelikse huispaaiement is nie. Die derde ding is ook essensieel om die eerste twee aan te vul, en die hele storie te balanseer. Verhoudings verloop nie altyd vlot nie, en soms maak iemand by die werk jou pogings om ’n inkomste te bewerkstellig nog meer sieldodend as wat jy verwag dit moet wees. Op sulke tye help dit om te dink daaraan dat jy ’n bietjie kan gaan visvang, of dat jy later weer jou kitaarsnare kan sit en pluk op die agterstoep.

Daar het jy dit dan, soos jy sekerlik nog altyd vermoed het: liefde, geld, en iets wat jy doen vir die suiwer genot daarvan. Dit hang van jouself af watter een die belangrikste is, of watter een die meeste van jou tyd verdien. Persoonlik dink ek ons kan almal doen met ’n kitaar, maar nie eers Jimi Hendrix kon oorleef sonder liefde of geld nie. En onthou, die *kennis* dat brood jou honger kan wegvat, is nie voldoende om jou maag op te vul nie. *Jy moet uitgaan en vind wat jy nodig het*, anders gaan jy opeindig as ’n eensame en honger dwaas, maak nie saak hoeveel jy weet of verstaan nie.

Dit bring ons dan by die einde van hierdie deel van die bespreking. Indien jy egter jouself bevind tussen ’n klein groepie mense wat nie tevrede is met genoeg geld, ware liefde en ’n behoorlike stokperdjie nie, nooi ek jou uit om voort te lees aan die derde en finale deel van hierdie stuk.

DERDE EN FINALE DEEL

“Like [the Scottish moral philosopher] Adam Smith and others, [the German intellectual] Von Humboldt felt that at the root of human nature is the need for free, creative work under one’s own control.” ~ Noam Chomsky, *Secrets, Lies And Democracy*

Ek verdien geld, om ’n paar van die basiese behoeftes wat ons bespreek het te vervul, deur Engelse lesse aan te bied vir Taiwannese kinders. My weeklikse werkskedule bestaan uit ’n lappieskombers van klasse by verskillende skole – ’n paar ure hier, ’n paar daar, en so aan. Om te kwalifiseer vir die dokumente om wettiglik in Taiwan te kan woon, hoef ek slegs elf ure per week klas te gee by die skool wat my werkspermitaansoek elke jaar borg (ek doen in werklikheid slegs agt ure per week by hierdie instelling). Elke uur wat ek in ’n klaskamer spandeer meer as die elf ure wat ek wettiglik per week moet klasgee, vermeerder my inkomste. Ek is egter altyd bewus van die feit dat ek nie *verplig* is om die ekstra ure in ’n klaskamer te spandeer nie. Om nie enige ekstra klasse te doen nie, sal natuurlik ’n negatiewe uitwerking hê op my kontantvloei, en daar is ’n grens wat liefs nie oorgesteek moet word nie.

Elke uur wat ek nié in ’n klaskamer staan om my inkomste te vermeerder nie, is ’n ekstra uur wat ek kan spandeer aan dinge waarin ek belangstel. Gedurende die laaste paar maande was ek druk besig om my klasgee-skedule te herrangskik en te heroorweeg. Die hoofmotivering was om myself meer tyd te gee vir wat Chomsky noem, “free and creative work under one’s own control”.

Ek het ook ’n eenvoudige teorie geformuleer wat verduidelik dat mense slegs volhoubare geluk en vervulling kan ervaar as hulle *skeppers* is. (Die verbruikerskultuur word, volgens hierdie teorie, beskou as die laagste vorm van kreatiwiteit. Dit werk soos volg: mense het nodig om te skep, maar in stede daarvan om op ’n behoorlike wyse kreatief te wees, gaan hulle winkels toe, maak keuses, en koop dan klere, juweliersware en ander artikels waarmee hulle uitdrukking kan gee aan hulle kreatiewe natuur. Sodoende bevredig hulle hul behoefte aan kreatiwiteit tot ’n mate, hoewel dit in ’n laer graad van kreatiewe proses is as om byvoorbeeld te skilder of musiek te komponeer.)

Voordat ’n mens egter by die Kreatiewe Fase van jou lewe arriveer, moet jy eers die mees basiese uitdaging die hoof bied, naamlik die stryd om elementêre oorlewing. Vir baie mense op hierdie planeet is elementêre oorlewing ’n daaglikse gesukkel. Hulle neem niks as vanselfsprekend nie – nie kos of water, skuiling, of enige iets anders wat baie mense in die middel en hoër strata van die moderne samelewing ag as net nog ’n item op die maandelikse begroting nie. Hulle daaglikse lewens bestaan uit ’n worstelstryd om oorlewing. (Tog kan nie eens hierdie mense die basiese behoefte om te skep ignoreer nie. Hulle skryf of skets teen mure, of hulle kerf beelde verteenwoordigend van hulle lewens uit hout, of klip.)

In veral die middel en hoër strata van die moderne geïndustrialiseerde wêreld slaag meeste mense egter redelik goed daarin om die basiese stryd om oorlewing die hoof te bied. Hulle woon in huise of woonstelle met lopende water en elektriese krag, en hulle het stapels kosvoorraad in yskaste en kombuiskaste (en soms gerieflik na aan die TV). Talle het toegang tot geld in ’n bankrekening, of het kredietkaarte waarmee hulle na nabygeleë plekke kan gaan om die kos te kan *koop* wat hulle nodig het om aan die lewe te bly. Hulle het ook toegang tot mense wat spesiaal opgelei is om hulle te versorg wanneer hulle siek of beseerd is. ’n Kru, daaglikse stryd om fisiese oorlewing is nie meer deel van die moderne samelewing nie (vir die meeste van die burgers van die

moderne samelewing, in elk geval). Om ekonomies aktief te wees, as beide arbeiders en as *verbruikers*, het die basiese stryd vervang wat ons voorouers se lot was in meer primitiewe tye.

Toe die antieke Grieke en Romeine die betekenis van die lewe, idees oor Goed en Sleg, en die noodsaaklikheid van geluk gekontempleer het, het hulle samelewings ook reeds verby die primitiewe stryd om fisiese oorlewing gevorder. Hulle kon inderdaad die luuksheid van filosofie bekostig. As Sokrates of Plato elke dag ’n spies moes gryp om ’n wilde vark te gaan jag in die bosse, om hulleself en hulle families aan die lewe te hou, sou hulle nie tyd gehad het om in mooi geboue rond te sit en die fyner punte van menslike bestaan te bespreek nie. Dieselfde kan gesê word van Michelangelo of Leonardo da Vinci, en die tyd en omgewings waarin hulle geleef en gewerk het. As hulle elke dag moes jag, of voedsel in die woud moes versamel, of klein lappies grond moes bewerk sodat hulle en hulle meesters graan kon hê vir brood, sou hulle definitief nie nog tyd gehad het om katedrale te beverf, of portrette te skilder van ryk handelaars se vrouens nie.

Sekerlik kan dit gesê word dat Sokrates & kie nie net filosofiese vraagstukke gekontempleer het tot diep in die agtermiddag omdat hulle gehou het van hulle eie stemme nie, maar omdat hulle *nodig* gehad het om sekere vrae te vra; dat die kreatiewe, intelligente proses van antwoorde bedink aan hulle ’n mate van bevrediging besorg het, kan ook nie betwyfel word nie. Selfde met Da Vinci en sy kollegas in die wêreld van die skeppende kunste; hulle het heel waarskynlik nie net geskilder omdat hulle gehou het van verfspatsels op hulle gesigte, of omdat hulle gereken het kuns is ’n orraait manier om ’n paar silwerstukke te verdien nie – hulle skeppende werk was ook, so glo ek, gedryf deur ’n inherente begeerte om te skep.

’n Denker van Sokrates se kaliber word nie sommer raakgeloop in enige moderne universiteit of akademiese

instelling nie, en min skilders is in die klas van Da Vinci. Omdat ons almal dieselfde basiese "ontwerp" deel, glo ek egter dat die behoeftes waaraan antieke filosowe en die meesters van die Renaissance uitdrukking gegee het in hulle onderskeie werke, dieselfde behoeftes is wat ook ons in die 21e eeu dryf tot skeppende ondernemings (al ervaar ons behoeftes op verskillende maniere, en in verskillende grade van intensiteit).

Ervaar ons dus almal die behoefte om kuns, of musiek, of filosofiese werke te skep, of te produseer? Nee. Dit is waar dat baie van ons onsself gelukkig ag om net elke dag werk toe te kan gaan, by die huis te kom in die aande, aandete te geniet, en óf op die hond óf op die TV te gil (afhangende van watter een ons eerste irriteer). Min van ons is egter tevrede met 'n lewe wat *beperk* is tot hierdie dinge. Ons rangskik die dekor van ons woonplekke, plant die tuin vol blomme, koop mooi goed vir die huis, en maak kinders groot. In baie gevalle is ons nie eens bewus daarvan dat hierdie dinge fundamenteel *kreatief* is nie. Ons sien dit byvoorbeeld as 'n natuurlike resultaat van die huwelik om kinders te verwek, en tog is die proses van kinders grootmaak een van die mees kreatiewe van alle skeppende prosesse – om betrokke te wees in die skepping van 'n nuwe mens.

Dit is reeds genoem dat Stryd om Oorlewing nie dieselfde is as 'n paar eeue of millennia gelede nie. Die gedagte dat stryd, *per se*, deel is van die verre verlede, is egter baie ver van die waarheid af. Hoewel ons nie meer nodig het om leeus of bere uit hulle grotte te stoei nie, stry ons steeds voort op ander maniere. En in sommige gevalle is dit nie veel minder angswekkend as om weg te hardloop van 'n gewonde blouwildebees nie.

Ons stryd vandag, tot 'n groot mate, is egter nie meer *fisiek* nie. Die interessante ding is dat ons steeds somtyds fisieke krag meer bewonder as intellektuele krag, en waagmoed in 'n situasie wat 'n fisieke bedreiging is meer as manjifieke talent op die gebied van kuns. Vele respekteer steeds die vermoëns

wat hulle aan die lewe sou gehou het 5000 jaar gelede, ongeag die gebrek aan geleentheid vir toepassing daarvan op hulle werklike daaglikse lewens in ’n veel meer gesofistikeerde wêreld.

Ons word gebore met die instink om te veg, en om die oorhand te kry oor dit wat ons bestaan bedreig. Maar wat gebeur met hierdie instinkte wanneer ons wêreld veilig genoeg raak, en ons nie meer ons vermoëns om fisiek te veg kan slyp op die reuse tande van ’n mammoetbul nie?

Die lewensenergie en die instinkte waarmee ons gebore word, is dieselfde as die lewensenergie en instinkte waarmee ons oervoorouers gebore was. Laasgenoemde het geleef in baie primitiewer, en baie gevaarliker omgewings. Vandag stry en baklei ons onder mekaar, en net soms is hierdie argumente dit werd om onthou te word. Ons kla, en ons kerm, en ons kritiseer elke persoon en elke ding wat ons sensitiewe karakter net effens irriteer …

--------------------

[En dis so ver as wat ek gekom het met hierdie ambisieuse stuk.

My vraag aan die einde was dit: Wat maak ons met ons vegtersinstink in ’n wêreld wat op soveel wyses verskil van die primitiewer wêreld van ons voorouers? Sommige mense soek – bewustelik en berekend, of sonder om daaraan te dink – na geleenthede om steeds hierdie instink te benut. Voorbeelde wissel van professionele atlete (boksers sou die beste voorbeeld wees), tot soldate, jong gangsters wat tyd spandeer in omgewings waar hulle weet konflik ’n belowende moontlikheid is, tot mense wat alewig rede soek vir ’n argument.

Is daar ’n alternatief? Die idee wat ek met groot entoesiasme aan die einde wou voorstel (voor my aandag afgetrek was), is dat ons die vegtersinstink waarmee ons gebore word, moet gebruik as *kreatiewe* energie as ons dit nie meer hoef te gebruik, op ’n daaglikse basis, vir fisieke stryd

ter wille van basiese oorlewing nie; anders mors ons dit op simpel argumente, nuttelose gekerm, en allerhande up-to-no-good ondernemings. Sekerlik is daar ook steeds areas waar hierdie instink in sy meer primêre vorm aangewend kan word tot 'n goeie doel – voorbeelde sluit in brandweer-, noodhulp-, en polisiedienste.

Het ek die oorspronklike vraag na die doel van my lewe opgelos? Nog nie. Het ek meer duidelikheid gekry oor wat ek wil doen met my lewe, of wat betekenis aan my bestaan sal gee? Het ek uitgewerk wat die *rede* is vir my bestaan? Het ek geslaag daarin om te verklaar wat 'n mens gelukkig maak? Wel, 'n paar vrae is geformuleer, en 'n paar moontlike antwoorde getoets. Die proses gaan voort.]

* * * * * * * * * * * * * * *

“Work, marriage? Hmm … one needs money, true. One needs companionship, and children sometimes compensate people for not having anything else to give meaning to their lives. All these things have been time-tested, and seem to be universal truths.

Nevertheless, there is more than one way to satisfy the need for money other than a life-sucking job; more than one way to satisfy the need for companionship other than marriage; and more than one way to satisfy the need to experience meaning in your life other than having children.

Take me for example, I’m trying to make it as a Sermoner, and although it doesn’t pay the rent, I do get a kick out of preaching to other people. As for companionship and children, well … it’s not a perfect world. McDonald’s sell a decent breakfast, though. Have you tried that?”

~ Uit ’n e-pos aan ’n vriendin (9 Maart 2001)

* * * * * * * * * * * * * * *

# Net nog ’n stuk

[Donderdag tot Sondag, einde November 2003]

Hierdie jaar het ’n paar goeie dinge opgelewer. Ek het onder andere besef nie een van my planne gaan ooit uitwerk nie en dat ek heel waarskynlik vasgevang gaan wees in ’n “Ballingskap”-essay vir die res van my lewe. Ek het ook baie dinge wys geraak oor die lewe, en baie stukke geskryf daaroor. Die verwikkeling wat egter aanleiding gegee het tot hierdie spesifieke skrywe, is dat ek weer tennis begin speel het. Hierdie heerlike gryp terug na die dae van my jeug was te danke aan my vriend O. – altyd opsoek na iemand om saam met hom een of ander sportiewe aksie te onderneem.

So gebeur dit toe dat ek en my aktiewe vriend Donderdagmiddag ou tennisballe rondjaag. Ek neem toe so in die middel van ’n dubbelfout notisie van die spelers op die baan oorkant ons. Enige iemand wat al ooit tennis gespeel het enige plek in die wêreld sou die skouspel herken het – ’n afrigter, en ’n tienerseun wat die een perfekte voorarm na die ander oor die net stuur.

Die voorarm-aksie was egter nie wat my die meeste beïndruk het nie. Die jong speler was geklee in die mees perfekte oefendrag wat mens uit enige tennistydskrif kon begeer. Duur tennisskoene. Duur, behoorlike tennissokkies. ’n Broek wat hom pas, en ’n duur, hoë kwaliteit T-hemp met een of ander logo op. Die jong tennisspeler het goed gelyk. Hy sou enige tienermeisie in die omgewing se aandag kon trek soveel vir sy indrukwekkende voorarm-aksie as vir die feit dat hy ’n toonbeeld was van sukses: aantreklike bou, atletiese vermoëns, en natuurlik finansieel suksesvolle ouers – wie anders kan so ’n perfekte tennis uitrusting en ander toebehore bekostig?

Hierdie jong man het gelyk soos wat ek wou verskyn aan die wêreld, 10, 15 jaar gelede op die bane van tennisklubs in Stellenbosch en in voorstedelike Pretoria. Toe het dit saak

gemaak, want mens vergelyk jouself tog graag op so ’n jong ouderdom met ander in die omgewing wat meeding vir dieselfde plekke in die son. En as mens jouself opgeweeg en ’n bietjie lig in die broek bevind het, het jy gewoonlik jou vrot tennisballe in jou plastieksak geneuk, jou raket se snare reguit gedruk, en gemaak dat jy by die huis kom.

Daar staan ek egter toe, tien jaar later, op baan nommer vier van die Yang Ming Tennisklub in Kaohsiung. Ek het ’n broek aan wat twee nommers te groot is vir my, ’n wit T-hemp met ’n draakmotief in swart, en aan my voete ’n paar ou skoolsokkies en ’n paar draftekkies met deurgetrapte sole. Soos ek toe nog ’n bal in die net moker, dink ek hoe lekker dit is dat dit nie meer saak maak dat ek lyk soos ek lyk nie, terwyl die ou op die ander baan lyk soos ’n jong Pete Sampras.

Hoekom maak dit nie meer saak nie? Omdat ek nou iets het wat ek destyds gedink het die beste tennis uitrusting vir my sou gee: Ek voel goed oor myself. Hoekom? Omdat ek gevind het wat ek graag wil doen; iets waarin ek reken ek ten minste nie vrotter is as met tennis nie. Ek is ’n skrywer, wat so een keer per week saam met ’n vriend tennisballe rondjaag. Ek is nie ’n tennisspeler wat op dertig wens ek het eerder weggegaan na ’n vreemde land toe om opstelle te skryf oor die betekenis van die lewe nie. Ek voel goed oor myself, en ek het nie meer duur tennisskoene en ’n professionele afrigter nodig om my dit te gee nie.

En dis waar hierdie stuk sou geëindig het as ek my sin kon kry. Maar net toe ek die bal met ’n pragtige rughand uiteindelik langs die regte lyn afstuur, kom die interne argument:

“So jy voel goed oor jouself omdat jy kastig ’n skrywer is?”

“Wel, ja. Ek skryf, en ek weet ek skryf nie kortverhale of goed vir *De Kat* of die *Sarie* nie, maar ek skryf.”

“Is dit belangrik dat jy actually góéd moet kan skryf om goed te kan voel oor jouself?”

“Ek neem aan vir die formule om te werk moet ’n mens seker nie te sleg wees nie. Jy moet eerlik wees. En jou identiteit moet gewortel wees in geloofwaardige eksterne realiteit. So … ja. Ek dink as jy jouself ’n skrywer noem, moet jou materiaal seker orraait wees.”

“En jou materiaal is orraait?”

“Ek is nie die beste skrywer van my geslag nie. Ek is nie eens regtig oorspronklik nie. Ek sê nie noodwendig wat ander nie sê nie. Maar ek sê wat ék wil sê, op die manier wat ek dit wil sê. En as ek my gat moet sien as ’n skrywer … wel, dan moet dit nog gebeur.”

“So jy sou saamstem dat die feit dat jy nou se dae goed voel oor jouself moontlik gebaseer is op jou eie wanopvattings en illusies?”

“Dis moontlik. Maar die lewe is ’n stryd, en ek staan nog. So ek kan nie té sleg doen nie.”

Ek en my vriend O. het klaargemaak met ons twee stelle tennis. Ons het die paar korrels sout van ons voorkoppe afgevee, ons koeldrank gedrink, en weggestap. Op pad na ons vervoermiddels deel ek met hom my gedagte van hoe ’n sekere klas tennisspeler altyd dieselfde lyk, ongeag of jy nou in Taiwan of in Suid-Afrika is.

Ons lag toe lekker oor rykmanskinders, solo tennis met houtspane en haarlose tennisballe, en hoe ’n mens die gevoelens van onvergenoegdheid oor jouself afskud na jare se marteling van om jouself te vergelyk met mense wat soveel beter in die son lyk as jy.

Ek sê toe dat dit soms wil voorkom asof ’n mens jare spandeer om jou eie wêreld so te konstrueer dat jy aan die einde goed kan voel oor jouself, om nie meer sleg te voel oor die dinge wat jy nie in jou jeug beter kon gehad het nie. En, soos O. toe byvoeg, om te kan lag oor die dinge wat ons so in verleentheid gelaat het.

Maar ek is nooit tevrede met ’n onafgehandelde argument nie, en ek weet die standaard vir ’n “goeie punt” is hoog. Ek kan

immers nog wegkom met ’n debatteerbare punt as my opponent van vlees en bloed is, maar my woordewisselings deesdae is hoofsaaklik met die Interne Man van Staal. Hy duld nie half geweefde argumente nie, en hy rus nie voor ’n punt opgelos is nie.

“Wat beteken dit om goed te voel oor jouself?” maak die Man weer sy verskyning soos ek wegry huis toe. (“Ag tog!” wou ek oombliklik uitskree.)

“Dit kom onder andere daarop neer dat jy deur ’n proses gaan waardeur jy uitsorteer wat nie vir jou belangrik is nie,” beantwoord ek toe my eie vraag. “Of jy gaan deur ’n proses waardeur jy tot die insig kom dat sommige dinge nie so belangrik is as wat jy op ’n stadium van jou lewe gedink het dit is nie. Jy distansieer jouself uiteindelik van dinge wat nie meer soveel saak maak nie, en die eindresultaat is dat jy beter voel oor jouself.”

“Jy bedoel dinge soos duur tennisskoene en foutlose voorarmhoue na jou professionele afrigter toe?”

“Ja, om een voorbeeld te noem. Die proses behels verder dat jy die dinge identifiseer waarin jy werklik belangstel, wat werklik vir jou belangrik is … jou talente, jou sterk punte; dinge wat jy kan gebruik om ’n sukses van jouself te maak. Die idee is, jy gaan deur hierdie proses, en jy kom aan die ander kant uit met ’n beter idee van wie jy is, en wat jy moet doen om gelukkig te wees. Om dan …”

“… goed te voel oor jouself.”

“Ja.”

“Maar wat maak dit saak as jy goed voel oor jouself?”

Geagte leser, jy mag dalk dink hierdie materiaal is vervelig. Jy mag dalk dink ek hamer voortdurend voort op dieselfde punte. Jy mag dalk dink ek hou hierdie projek kunsmatig aan die gang omdat ek te lafhartig is om ’n meer genadelose wêreld te konfronteer in my eie land. Jy mag selfs lus voel om hierdie leesstof neer te sit en eerder TV te kyk, of dalk self ’n bal haarloos te gaan slaan teen ’n baksteenmuur.

Ek vra egter beleefd een guns voor jy dit doen: Stel jouself voor hoe dit moet voel om ek te wees.

Ek kan niks net as vanselfsprekend aanvaar nie. Ek moet álles bevraagteken, en ten minste probeer om alles te verstaan. En nie eens net om by die huis agter my rekenaar te kan inskuif en 'n opstel te skryf daaroor nie. Ek moet verstaan sodat ek kan funksioneer – in hierdie wêreld, in hierdie spesifieke periode van die mens se bestaansgeskiedenis, op hierdie planeet!

Teen hierdie tyd het ek inderdaad voldoende begrip ontwikkel van die tyd en wêreld waarin ek leef. (Hoe anders? Ons almal weet wat gebeur met mense wat nie behoorlik kan funksioneer in 'n Beleefde Beskawing nie.) Ek sal selfs so verwaand wees deesdae om oor 'n koppie tee te vertel dat ek weet wat die "betekenis van die lewe" is, selfs dat ek *verdien* om te weet, of teen hierdie tyd al genoeg jare gespandeer op die vraag om ten minste 'n goeie idee te hê. Ander mense van my ouderdom het al huise en karre en kredietkaarte en kinders. Ek moet immers *iets* hê om by 'n sosiale geleentheid te kan sê! ("Hallo, ek is Brand. Ek't nie 'n huis, 'n kar, 'n kredietkaart of 'n kind nie, maar ek weet wat die 'betekenis van die lewe' is …")

Dis natuurlik altyd moontlik dat almal weet wat die "betekenis van die lewe" is, dat ek net ver agter die tyd is, soos om laat by 'n partytjie aan te kom en die verkeer te blameer. En eers as vriende en familie vir mekaar kyk dan weet ek almal moes deur dieselfde verkeer kom om betyds te wees. Dit was net ék wat by elke hoek eers wou uitklim om 'n smoke break te vat, om eers 'n bietjie rond te kyk en "alles in te neem". En net miskien was die sogenaamde betekenis van die lewe nooit so 'n groot geheim van die begin af nie.

Nietemin, hoekom op aarde vra ek hierdie vrae? En ek weet ek is nie die enigste een nie! Dit voel soms asof ek alleen is op hierdie soektog as ek nag na nag by die kombuisvenster uitstaar, maar ek weet almal wonder maar oor hierdie dinge – of dalk hoop ek net so.

Het mense nog altyd hierdie vrae gevra? En ek praat nie nou van Griekse leermeesters en Romeinse skrywers en Confucius en die Boeddha nie. Ek praat van die kleinboere en herbergiers en markvroue en diensmeisies en matrose en soldate van ’n paar eeue gelede. Het hulle die antwoorde geken op belangrike lewensvrae? Het hulle daaroor gewonder? Wat van mynwerkers vandag, en moeders met krullers in hulle hare en ’n baba op die heup, en straatveërs, onderwyseresse, ambagsmanne, advokate en ingenieurs, en professionele tennisspelers en hul afrigters.

Wanneer ernstige vrae ons uitdaag, hoeveel van ons is gereed om ’n antwoord te resiteer waarin ons werklik glo?

# [DIE GROOT ONGETITELD]

Dinsdag 24 Februarie 2004

16:50

Ons almal word gebore in ’n bepaalde era, in ’n samelewing wat volgens bepaalde reëls regeer word, in ’n kultuur met bepaalde waardes, konvensies, en idees van wat ’n goeie lewe is. Dit is altyd ’n ope vraag hoe elke individu gaan reageer op die wêreld waarin hy of sy gebore is en grootgeword het. Gaan hy die reëls aanvaar en meeste van die tyd daarvolgens speel? Gaan sy sommige reëls aanvaar en ander verwerp? Gaan hy soveel van die reëls verwerp dat hy in sy kort, ellendige bestaan konstant in konflik gaan wees met alles en almal om hom? Gaan hy of sy oorgelewerde waardes en konvensies, en idees oor wat ’n goeie lewe is, grootliks aanvaar en ’n eie lewe daarvolgens bou? Indien nie, wat is die alternatiewe?

Ekself hang tussen die boom en die gras. Ek wil nie ’n “goeie job” – ’n vaste betrekking – hê nie. Ek weet ek moet geld maak, maar ek glo daar is talle maniere om dit te doen. Ek heg ook waarde aan die edel ambisie van ’n lewe toegewy aan studie, liefdadigheid en kreatiewe werke. Aan die ander kant hoop ek dat ek kan opeindig in ’n drie slaapkamer huis in ’n rustige voorstad of ’n groterige dorp, met ’n kleinerige tuin, ’n kar, en miskien ’n hond of twee. Ek hoop ook dat ek ’n vrou sal vind wat my sal bemin en my sal aanvaar soos ek is, vir wie ék kan lief wees, en saam met wie ek miskien twee of drie kinders kan produseer en grootmaak.

Soms dink ek my weergawe van ’n goeie lewe is te idealisties. Dit is nie.

Soms reken ek ook dat veral die “middelklas” deel van die storie moontlik nie vir my beskore is nie. Maar dalk is so ’n gedagtetrant net die gevolg van ’n paar persoonlike ervarings, en ’n vermoede dat ook dít my nie gelukkig sal maak nie.

Wat is die alternatief vir my weergawe van ’n goeie lewe?

Die alternatief is ’n mik-en-druk, ’n notaboek, ’n paar penne, en ’n liniaal (iets moet netjies gedoen word); geen besittings nie, geen huis nie, en geen intieme verhoudings nie. Ek sal reis van plek tot plek – in my eie land, want om oorsee te gaan kos geld, en jy’t ’n paspoort en visums nodig. Ek sal hier tyd spandeer, daar oornag, en uiteindelik my veertigste verjaarsdag vier op ’n bus of ’n trein êrens heen.

Geen plek nie, toegewyd aan niks en niemand behalwe ’n swerwersbestaan.

17:32

Sal ’n swerwersbestaan my gelukkig maak?

Nie volgens my eie oortuigings nie.

Ek streef nou al vir jare na die mees volmaakte lewe wat ek kan vind ten einde myself daaraan te kan toewy. (’n “Ronin”, terloops, is ’n “masterless samurai, one who’s master had died”. Was ek die afgelope meer as tien jaar ’n swerwende ronin, opsoek na ’n nuwe meester om te dien?) Hoe sou ’n volmaakte lewe lyk? Ek het al ’n bietjie tyd afgeknyp in die gejaag na daaglikse oorlewing om hierdie aangeleentheid te bepeins, en sover het ek vorendag gekom met drie moontlikhede (reeds genoem): toewyding aan ander – familie, liefdadigheid; die vryheid om vrye kreatiewe uitdrukking na te jaag; en die tyd, geleentheid en hulpbronne om jouself te kan toewy aan ’n lewe van studie.

Gedurende die afgelope vyftien jaar het ek myself tot ’n groot mate toegewy aan laasgenoemde twee. My familie was nog altyd belangrik vir my, maar liefdadigheid is ’n saak wat ek tot dusver sover as moontlik ontwyk het. Hoekom? Ek weet nie. Maar ek glo wel dat ’n lewe van vrywillige, onbaatsugtige diens aan ander een van die edelste maniere is om jou bestaan te spandeer, en dat om jou eie lewe te verloor ter wille daarvan dat ander kan leef, die hoogste uitdrukking van hierdie toewyding is.

Dit laat my met ’n vraag: Die lewe wat ek nou al vir jare probeer vermy, naamlik dié van die “gewone ou” wat trou,

kinders kry en elke dag werk toe gaan, is dit nie aan die einde ’n pragtige manifestasie van toewyding aan ander nie?

Miskien geniet die man (of vrou) die werk wat hy (of sy) doen, miskien nie. Maar hulle weet plesier in die werksplek is nie wat werklik saak maak nie; vir die werkende, getroude man of vrou is dit aan die einde van die dag hulle huwelik en kinders. Hulle is dus bereid om soms groter ambisies op te offer ter wille van toewyding aan dit wat “werklik” saak maak – naamlik hulle verhoudings met mekaar, en met hulle kinders.

Hierdie is natuurlik ’n oorvereenvoudigde prentjie. In werklikheid is daar ambisie wat getroude mans en vrouens verhoed om tyd saam met hulle gesinne te spandeer; daar’s buite-egtelike verhoudings en egskeidings; mans en vrouens wat ’n konvensionele gesinslewe agterlaat na ’n paar jare om ander dinge na te jaag – of dieselfde dinge, maar saam met iemand anders.

Kom ons keer vir die oomblik terug na ’n meer ongekompliseerde beeld van toewyding aan huweliksmaat-en-kinders, en inkomste-genererende aktiwiteite wat ten minste tot ’n mate geniet word. In beginsel blyk dit goed te wees, reg? Die beginsel is dan dat die volwasse man of vrou se lewe aan die einde van die dag toegewy word aan die *volgende* geslag – hulle seuns en/of dogters.

Moet dit so aanvaar en die saak hier gelaat word?

Dalk moet ’n addisionele vraag gevra word: Wátse tipe lewe word moontlik gemaak deur toewyding aan die volgende geslag?

Ek wil dit waag om te sê meeste volwasse mans en vrouens knyp nie genoeg tyd af in hulle daaglikse lewens om hierdie aangeleentheid te bepeins nie. En selfs as hulle dit doen, met watse antwoorde kom hulle vorendag? Word die een geslag se lewens na die ander opgeoffer vir ’n lewe wat almal uitstel vir ’n volgende geslag om te definieer? Hou te veel mense verbete vas aan die ou leuses, “Ons doen maar net die beste wat ons kan” en “Alles sal uitwerk soos dit moet”?

22:47

Of weet niemand van beter nie, so almal kyk maar om hulle rond en doen soos meeste ander van hulle tyd en kultuur? Is dit goed genoeg om te sê, “Ek het nie tyd om te dink aan sulke dinge nie, want ek is te besig by die werk (of by die huis) om alles aan die gang en kop bo water te hou”?

Meeste volwasse mans en vrouens wat trou en kinders kry wy hulle lewens daaraan toe sodat hulle seuns en dogters ’n vae “beter” lewe kan lei; of indien dan nie beter nie, sodat hulle ten minste self as volwassenes kop bo water kan hou, en miskien van tyd tot tyd gelukkig kan wees.

Is dit voldoende? Vir baie mense van my tyd en kultuur is dit.

Kan dit genoeg wees vir my?

Ek het nog nooit in my murg ervaar hoe dit voel om toegewyd te wees aan ’n volgende geslag van my eie bloed nie. Kan ek derhalwe regtig die vraag beantwoord? Watse waarde sal my antwoord in elk geval hê? Na vyf jaar van so ’n lewe vra ek myself dalk een Saterdagoggend of dit alles “die moeite werd” is? Moontlik gee ek ’n positiewe antwoord. As dinge so eenvoudig kan wees, sal dit die saak beslis vir die oomblik. Vra ek myself tien, of twintig jaar later weer die vraag, en ek antwoord weer dieselfde, wel … dan móét dit seker die “moeite” werd wees. Gestel ek gee dié keer ’n negatiewe antwoord, hoeveel gewig sal hierdie antwoord dra? Moontlik kon iets gebeur het wat my geloof ’n knou toegedien het, en my bitter gemaak het teenoor my vroeër oortuiging. Selfs in hierdie geval sal die antwoord slegs vir myself geldig wees.

Ek gooi ’n klomp bestanddele in die pot, maar iets smaak nog steeds nie reg nie. Die pruttende dis is eetbaar, maar ’n essensiële bestanddeel is nog afwesig. Ék skryf hierdie woorde. Ék dink hierdie gedagtes. Ék vra hierdie vrae. Ék, nie die muskiet wat my ’n minuut gelede gebyt het nie, nie die hond wat ’n uur gelede my fiets se agterwiel wou verskeur nie.

Hoekom dink ék oor hierdie dinge, en skryf ék hierdie woorde neer? Omdat daar iets is wat nie in plek is nie; omdat daar 'n antwoord is wat my bly ontwyk.

* * *

Sê die man op die fiets op pad terug van die Carrefour (Woensdag 25 Februarie, middag): “Write up what you can, and leave. To think that you too could lead a normal, happy life is ridiculous. Serve your purpose, and leave the show with your dignity in tact. To try and gain more out of life, is to lose your life.”

Hoekom voel dit so reg?

Slim gespreksgenote sou dalk vra: “Hoe kan jy so seker wees wat jou doel is? Miskien word dit eers oor tien jaar aan jou geopenbaar! En wat bedoel jy met ‘leave the show’?”

Ek dink soms aan opgee. Ek reken ek sal die stof byt binne 'n jaar, en siende dat dit so sal gebeur, kan dit net sowel in my eie land wees. Beskikbare fondse, en liefdadigheid van familie en vriende (voor hulle geduld opraak) sal my aan die gang hou vir 'n paar maande. Daarna sal dit parke en strate wees tot die einde toe. Notaboeke en uitgedrukte materiaal sal gelaat word by 'n betroubare vriend.

Dit tref my altyd tussen die ribbes as ek dink daaraan. Dit ís my voorland as ek ophou probeer. Die feit dat ek nie gisteraand op 'n leë maag in 'n park aan die slaap geraak het nie, is te danke daaraan dat ek nie, sê nege maande gelede, opgehou het om te probeer nie.

Nietemin, hoe doen mens dit, in praktiese terme? Hoe gee mens op?

Jy hou op was. Jy hou op skeer. Jy hou op werk. Jy strek jou fondse uit tot op die laaste sent, en dan gaan staan jy bakhand voor vriende en familie tot ook húlle die deur beleefd in jou vuil, bebaarde gesig toedruk. Daarna is jy oorgelaat aan die elemente, kriminele karakters, siektes, en 'n vinnig verslegtende fisieke toestand. Jy behoort die vertoning te kan

verlaat binne moontlik nie veel meer as twaalf tot agtien maande nie – tensy jy natuurlik moed verloor met die opgee-storie, of weer moed kry vir die lewe.

(Nuwe notaboek)

Ons staan elke oggend op, gaan deur die gewone roetine, en as ons gelukkig is maak ons dit terug by die huis aan die einde van die dag. Slaap tot slaap. Meeste van ons weet nie werklik hoekom nie. Ons klou vas aan vae idees oor ’n “goeie lewe”, “gelukkig wees” en “vertrou en glo”.

Ek doen dit ook: Staan elke oggend op, sit water op die gasstofie, spoel my twee asbakkies uit, gooi ’n teelepel kitskoffie in my geel beker, meng my vier ontbytpappe … en die volgende oggend doen ek presies dieselfde.

Miskien is dit nie so maklik om op te gee nie. Miskien verhoed die waardestelsel waarmee ons grootgeword het ons om daadwerklik stappe te doen om op te gee. Daar’s dalk geluide uit ons onderbewussyn wat ons ontmoedig; of dalk aanmoedig om voort te gaan met ons bestaan. Daar is wel selfmoord … maar dit is onmiddellik, met geen kans op rehabilitasie nie – soos in die geval van iemand wat op ’n tyd opgegee het, en na maande (of jare) weer ’n aktiewe poging aanwend om te bly lewe.

Die Duitse filosoof Arthur Schopenhauer het gesê, “Death is the true result and to that extent the purpose of life.” George Orwell het gesê, “Keep the aspidistra flying.”

Ek glo albei is reg. Tussen hierdie twee stellings lê die menslike bestaan opgesluit. Die waarheid is dat ieder en elk van ons se lewens sal eindig in fisiese dood, en dit kan enige dag gebeur. Tot dan moet jy elke dag opstaan, jou gesig was, miskien skeer, water kook, ontbyt maak, en hoop op ’n goeie nagrus aan die einde van nog ’n lang dag. As jy slim is, tref jy dalk maatreëls soos om ’n huis te koop en geld te spaar en jy kry dalk ’n vaste betrekking om te verseker dat hierdie proses kan voortgaan vir so lank as moontlik. As jy minder gelukkig

is, hoop jy net om elke dag te oorleef. Die alternatief is om op te gee, langpad of kortpad.

Donderdag 26 Februarie 2004

12:06

Ek ken die waarheid, maar my daaglikse lewe bestaan daaruit om maatreëls te volg om dit te vermy. Ek het nie geloof nie. Ironies genoeg word gebrek aan geloof gewoonlik verstaan in die konteks van geloof in God, maar dit is nie noodwendig die geval met my nie. My probleem is dat ek nie geloof het in die wêreld nie. Ek kan nog glo dat God my liefhet. Die wêreld, aan die ander kant, gee nie veel om of ek leef of sterf nie. En ek het begrip hiervoor, in dieselfde asem as wat ek dit kritiseer. Ek is deel van die wêreld wat nie veel omgee nie. Ek is beide ’n pleger van hierdie misdaad, en tot ’n mate ’n slagoffer daarvan.

Ek het geen geloof in die mensdom nie. Volgens my is ’n groot persentasie van die mense op hierdie planeet niks meer as diere in klere nie. Nou, ek het niks teen diere nie, dis net dat ek glo die mens is – in beginsel, indien dan nie altyd in die praktyk nie – meer ontwikkeld as ander spesies. Maar wat beteken dit? Wat maak my meer as ’n stegiekat, of die rot wat wegskarrel van eersgenoemde? Onder andere my intelligensie, my vermoë om die omgewing te kan manipuleer (veel meer as enige dier), en vrye wil om óf te skep óf te vernietig (hoewel ook “vrye wil” aangehits en soms geïnhibeer word deur instinkte en vrese).

Nietemin, ek bejeën die wêreld met agterdog, en het min vertroue in my medemens.

* * *

Ek kontempleer deesdae alternatiewe. Een is om my hare te skeer, ’n oranje rok te koop en by verkeersligte te gaan staan

met my ontbytbakkie in die hand. As dit nie uitwerk nie, kan ek aansluit by ’n Boeddhistiese sekte.

Benewens bogenoemde opsies is daar twee ander wat hulleself sporadies by my opdring as van die min moontlikhede wat werklik werd is om te oorweeg: 1) om ’n bebaarde, alleen reisende voltydse skrywer te wees; en 2) om genoeg geld te maak om ’n vrou te kan oortuig om as my metgesel haar dae in gemak te slyt.

12:46

As onverfynde wysheid en pittigheid geruil kon word vir geld, was ek dalk ’n ryk man. As ’n sekere moegheid vir die wêreld gemaak het dat vrouens vleiende skinderstories oor ’n man versprei, en dat ander mans hulle koppe respekvol vir hom knik in die straat, sou ek heel moontlik meer rede gehad het om te glimlag. Maar nou sit ek met ’n sterk vermoede dat ek óf die res van my dae in toenemende armoede en eensaamheid gaan deurbring, óf dat ek myself gaan “regruk”, een plus een bymekaar gaan tel, en hoop twee is goed genoeg vir ’n paar jare se geluk.

Ek dink te veel, en doen te min. Ek vermoed te veel, en glo te min. Oorlog is een ding, vrede is ’n ander saak. O ja, en ek is ’n lafaard wat nie genoeg maatreëls tref om my lewe te verskans vir so lank as moontlik nie, maar wat die dood net-net meer vrees as middelklas geluk.

16:32

Jy weet, as jy ’n hond gehad het vir, sê twee of drie jaar, en jy ken die hond, jy weet wat hom kwaad maak, waar sy irritasie drumpel lê. Dan eendag sê jy iets vir die hond, of jy doen iets, en skielik grom hy vir jou. Miskien voel jy effens seergemaak, moontlik verontwaardig. “Ek het gedink ek ken die hond,” sal jy sê.

* * *

Mense wat nie opgee nie, het iets om voor te leef. Wat het ék om voor te leef? Finansiële stabiliteit met 'n vrou en kinders? En dis as ek my dobbelstene reg gooi en ek het geluk aan my kant! Alternatiewe vir hierdie toekoms-scenario bestaan … as kompensasies en as maatreëls om eksistensiële angs onder beheer te hou.

"Jy verwerp dinge nog voor jy weet hoe gelukkig dit jou sal maak," sou iemand dalk sê.

"Jy's reg," sal ek antwoord. "Maar wat sê jy? Finansiële stabiliteit plus huwelik plus kinders is gelyk aan geluk? Dan ís die lewe mos wiskunde en wetenskap! Dan ís my huidige toestand bloot die resultaat van vermiste mense en gebroke kontantvloei."

"Jy laat toe dat huidige omstandighede jou geloof en hoop ondermyn," sal die persoon terugkap. Dan sal hy die sigaret teen die rand van die asbakkie tik.

"Huidige omstandighede werp lig op sekere aangeleenthede," sal ek reageer, en trek aan die sigaret.

Dan sal ek 'n eenvoudige versoek maak. "Dis Donderdag 26 Februarie om 4:49 in die namiddag. Sê my nou, op hierdie oomblik, wat die waarheid is."

"Ek weet nie," sal my gespreksgenoot antwoord. "Of miskien weet ek, maar ek kan nie onthou nie. Of miskien kan ek onthou, maar ek is nie lus om te sê nie."

En die sigaret word doodgedruk.

Vrydag 27 Februarie 2004, twaalf minute na middernag.

Ek ken die waarheid al vir meer as vier en 'n halwe ure lank. Dit was aan my geopenbaar terwyl ek op die mat van 'n vertrek in 'n naskoolsentrum gesit het, besig om 'n sesjarige Taiwannese tweeling 'n paar Engelse sinne te leer. Die klein gesiggies, die onskuld, die woeligheid, die warmte van handjies wat jou vinger vasgryp as jy na 'n flitskaart wys … het my amper hardop laat uitroep: "Dít, om jou eie kinders

groot te maak, om hulle te sien grootword elke dag, om hulle onvoorwaardelike liefde te ervaar, en onvoorwaardelik vir hulle lief te wees, dit moet tog alles die moeite werd maak!”

En toe tref dit my: Dis ál waarna ons soek, moontlik die beste waarvoor ons ooit kan hoop! Liefde, kuns, vermaak, seks, geld, vakansies, kreatiewe vryheid, studie, samesyn – alles dinge wat ons najaag om die lewe die moeite werd te maak!

Ons almal weet hoe weerloos ons is, hoe die dood soos ’n duisend peste in ’n duisend verskillende manifestasies orals rondkruip. En selfs al vermy ons dit sover vir twintig of dertig of tagtig jaar, kry sal dit ons kry!

Maar as dit net die dood was wat ons gevrees het, was dit nog een ding. Tussen geboorte en dood wag daar pyn, hartseer, honger, siekte, armoede, leed, onvervulde begeertes, verlange, vernedering, skete, en ouderdom wat hare laat uitval, vingers laat kromtrek, oë laat verdof, ore doof maak en harte laat oppak.

As dit moontlik kon wees om tyd te vries vir ’n oomblik en al die data van elke mens wat op daai oomblik leef op te vang, om al die pyn, lyding, honger, verlange, vernedering, en alle ander emosionele en fisieke ongerief te kon vat, en dan ook al die blydskap, geluk, liefde, al die mooi en wonderlike dinge van die lewe, as jy aan alles ’n spesifieke gewig kon gee, sou die gevolgtrekking gewees het dat die gemiddelde menslike lewe op die planeet Aarde gevul is met meer pyn as liefde, met meer ellende en verlange en honger as geluk en tevredenheid.

Enige mens kan moontlik die geldigheid van hierdie punt protesteer, of verklaar dat hulle reken die mooiheid en geluk is die pyn en ellende werd wat ’n mens soms ervaar, al ervaar jy die mooiheid en geluk vir net ’n oomblik of net ’n dag. Miskien sal ek saamstem, miskien nie. Maar selfs hierdie mense sal vind dat ook húlle die Waarheid bevestig – dat die mooi en goeie dinge die pyn en ellende (soms) die moeite werd maak (en as hierdie mense verder wil gaan kan hulle selfs byvoeg, “vir sommige” – want vele ander gaan

lewenslank gebuk onder diepe oortuiging van die teenoorgestelde).

Alles wat ons doen is ’n bewustelike of onbewustelike poging om die “beste te maak” van ons lewens – asof ons weet, diep binne ons, dat die storie meestal nie goed eindig nie.

Diere – sommige troeteldiere uitgesluit – leef gewoonlik ’n bestaan gevul met gevaar, voedsel, plesier, en dood weens siekte, ongeluk, ouderdom, of aan die kaak van ’n ander, sterker dier.

Mense, aan die ander kant, word gebore, leer hoe om te oorleef in die omgewings waaruit hulle bestaan gespruit het, en begin van kleins af aksies te neem en maatreëls te tref om soveel as moontlik *geluk* uit die lewe te kry.

Meeste volwassenes bereik ’n punt waar hulle besef mense gaan soms makliker dood as vlieë, en dat mens soms jare se tyd en energie spandeer om iets op te bou wat jy in ’n oogwink kan verloor. Meeste weet, en erken, die uiteinde van (fisiese) lewe is dood.

Dié onder ons met ’n goeie waarnemingsvermoë besef ook dat om so lank as moontlik uit te hou op hierdie planeet eindig, as ons gelukkig is, in ’n ouetehuis of ’n gastekamer by familie, of – in minder gelukkige gevalle – in ’n hospitaalkamer, met buisies in jou neus, jou vel ineengekrimp, en jou sig en gehoor net ’n fraksie van wat dit voorheen was.

Soms etiketteer ons dié wat ons herinner aan hierdie waarhede as pessimiste, smartvrate en ellendelinge. Maar ongeag of jy dink daaraan of nie, die kans is skraal dat jy kan sê jy’s nie net ietwat onrustig oor die moontlikheid dat jy oor drie dae dood kan wees nie. En wie kan sê hulle kan nie wag om sestig, of sewentig of tagtig te slaan nie? Kan enige iemand uiteindelik die waarde ontken wat geluk inhou vir die meerderheid inwoners van hierdie planeet as troos vir die onaangename waarhede van die lewe?

Waar pas God in hierdie waarheid in? Ek weet nie, maar ek weet wel dat ateïste, panteïste, monoteïste, Christene, agnostici, Hindoes, Moslems en Boeddhiste almal siek raak, pyn ervaar en dood gaan. Die Waarheid geld vir almal. Dis universeel.

Vyfhonderd jaar gelede het almal behalwe ’n paar eksentriekes geglo die aarde is plat. Die feit dat mense heftig geprotesteer het teen die idee dat die aarde rond was, het die aarde nie ’n millimeter platter gemaak het nie.

ONTKEN DIT OF AANVAAR DIT – TERWYL BLOED IN ONS ARE VLOEI, DOEN ONS ALLES WAT ONS DOEN TER WILLE DAARVAN OM ONS LEWENS DIE MOEITE WERD TE MAAK.

Wat sê dit van my kritiek oor die middelklas wat ek tot vervelens toe resiteer? ’n Middelklaslewe is dan mos net ’n eerlike poging om die lewe die moeite werd te maak! Wat sê dit van my voorkeur aan ’n lewe toegewy aan kreatiwiteit en studie? Ook dít is net ’n poging om te kan sê: hou aan probeer, dit kán die moeite werd wees …

(Dis Vrydag 27 Februarie 2004, om agt minute oor een in die vroeë oggend.)

* * *

As bogenoemde die waarheid is, wat is dan die verskil tussen ’n “goeie lewe” en ’n “edel bestaan”?

’n Goeie Lewe is een waar lewe vir die betrokke persoon die moeite werd is, en as hy of sy ’n bydrae kan maak daartoe dat die lewe die moeite werd is vir mense wat húlle lewens die moeite werd maak, soveel te beter.

Die strewe na ’n Edel Bestaan kan gedefinieer word as aktiewe deelname aan ’n stryd om die lewe die moeite werd te maak nie net vir jouself en jou geliefdes nie, maar ook vir ander met wie jy geen persoonlike verbintenis het nie.

Wanneer jou lewe toegewy word aan (onder andere) die verbetering van ander se lewenskwaliteit, slaag jy daarin om meer waarde te gee aan jou eie lewe as wat die geval sou wees as jy bloot nog ’n enkele organisme was wat gestreef het na eie behoud.

Om aksies te neem wat bevorderlik is daarvoor dat jy, en selfs ’n uitgesoekte groepie betekenisvolle ander, oortuig kan wees dat die lewe die moeite werd is, maar wat ander *ontneem* van ’n oortuiging dat die lewe die moeite werd is, of wat hierdie oortuiging kompromitteer tot ’n ernstige graad, is om … jou lewenswaarde te beperk tot slegs jouself, en ’n uitgesoekte groepie betekenisvolle ander.

Die aksies van ’n persoon wat ander sporadies, en in wisselende grade beroof van oortuiging dat die lewe vir húlle die moeite werd is, maak die permanente of tydelike isolasie van die betrokke persoon en die beëindiging van sy destruktiewe aktiwiteite (op wettige wyse) ’n edel strewe vir mense wat dit najaag om nie net die lewe die moeite werd te maak vir hulleself en vir betekenisvolle ander nie, maar wat ook ’n oortuiging dat die lewe die moeite werd is, wil fasiliteer vir lede van die breër gemeenskap.

Die lewe is ’n stryd? Ja, ’n stryd om oorlewing, en ’n stryd om die lewe die moeite werd te maak. ’n Goeie Lewe is om te slaag in hierdie stryd. ’n Buitengewoon Goeie Lewe is relatief tot wat vir jou die lewe die moeite werd maak. (As om te reis na onbekende plekke iets is wat vir jou die lewe die moeite werd maak, is om gereeld en moontlik vir uitgerekte periodes op reis te gaan, iets wat jou lewe buitengewoon goed maak – vir jou). ’n Edel Bestaan is om ánder individue – selfs vreemdelinge – by te staan in húlle stryd; ook om aktief te wees in die verkondiging van die oortuiging dat lewe die moeite werd is, of kan wees. Om jóú lewe te verloor sodat ander kan leef, is

Saterdag 28 Februarie 2004

Ek vra dus nie meer net na die betekenis van my lewe nie. Die vraag wat eers beantwoord moet word is, "Hoekom moet mý lewe iets beteken?"

Die antwoord op hierdie vraag is, indien jy glo dat jou lewe iets beteken, sal jy rede hê om te leef; en as jy rede het om te leef, is dit heel waarskynlik omdat jy glo jou lewe het betekenis.

Nie een van ons het *gekies* om hier te wees nie. Meeste van ons weet alte goed dat die lewe nie altyd maklik is nie, en op tye kan dit bitter ellendig wees. Meeste mense is ook bewus van verskeie maniere om hulle lewens te beëindig. Dit sal dus nie onvanpas wees nie om op hierdie punt die gevolgtrekking te maak dat dit van die allergrootste belang is om redes te vind

HOEKOM
JY
WIL
LEEF.

Terloops, die laaste sin wat ek gister begin skryf het ("Om jóú lewe te verloor sodat ander kan leef …") is steeds onvoltooid omdat almal aan hulle eie naamwoorde of frases kan dink om die sin mee klaar te maak. Moontlikhede sluit in, "… is om 'n held te wees", "… is om 'n gewer van lewe te wees", ensovoorts. Mense wat self rede insien hoekom húlle wil leef, maar steeds op die ingewing van die oomblik, of na lang bepeinsing besluit om die risiko te neem om moontlik hulle eie lewens te verloor ter wille daarvan dat ander kan leef, verdien om geëer en onthou te word.

Die ander rede hoekom ek nie gister die sin voltooi het nie, was omdat ek moeg was vir daai spesifieke gedagtegang.

Ek kan wel dink aan heelwat redes hoekom ék wil leef: samesyn met familie en vriende, liefde, moontlik my eie gesin eendag, om kreatief te wees, om meer van die wêreld te leer en te verstaan. Op die oomblik gee sommige van hierdie dinge

vir my rede op ’n daaglikse basis om voort te gaan met my bestaan. Ek is egter ook genoodsaak om ander dinge te doen wat nie op ’n daaglikse basis op hulle eie goeie redes is om voort te gaan met my bestaan nie, maar wat met die verloop van tyd hopelik ’n nuwe omgewing en bestaanstoestand sal bewerkstellig wat, so glo ek tans, vir my nog meer rede sal gee om te leef.

* * *

Om op te som en af te sluit:

Elkeen van ons word gebore in ’n bepaalde era en in ’n samelewing met sekere reëls en heel moontlik ’n bepaalde dominante kultuur, met ’n verskeidenheid hulpbronne om ons behoeftes mee te bevredig, en wisselende hoeveelhede daarvan. Teen die tyd dat ons ’n sekere fisiese en verstandelike volwassenheid bereik het, het ons gewoonlik ’n paar dinge geleer oor die lewe: dis soms hard, dis soms lekker; dis soms sleg, en soms is dit goed. Die mooiste dinge kom soms oor ons pad, en soms gebeur die teenoorgestelde. Ons raak ook bewus van die feit dat almal uiteindelik doodgaan, maar dat dit ook maklik genoeg is om ons eie dood te verhaas. Diep onder die invloed van al voorafgenoemde dinge besluit ons met die verloop van tyd WAT ons met ons lewens wil doen, WAAR, en moontlik SAAM MET WIE. Ons kontempleer ook moontlik die betekenis van ons lewens, en ’n moontlike doel vir ons bestaan.

Terwyl ons antwoorde op hierdie vrae probeer uitwerk, of moontlik ná ons reeds ’n paar bevredigende antwoorde geformuleer het, of soms nog vóór ons enige moontlikhede oorweeg het, moet ons weet of ons WIL lewe. (Ek sê “weet” eerder as om te sê ons moet dit “kontempleer”, want hoewel dit sekerlik ’n algemene verskynsel is dat mense dink oor sake soos wát jy met jou lewe wil doen, wáár en saam met wié, reken ek nie soveel mense gaan sit onder ’n boom of op ’n klip en kontempleer die vraag of hulle inderdaad wíl lewe nie.

Soms sal mense ’n punt bereik wanneer hulle bewus raak van ’n gebrek aan entoesiasme om voort te gaan met hulle bestaan. Tot iemand hierdie punt bereik, aanvaar hulle dit egter heel moontlik as vanselfsprekend dat hulle wíl lewe, siende dat dit reeds die bestaande realiteit is, en hulle ervaar wat beskou kan word as ’n aanvaarbare minimum entoesiasme vir hulle eie voortbestaan.)

As jy bewus is van ’n mate van bereidwilligheid om die lewe ’n kans te gee, of selfs ’n graad van entoesiasme, volg dit dat jy redes sal oorweeg hoekom jy sal wil voortgaan met ’n bestaan wat begin het sonder dat jy ’n keuse gehad het oor die dag, plek, en ander detail wat ’n deurslaggewende rol speel in wie en wat jy is.

Wil jy dus voortgaan met jou lewe?

Indien wel, hoekom?

Indien jy nié wil voortgaan met jou lewe nie en verkies om dit te beëindig, is jy bereid om verantwoordelikheid te aanvaar – terwyl jy steeds bewus is daarvan – vir die gevolge wat jou besluit sal hê vir die betekenisvolle ander persone in jou lewe?

* * *

Aan die einde het ons net onsself, ons verhoudings met ander mense, en wat ons in glo. Die hoop is altyd dat ons iéts sal vind om aan vas te hou, iets wat ons sal oortuig dat alles aan die einde van die dag die moeite werd is. Die hoop is verder dat hierdie goeie dinge ons pad na die afgrond sal blokkeer, sou ons dit wel ernstig oorweeg om op te gee.

## Resultate van ’n lewe

Vrydag 11 Junie 2004

Die vraag bly, wat is die verskil tussen “my, nou” en “my, tien jaar gelede”? Watse verskil maak dit dat ek myself nou “beter” ken, of beter gedefinieer het?

Ook, wat is die verskil tussen my en iemand anders wat nie sy SELF so goed ken of gedefinieer het nie? Maak dit my gelukkiger? Meer tevrede met myself? Stel dit my in staat om makliker vrede te vind met ander mense in my omgewing?

Kyk ek ’n groot waarheid mis? Hoe belangrik is RESULTAAT? [Sien ook notas rakende “resultate van jou handewerk” in die stuk, “Die SELF word gebore” van Donderdag 8 April 2004.] Is dit wat die kunstenaar van die salaristrekker onderskei (as albei kinders het, wat kan tel as resultate van jou lewe, of albei nie kinders het nie)? Is dit wat die persoon wat tyd en geld opoffer vir ’n goeie saak onderskei van die persoon wat hoofsaaklik vir homself leef?

Ons kom uit Niks, en ons keer terug na Niks. Wat ons agterlaat is wat ons met ons lewens gedoen het – ons “handewerk”, dit wat aan ons lewens waarde gee, *terwyl ons lewe*. (Terloops, dis vreemd dat sommige mense die “Niks” verwysing as ateïsties beskou, en tog is die lyn “stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer” sentraal aan die Christelike begrafnisritueel.)

Nog ’n vraag: Hoe beïnvloed die vlak van VERLIGTING wat ’n INDIVIDU bereik tydens sy of haar leeftyd, die RESULTATE wat hy of sy agterlaat?

* * *

Op Vrydagaand, 11 Junie 2004 om 23:15 ag ek die volgende twee vrae as van die belangrikste wat enige persoon hom- of haarself kan vra:

1. WAT MAAK JOU LEWE DIE MOEITE WERD?

2. WATSE RESULTATE LAAT JY (OP DIE HUIDIGE OOMBLIK) AGTER VAN JOU LEWE?

## Identiteit, die SELF, en die resultaat van alles

Woensdag 23 Junie 2004

Vier jaar gelede het ek ook aan myself gedink as ’n skrywer, maar op ’n daaglikse basis, van opstaan tot slaap, was ek vir alle praktiese doeleindes my inkomste genererende professie. Wat was hierdie inkomste genererende professie? Ek was ’n Engelse onderwyser wat, in alle eerlikheid, meestal misluk het in die taak wat ek gehuur was om te doen, vyf dae uit elke week. Ek het aan myself gedink as ’n skrywer, en ek hét geskryf (die hele “Persoonlike Agenda: Boek EEN” is ’n bewys daarvan), maar ek het nie die oortuiging gehad oor myself en my identiteit wat ek nou het nie. Ek was, tot ’n groot mate, ’n onvervulde, gefrustreerde persoon omdat ek onvervuld en gefrustreerd was in my beroep.

Vyf honderd jaar gelede in Europa – tydens die pre-industriële era – was die posisie van die familie in die feodale hiërargie een van die belangrikste bepalers van persoonlike identiteit, ten minste sover dit die gemeenskap aangegaan het in wie se midde die persoon hom- of haarself bevind het. Die *arbeidsrol* wat ’n persoon vervul het (indien dit enigsins nodig was dat hy of sy enige arbeid moes verrig), was ook gekoppel, tot ’n betekenisvolle graad, aan geboorte.

Dit kan dus gesê word dat identiteit, in die Europa van 500 jaar gelede, hoofsaaklik gedikteer is deur *noodlot* – waar die persoon gebore is, en die posisie wat sy of haar familie beklee het in die feodale hiërargie, en ook deur die *behoeftes van die gemeenskap* – wat tesame met noodlotsdata, die persoon se arbeidsrol bepaal het.

Sedert die ontdekkingsreise, en die gevolglike ekonomiese, politieke, wetenskaplike en industriële rewolusies, het *professie* ingetree as ’n addisionele, en kardinale bepaler van identiteit. Die mens wat sy of haar bestaan slyt in die geïndustrialiseerde wêreld het tot ’n mate ’n keuse van *watter rol* hulle wil speel in die gemeenskap, *watter*

*spesifieke behoeftes* van die gemeenskap hulle wil vervul, en selfs *waar* hierdie rol gespeel en die behoeftes vervul sal word, of dan in *watter gemeenskap*. Finansiële mag kan genoem word as ’n verdere faktor wat mense se beskouing van hulself affekteer, asook hoe hulle hul identiteit definieer. Geld is ook ’n groot gelykmaker – verhale van mense wat in slote gebore was en in paleise opeindig is wel steeds raar, maar dit gebeur.

As dit kom by die vraag na *wie jy is*, kyk meeste mense dus steeds na die kaarte wat aan hulle uitgedeel is – plek van geboorte, geslag, voorkoms en talente, sosio-ekonomiese status van familie, en spesifiek in die geval van volwassenes, ook na professie – wat status en rol in die gemeenskap definieer.

Meeste van bogenoemde gedagtes was voorheen genoteer in hierdie literêre projek, so wat is die punt daarvan om dit weer te noem?

Dit was tot onlangs vir my ’n private plesier om te glo ek wys die “waarheid” uit aan mense wat miskien geglo het ’n goeie werk en baie geld is die beste waarna hulle kan strewe in die lewe. Ek wou sulke mense nader roep, ’n antieke trommeltjie oopsluit, en binne in sou hulle dan ’n Groter Waarheid sien: “Jy ken nie jou WERKLIKE self nie! Wat jy op hierdie stadium van jou lewe is, is net ’n resultaat van noodlot, omgewing, en gebeure wat jóú lewe onderskei van die volgende persoon s’n. Jy leef onder die *illusie* dat jy weet wie jy is; ’n illusie wat jou nietemin in staat stel om te funksioneer as ’n Mens-in-Hierdie-Tyd-en-Plek.”

Die bedoeling was dat eers wanneer ’n mens in jou eie siel terugkyk en jou “ware self” identifiseer, kan jy aanspraak maak op volle mensheid, op die feit dat jy (uiteindelik) weet wie jy “werklik” is. Ek het gereken dat om jou “ware self” te ontdek – of dan te definieer – die Groot Prys is aan die einde van ’n lang, en baie persoonlike reis.

Nuwe insigte het egter bogenoemde beskouing begin ondermyn. (Ook hierdie vars insigte is reeds genoem, maar

siende dat dit immers die onderwerp aanspreek van die waarde van ’n enkele menslike lewe, reken ek dis in die haak om weer die saak aan te raak.) Wat, sou ek dan reken, is belangriker as die ontdekking en definiëring van die “ware self”? Die antwoord: RESULTATE VAN JOU LEWE.

Ons almal arriveer as klein bondels vlees en bloed op hierdie planeet, ons gil ons mensheid uit aan almal wat wil hoor, raak ouer en groter, en uiteindelik breek die dag aan wat ons weer die toneel verlaat. Die vraag, aan die einde, behoort nie te wees of jy bestaan en gefunksioneer het as jou Eie Ware Self nie, maar watse resultate jy agterlaat van jou tyd op aarde.

Het jou lewe meer positiewe as negatiewe resultate opgelewer? Sal die wêreld ’n sug van verligting slaak wanneer jy jou laaste woorde uiter? Het jy net daarna gestreef om jou eie behoeftes te vervul, en so lank as moontlik so gelukkig as moontlik te wees? Is dit belangrik vir jou om positiewe resultate van jou bestaan agter te laat? Wat ís positiewe resultate? Hierdie is vrae wat elke persoon vir hom- of haarself kan, en behoort te beantwoord.

Ek het ’n paar beginsels ontdek en ’n paar maatreëls geïmplementeer wat dit vir my moontlik maak om as ’n redelik normale volwassene te kan funksioneer in die tyd en wêreld waarin ek gebore is. Ek het ook ontdek dat die lewe buite my woonsteldeur tot ’n groot mate ’n spel is, en dat as jy die reëls kan ontsyfer en jouself tot ’n bevredigende graad kan versoen daarmee, jy moontlik ’n gelukkige lewe kan lei, en aan die einde sal kan verklaar dat jou lewe die moeite werd was.

Tog, as ek kan kies, sal ek my lewe wil leef as ’n bewustelike poging om meer positiewe resultate as negatiewe resultate te bewerkstellig wat ek kan agterlaat, eerder as net om te weet ek was gelukkig en my lewe was die moeite werd, of selfs dat ek geslaag het daarin om my “ware self” te vind. (Wat is die waarde van ’n hoogs ontwikkelde bewussyn van jou eie self, as dit nie uiteindelik positiewe resultate oplewer van jou tyd op hierdie planeet nie?)

Kan ’n mens verder gaan en vra na die resultate van elke *dag*? Elke *week*? Goed dan, die gemiddelde resultate van elke *jaar*? Kan ’n mens “positiewe resultate” koop kort voor die einde van jou lewe? Wie bereken die kwaliteit van die resultate? En wat is die moontlikheid dat die mooiheid van ’n enkele dag of selfs ’n enkele oomblik verlore kan gaan in die gejaag om ’n positiewe erfenis agter te laat van jou bestaan?

Ongeag wat jy glo oor die waarde en betekenis van jou eie lewe, of oor wat die lewe vir jou die moeite werd maak, ongeag die belangrikheid wat jy heg aan resultate van jou lewe, bly een ding aan die einde staan: JOU LEWE SAL UITEINDELIK RESULTATE OPLEWER. Of hierdie resultate meer positief as negatief gaan wees, hang tot ’n baie groot mate af van jouself, en van die keuses wat jy maak op ’n daaglikse basis.

## Die formule wat lei tot resultaat

Sondag 27 Junie 2004

Wat is die verskil tussen my en Josef Stalin, of tussen my en Bill Gates? Die verskil is resultate van ons lewens.

Ek, Josef Stalin, en Bill Gates was al drie gebore in partikulêre plekke, op partikulêre tye, in gemeenskappe met partikulêre behoeftes. As Stalin in 1979 gebore was in plaas van 1879, in dieselfde dorp in Georgië, met ’n relatief soortgelyke huislike agtergrond (aangepas vir 1979 werklikheid), sou sy lewe ander resultate opgelewer het. Dieselfde kan gesê word as ek in 1771 gebore was, en nie in 1971 nie. Die belangrikheid van noodlotsdata – waar jy gebore is, wanneer, en as wie se kind, asook gebeure later in jou lewe waaroor jy geen beheer het, of gehad het nie – asook die behoeftes van die gemeenskap kan NOOIT onderskat word as bydraende faktore tot die eindresultate van ’n partikulêre mens se lewe nie.

Die enigste ander faktor wat ’n betekenisvolle rol speel, is keuses. Stalin het gekies *teen* die pad wat sou gelei het daartoe dat hy ’n priester sou word, en gekies *ten gunste van* aansluiting by Lenin en die Bolsjewiste. So ook het ek byvoorbeeld gekies *teen* watse betrekking ek ook al in Suid-Afrika kon losslaan, en gekies *ten gunste van* English teaching in Taiwan om myself aan die lewe te hou. Die keuses wat Josef Stalin gemaak het, het ’n dramatiese invloed gehad op wie en wat hy geword het, en op die resultate wat hy bewerkstellig het van sy bestaan. Die keuses wat ek sover in my lewe gemaak het, het ook ’n dramatiese invloed gehad op wie ek is op die huidige oomblik, en op die resultate wat ek sover bewerkstellig het van my bestaan.

Die volgende formule kan dus voorgestel word: RESULTAAT VAN JOU LEWE = NOODLOT + BEHOEFTES VAN DIE GEMEENSKAP + PERSOONLIKE KEUSES.

## Brousel vol gedagtes

Maandag 28 Junie 2004

00:02

Kinders is die maklikste "resultaat van 'n lewe" om te produseer. Die moeilike deel kom daarna.

00:09

Ouers laat – in die ideale ouer-kind scenario – kinders agter as 'n resultaat. Besigheidsmense laat profyt en besighede agter. Entrepreneurs en uitvinders laat produkte agter. Kunstenaars laat kuns agter. Skrywers laat boeke agter. Argitekte laat geboue agter. Siviele ingenieurs laat infrastruktuur agter. Rewolusionêre laat 'n nuwe politieke bestel agter.

En dan is daar die rewolusionêr wat ook kinders agterlaat, die uitvinder wat kinders én profyt agterlaat, die skrywer wat ook 'n suksesvolle onderneming opbou waarby ander kan baat tot lank nadat hy aanbeweeg het …

## Verloor jouself, of wend jouself aan

Vrydag 3 September 2004

(Johannesburg)

Dis eenvoudig, dis voor die hand liggend, en almal weet dit, maar dis nogmaals handig om te noem: ten einde te oorleef, het jy nodig om te funksioneer. Identiteit (al die antwoorde op die “Wie is ek?” vraag) dien ’n doel, en hierdie doel is om jou in staat te stel om te funksioneer in ’n partikulêre omgewing, op ’n partikulêre tyd.

Die vraag is dan: Is dit wie jy werklik is?

Dit wil voorkom asof daar voorgestel word dat ten einde jouself *werklik* te kan vind, jy jouself moet verloor. Dit is ’n risiko in die partikulêre omgewings en tyd waarin ons leef. Ten einde te kan oorleef, moet ons kan funksioneer, en ten einde te kan funksioneer, het ons nodig om onsself te kan voorstel aan ander in ons omgewing (ons moet onsself *identifiseer*, en het derhalwe nodig wat genoem word “identiteit”).

Dit kan verder gesê word dat die omgewing (of omgewings) waarin van ons verwag word om te funksioneer – en dan binne sekere neergelegde grense van aanvaarbaarheid, nie bevorderlik is daarvoor om sulke reuse stappe te neem soos om jouself te “verloor” nie. (As daar ’n Kaart van die Psige was, sou so ’n plek waar jy jouself kon verloor, gemerk gewees het met die waarskuwing, “Hier lê drake!”)

Die enigste manier hoe ’n mens dus jou “ware self” kan ontdek in hierdie lewe, is om te onttrek na ’n plek waar jy steeds kan oorleef, maar sonder om te funksioneer in gemeenskap met ander mense (waarvoor jy sogenaamde identiteit benodig).

Interessant om te kyk wat twee spesifieke godsdienste te sê het op hierdie gebied.

Tot ’n mate is dit wat Boeddhisme voorstel – onttrek van die wêreld, moenie geheg raak aan aardshede nie, en spits jouself toe daarop om voor te berei vir die uiteindelike vrylating van die onsterflike element van jou persoon uit die oënskynlik eindelose siklus van lewe en dood.

Die Christelike geloof vertel weer van Jesus wat ’n partikulêre identiteit gehad het, en relatief goed gefunksioneer het in die tyd en omgewing waarin hy gebore was, as beide timmerman en prediker – laasgenoemde was relatief suksesvol tot en met sy dood. Hy het geleef volgens sy oortuigings, en uiteindelik gesterf vir dit waarin hy geglo het; anders gestel, toe die keuse aan hom gestel was om sy oortuigings af te water of te sterf daarvoor, het hy geweier om homself, of sy oortuigings te verloën. Jesus het homself – wie en wat hy was as *mens* – opgeoffer; hy’t gesterf in, en volgens die Christelike geloof, *vir* hierdie wêreld, en uiteindelik geword, volgens Christelike dogma, wie hy *werklik* is – God. Volgens Christelike leerstellings het hy derhalwe gesterf as ’n partikulêre mens … en Universele God geword.

[Sekere teoloë, en slim dominees, sal moontlik daarop wys dat Christus *reeds* as Partikulêre Mens ook Universele God was. Hoewel dié punt van allergrootste teologiese belang is, is hierdie teks nie die korrekte platform om meer aandag te gee aan hierdie onderwerp nie.]

* * *

Miskien is die doel van hierdie lewe nie om te gaan waar die drake lê nie, naamlik, om jouself te “verloor” nie, maar om betrokke te raak, kant te kies, en jou self as’t ware aan te bied vir ’n “goeie saak”.

Wend jouself dus reeds in hierdie lewe aan vir die verwesenliking van goeie dinge, en berei jouself daardeur

voor vir wat ook al wag na jou aardse bestaan. (Ek is bewus van die dramaties nuwe rigting waarin ek my kompas draai.)

* * *

"I've converted to a new faith."
"Oh? What's it called?"
"It's called … oh heck, I don't know what it's called. Does it matter?"

* * *

Ek herhaal wat ek reeds geskryf het in 'n vorige nota: Miskien is die doel van hierdie lewe nie om jouself te verloor ten einde jou ware, reiner self te vind nie, maar om jouself, wie en wat jy nou is, aan te wend tot 'n goeie saak.

[Hoekom nie net jouself "aanwend" tot jou eie geluk nie?
Ek ken my eie redes, my eie motiverings, wat vir my goed genoeg is en wat nie. Ek kan derhalwe nie hierdie vraag vir enige iemand anders as myself antwoord nie … vir nou.]

## Los fragmente wat aansluit by “Verloor jouself, of wend jouself aan”

Maandag 6 September 2004

Vrees is die Fondasie waarop die Huis van Lewe en Funksionerende Identiteit gebou is. Die vraag is, wat lê begrawe onder die huis?

* * *

Die opsies: Onttrek of Raak Betrokke

* * *

“Vervul jou doel op aarde deur betrokkenheid met die wêreld.”

Serve your purpose and leave … or stay and enjoy the show for as long as your ticket is valid?

* * *

As onttrekking die antwoord is, wat is dan die sin van die manier hoe geboorte plaasvind?

* * *

Die Boeddha het sy vrou en pasgebore kind verlaat, en die wildernis binnegestap.

Jesus het betrokke geraak. Hy’t vertroosting gegee, pyn verlig waar hy kon, en homself – sy fisiese self – opgeoffer vir ’n “goeie saak”.

Mohammed het ook betrokke geraak. Hy’t oorlog gemaak om die wêreld te transformeer sodat mense hul lewens op “korrekte” wyse kan leef (volgens sy oortuigings).

* * *

Siddhartha Gautama (die Boeddha) het onttrek die wildernis in. Mohammed het ook aanvanklik onttrek – na ’n grot. Jesus het veertig dae en nagte in die woestyn gespandeer.

Beide Jesus en Mohammed het onttrek … en toe betrokke geraak.

Selfs Nietzsche se held – die uiteindelike “superman” – het vir tien jaar onttrek, en toe begin met ’n poging om mense uit onkunde te verlos.

* * *

Dus: Onttrek … en herverskyn as ’n getransformeerde mens – een met ’n agenda, ’n saak waarvoor jy bereid is om te sterf?

## Verloor jouself, of wees jouself …

Dinsdag 7 September 2004

00:40

As iemand my moet vra wat die eindresultaat is van tien jaar se dink en skryf oor "dinge", sal ek aanvanklik etlike temas wil noem. In praktiese terme kom dit egter daarop neer dat ek toenemend voel ek verstaan hoe dinge werk, dat ek gereed is om aan te beweeg. Ook dat die dag tot dag stryd om oorlewing, om behoeftevervulling, 'n spel is waaraan ek nie werklik meer wil deelneem nie. Wat amper blyk 'n selfmoordwens te wees, is eerder wat ek nou onttrekking noem – om te "sterf" as deelnemer in hierdie wêreld. Hoewel die idee, oppervlakkig gesien, aanloklik is – geen lang argumente of verduidelikings meer nie, geen konvensies of reëls nie, huiwer ek steeds by die kruispad: onttrek, of raak betrokke?

(En dan is daar die moontlikheid dat die afgelope vyf of tien jaar – my laaste jaar op Stellenbosch, twee jaar in Korea en sover amper ses jaar in Taiwan, wel gesien kan word as my onttrekking van die wêreld.)

'n Paar maande gelede het ek gesê: Vind jouself.

Nou sê ek: Verloor jouself, of wéés jouself vir 'n goeie doel.

08:19

Hoe sou jou persoonlikheid, jou identiteit, wie en wat jy is, gelyk het as dit nie gebou was op vrees nie – vrees vir honger, vir armoede, vir pyn, vir die dood, of vir eensaamheid?

14:16

Weereens, as jy uiteindelik op die punt kom waar jy verklaar dat jy weet wie jy is, en jy weet ook *hoekom* jy *dit* is en nie iets of iemand anders nie, dan besef jy moontlik dat die soeke na jou "ware, naamlose self" maar nog net begin het.

Jy staan dan voor 'n keuse: verminder die noodsaaklikheid om te wees wie jy nou is – ter wille van funksionering in 'n partikulêre omgewing – deur jouself te onttrek van die wêreld (relatief gesproke); óf, kies 'n rol en begin om die rol te vervul (wetende dat dit 'n rol is), en pas jou kennis, jou ervaring, jou vaardighede en jou persoonlikheid toe op 'n wyse wat jou lewe waarde gee in 'n partikulêre omgewing, en op 'n bepaalde tydstip van die wêreldgeskiedenis.

In ander woorde: Wees wie jy (nou) is, ter wille van 'n goeie saak.

## Woestyn of stad | ’n Beginsel

Dinsdag 21 September 2004

**WOESTYN of STAD?**

Om jou identiteit-ter-wille-van-funksionering te verloor, of om dit te aanvaar en te wees ter wille van ’n (goeie) doel … sê jy stap al vir jare lank in sirkels en loop kruis en dwars oor dieselfde areas maar jy kry dit reg om lank genoeg koers te hou, en jy kom by die rand van die STAD, net voor jy die WOESTYN betree, waar jy nie meer hoef te funksioneer volgens konvensies van tyd en plek nie, en jy draai om en stap terug, weer die STAD binne, om met die kennis wat jy het oor wie en wat jy waarlik is, en wie en wat jy moet wees om te oorleef en te funksioneer, jou lewe te leef in diens en nastrewing van ’n Goeie Saak … tot die tyd aanbreek wat jy die WOESTYN in ’n ander gedaante sal betree.

Donderdag 23 September 2004

**’n Beginsel …**

Vele van ons bly vasgevang in ’n lewe wat nie die beste is wat ons kan bewerkstellig nie, want om verstellings te maak, sal meer energie verg as wat dit vat om die huidige, soms frustrerende lewe bloot te onderhou op ’n daaglikse basis.

Dit is hoekom verandering gewoonlik volg op ’n bliksemstraal wat ons tot aksie skok – ’n gebeurtenis of insident wat ons huidige bestaan ondraaglik maak.

# VERSKYN of VERDWYN?

Donderdag 23 September 2004

Vir jare het ek gesoek na wie ek is, en probeer uitwerk hoe ek moet verskyn aan die wêreld. Ek het uiteindelik tot die insig gekom dat jy jou "gegewe self" moet konfronteer, moet aanvaar wat jy nie kan verander nie, en dan in ag genome die gegewe materiaal, asook gegewe tyd en plek, moet definieer wie jy wil wees, hoe jy aan die wêreld wil verskyn, of jy enigsins 'n rol wil speel in die wêreld, watse rol jy wil speel, waar jy hierdie rol wil speel, asook hoe jy beplan om in jou behoeftes te voorsien op die plek waar jy is en in ag genome wie jy gedefinieer het jy wil wees en watse rol jy wil speel, of watse bydrae jy wil maak.

Een vraag bly egter na jy hierdie dinge uitgesorteer het: WIL JY VERSKYN?

Indien jy kies om wel te verskyn, skop al jou antwoorde op bogenoemde vrae in.

Sou jy kies om nié te verskyn nie, verander alles. Dit maak meeste van jou antwoorde nutteloos, met nuwe vrae wat beantwoord moet word om 'n ander stel behoeftes te vervul (of soortgelyke fisiese behoeftes, maar sielkundig verskillend).

Dit is die vraag wat ek op hierdie punt van my lewe kontempleer. Wil ek wees wie ek (tans) is, op die plek waar ek gekies het om hierdie "ek" te wees, en die rol vervul wat ek vir myself gedefinieer het, of wil ek verdwyn … of dan slegs minimale, en meestal anonieme verskynings maak ten einde my basiese fisiese behoeftes te vervul?

Sondag 10 Oktober 2004

Jy raak moeg daarvoor om jouself te verduidelik aan ander mense. Jy raak ook toenemend bewus van jou eie karikatuur

in verskyning aan die wêreld. Jy begin toenemend ’n behoefte te ervaar om te onttrek.

Is dit ’n noodwendige verloop van spirituele ewolusie? Kan dit vermy word dat jy jouself toenemend wil losmaak van die wêreld?

# Doel van bestaan, drie stelle opmerkings

Saterdag 2 Oktober 2004

**1.**

Elke klein dingetjie om ons dien 'n doel – onderdele van 'n masjien, die masjien self, organe en liggaamsdele, diere, insekte, suurstof, ander chemiese elemente, organiese verbindings. Dit sal belaglik wees om voor te stel dat mense, wat letterlik omring is deur doel, nie self een of ander doel dien nie.

* * *

Nie-menslike lewensvorme asook lewelose dinge dien 'n doel sonder om daaroor te "dink". So ook is daar sommige mense wat uiteindelik 'n doel dien sonder om ooit die onderwerp ernstig te oorweeg, maar vele ander mense moet die doel van hul eie lewens doelbewus kontempleer. Hoekom? Het ons as mense verander op maniere wat dit 'n uitdaging maak om ons doel te ontdek en te vervul?

**2.**

Twee weke gelede het ek gereken niks is belaglik nie, as jy regtig daaraan dink. Dinge kom eers voor as belaglik, so't ek genoteer, as mens beskouings en verwagtinge het oor hoe dinge, of mense, veronderstel is om te wees, en die werklikheid stem nie ooreen met ons beskouings of verwagtinge nie. Wat dan van hierdie hele beskouing dat die mens se lewe 'n doel het? Kom die idee van 'n doellose bestaan dan nie totaal belaglik voor bloot omdat ek die beskouing, en selfs die verwagting het dat menslike lewe 'n doel moet dien nie?

Ek reken dis heeltemal redelik om te verwag dat sommige dinge veronderstel is om X, Y of Z te wees of te doen. As ek die aankoms van ’n gas afwag en my deurklokkie lui, gaan ek verwag dat die persoon op normale wyse my woonstel sal betree. Indien hy of sy dan op hulle hande instap, sonder ’n draad klere aan hulle lyf, en voete wat wild skop in die lug, sal min mense my kwalik neem as ek uitbars van die lag. Hoekom? Die persoon se gedrag sal belaglik wees.

Nou, ek is bereid om te erken dat reaksies op die naakte verskyning iets te make het met kulturele beskouings en verwagtinge van “normale gedrag” – wat verskil van plek tot plek, en van een historiese periode na die volgende. Die op-die-hande-loop as daar niks verkeerd is met jou bene en voete nie, aan die ander kant, is doodgewoon nie hoe ’n mens … en die orrelis gaan in ’n hoër oktaaf in, die handeklap raak ritmies … dis doodgewoon nie hoe die mens ontwerp is nie.

Dieselfde kan gesê word as ek een aand by die huis kom en een van die kakkerlakke wat gereeld hulle nagtelike verskynings in my kombuis maak, is besig om aandete te kook, met ’n netjiese klein voorskoot aan. Ek sal lag – of gil van verskrikking. Dit is nie wat die kakkerlak veronderstel is om te doen nie. Hoekom doen nie enige van die kakkerlakke in my kombuis so iets nie? Hoekom sit die spinnekop nie in die sitkamer en TV kyk wanneer ek op die rekenaar besig is nie? Hoekom sit die straatkatte nie buite op die sypaadjie met ’n bottel bier in die een poot, en ’n sigaret in die ander nie? Omdat dit fisies onmoontlik is. Omdat dit nie is wat hulle genetiese kode dikteer nie. Katte se fisiologie maak dit vir hulle maklik en natuurlik om die muisbevolking in toom te hou. Kakkerlakke se fisiologie maak dit vir hulle moontlik om te … doen wat hulle veronderstel is om te doen. Bye se fisiologie stel hulle in staat om rond te vlieg en blomme te bestuif. Blomme doen weer iets anders.

Wil ek impliseer dat alles soos ’n goed geoliede masjien moet funksioneer? Moet alle vorme van lewe hul plekke ken, hul rolle speel, en die verskillende doele van hul bestaan uitleef? Ek gee toe dit is ietwat problematies. Min mense, ek

ingesluit, hou immers van die idee dat hulle elke wakker-uur van hul lewens hul rympies moet resiteer en hul arms en bene moet beweeg soos dit vooraf bepaal is.

Dis duidelik nie ’n swart-en-wit saak nie. Maar net omdat dit nie eenvoudig is nie, is nie ’n verskoning om nie te erken wat jy net kan ignoreer as jy belaglik is nie, naamlik dat ons omring word met doel.

**3.**

So te sê alle aasvoëls dien dieselfde doel. Dien die mens as spesie ook ’n spesifieke doel, of word verskillende doele gedien deur individuele lede van die spesie? Indien laasgenoemde, hoekom?

Nog ’n vraag: Hoe argumenteer mens doel sonder ’n “skepper”?

## Vir as enige iemand vergeet het

Saterdag 23 Oktober 2004

Ons het nodig om te funksioneer, en om dit te kan doen het ons inligting nodig – wie ons is, wat ons is, wat ons nodig het, wat ons wil hê, en wat ons moet en mag doen om te kan kry wat ons nodig het en/of wat ons wil hê.

Ons moet ook ’n omgewing skep, of ons deel bydra in die skepping van ’n omgewing, wat bevorderlik is vir ons om te word wat ons wil wees.

Hierdie proses van “word” moet egter nie beperk word tot mense wat net hul eie agendas dien nie, wat net hul eie behoeftes en begeertes najaag nie. Die deelname van individue in ’n groter proses wat gemik is op ’n resultaat waarby meer as net ’n enkele persoon of ’n handvol individue sal baat, moet altyd opreg en aktief aangemoedig word.

Hoekom? Vir een rede, soos jy bydra tot die verbetering van iemand anders se omgewing, so dra iemand anders by tot die verbetering van joune. Ons deel ook omgewings, beide in die groter sin van die woord en in ’n meer plaaslike sin. As ons almal bydra tot die verbetering van ons gemeenskaplike omgewings, trek ons almal individueel voordeel daaruit.

# Planeet gevul met doel en rede

Sondag 9 Januarie 2005

"Hoekom moet daar noodwendig 'n doel wees aan die mens se lewe?" mag iemand dalk vra.

Ek glo, as ek kyk na die natuurlike wêreld, dat alles, van wolke tot lug tot water tot die voelers van 'n kakkerlak 'n doel het. Hoekom op aarde, as die hele planeet gevul is met doel en rede, sal daar geen doel en rede wees vir die mens se bestaan nie.

Vir my is die vraag eerder: WAT?

[05/01/12: Die pote van 'n sjimpansee dien 'n duidelik doel. Maar watse doel dien die sjimpansee? Het elke dier en elke spesie werklik 'n doel? Muskiete versprei virusse en parasiete wat verhoed dat sekere spesies te veel aanteel en die natuurlike balans versteur… behalwe natuurlik dat muskiete en die vrag wat hulle dra in die moderne wêreld beskou word as 'n gruwel wat uitgeroei moet word.

Die vraag na doel is warm vir kontemplasie en bespreking. Ek is ten volle oop vir die moontlikheid dat doel en betekenis slegs waardes is wat ons heg aan dit wat ons waarneem in die fisiese wêreld, insluitende ons eie lewens. Tog wil dit voorkom asof die hele wêreld deurspek is met hierdie-ding-doen-dit-en-daardie-ding-doen-dat.

My bedoeling is nie om af te stuur op 'n teologiese argument nie, dit gaan eerder vir my oor die veronderstelling dat as *doel* 'n patroon is regdeur die hele sigbare wêreld, dat die mens se lewe ook 'n doel moet hê. [[Maandag 25/05/15: Kan "mens se lewe" werklik vergelyk word met iets soos "sjimpansee se poot" of "menslike oog"? Is eersgenoemde nie te abstrak om 'n doel te hê nie?]]

En net om dinge te kompliseer, moet mens dalk ook wonder of individuele sjimpansees 'n unieke doel het wat hulle onwetend nastreef …]

[26/12/12: Dis soos ’n hiërargie: hierdie sel dien ’n doel; hierdie versameling selle dien ’n doel; hierdie versameling van verskeie groepe vorm ’n “voet”, wat ’n doel dien; die “voet” is vas aan ’n “been”, wat ’n doel dien … maar die totale organisme waaraan die voet en die been en die oog en die kop en die hand ensovoorts gekoppel is, dien geen doel nie? Of “doel” is net ’n versinsel van ons verbeelding?]

## Vermoë om ’n doel te vervul | Totalitêre staat

Dinsdag 8 Februarie 2005

08:57

Twee gedagtes:

1. Piet X is nie noodwendig “op aarde geplaas” om ’n sekere doel te vervul nie, maar hy was wel gebore met die *vermoë* om ’n sekere doel te vervul – soos ’n vrou gebore word met die vermoë om swanger te raak en geboorte te gee, iets wat ten nouste gekoppel is aan ’n sekere rol wat vervul moet word, of ’n doel wat gedien moet word.

2. ’n Totalitêre staat sê: Gee jouself aan die staat, en die staat gee aan jou ’n identiteit met ’n sterk nasionalistiese karakter, iets groter as jyself waarmee jy kan identifiseer en waar jy ’n tuiste sal vind, waar jy sal voel jy behoort, en talle maniere waardeur jy jou lidmaatskap gereeld kan bevestig.

14:32

Om GEGEE te word die vermoë om ’n bepaalde doel te dien, en die VRYE WIL om dit te doen, of nie.

## Die doel van bestaan 310305.doc

Donderdag 31 Maart 2005

’n Fundamentele verskuiwing het plaasgevind in my denke. Vier jaar gelede het ek gepoog om die doel van my eie bestaan te formuleer as “kreatiwiteit”. Ek het geglo dat om kreatief te wees, om te skep, die uiteindelike doel was nie net van my eie bestaan nie, maar van enige mens se bestaan, sou hy of sy ver genoeg ontwikkel van ’n bestaanstoestand van primêre behoeftevervulling.

Die mens se bestaan word gevoer binne ’n spesifieke omgewing met unieke (of semi-unieke) sosiale, kulturele, ekonomiese, politieke en historiese elemente, en met behulp van, en soms gekortwiek deur, ’n unieke mengsel van genetiese eienskappe wat aan elke mens GEGEE word deur die spreekwoordelike noodlot. Soos dinge is, vind sommige mense dit moeilik om ’n lewe met ’n bepaalde betekenis te bewerkstellig binne hierdie omgewing wat aan hulle gegee is. Belangrike KEUSES moet dan gemaak word. Hierdie individue sal moontlik verstellings moet aanbring aan hulle identiteit wat elemente van ander oorde sal benut as wat oorspronklik aan hulle gegee is. Hulle sal heel moontlik – in ag genome die kardinale impak van omgewing op wie en wat ons is en hoe ons ons bestaan aanwend – van omgewing moet verander. Uiteindelik sal die uitvoering van die rolle wat hulle mettertyd vir hulleself definieer neerkom nie net op ’n bestaan met ’n bepaalde betekenis nie, maar op die nastrewing van ’n spesifieke doel van hulle bestaan.

Sou enige iemand my nou tromp-op loop met die vraag van hoe kreatiwiteit inpas in hierdie hele aangeleentheid, sal ek moet bieg dat ek nie ’n antwoord gereed het om te resiteer nie. Om kreatief te wees, om jou aardse bestaan te voer as ’n Skepper, is nie meer vir my goed genoeg as antwoord op die vraag na die doel van my eie bestaan nie.

Die vraag na die Ware Doel van die Mens se Bestaan sny soos ’n ritualistiese lem deur die sagte vlees van dit wat ons noem, “lewe”. Waar kom die mens vandaan? Is daar ’n rede vir ons teenwoordigheid op hierdie planeet? Watse tipe vrae het ons vroegste voorouers gevra? Is hierdie ding van vrae vra ’n byproduk van ons ontwikkeling, of deel van dit wat ons vorentoe dryf? Was dit altyd op die spreekwoordelike kaarte van wat die mens sou word? Is daar ’n onsigbare mag agter die mens se bestaan? Was, en is die veronderstelling van hierdie “mag” dat ons een of ander doel moet dien? Indien wel, hoekom word dit nie duidelik aan ons uitgelê nie? Was dit al aan ons uitgelê, meer as een maal, met vele van ons wat dit eenvoudig bly ignoreer, soos vele van ons voorouers ook gedoen het? Hoekom, as ons vir die oomblik aanvaar dat om ’n doel te dien inderdaad belangrik is, word die doel van ons bestaan dan nie weer en weer en weer aan ons uitgespel as ’n saak van daaglikse kosmiese ritueel nie?

Die mens is tot ’n mate wat nooit oordryf kan word nie, ’n produk van sy of haar omgewing. Die stel klanke waarmee jy kommunikeer en die woordeskat waarin jou gedagtes vorm aanneem, die oortuigings wat jy aanhang, die ambisies wat jy as jou eie definieer, waar jy woon, waar jy werk, hoeveel inkomste jy bewerkstellig elke dag, maand of jaar, waar jy slaap, op watse meublement, onder watse beddegoed, saam met wie, wat jy doen tussen die oomblik van wakker word en die oomblik wat jy tot rus kom, hoe gereeld jy jou tuiste verlaat, vir hoe lank, waarheen jy jouself vervoer en met watse vervoermedium, en hoe al hierdie dinge op jou bewussyn inwerk, kan alles direk, of indirek, teruggevoer word na die omgewing wat aan jou “gegee” is met geboorte. (Selfs as die omgewing waar jou volwasse bestaan gevoer word radikaal anders is as die omgewing wat aan jou gegee is, is jou gekose omgewing steeds onlosmaaklik verbind aan jou gegewe omgewing omdat jou uiteindelike keuse heel waarskynlik beïnvloed was deur jou gegewe omgewing en moontlik tot ’n mate ’n reaksie was daarop.)

Dit is dan ook so dat die omgewing waar jy ontstaan het en waar jy jou vroegste “programmering” ontvang het, die primêre bron is van informasie aangaande die doel en betekenis van die mens se bestaan. Nou, 500 of 1500 jaar gelede was dit ook so, maar die wêreld waarvan vele van ons bewus is in die 21ste eeu strek natuurlik aansienlik verder as net die grense van die dorp, stad of gehuggie waarbinne ons bestaan gevoer word. Massamedia en die Internet stel ons bloot aan alternatiewe idees oor die moontlike doel en betekenis van ons lewens wat twee of drie geslagte gelede nie op die rustigste van oggende kon besin nie.

Die bronne wat ons kan raadpleeg, sou ons ’n minuut êrens wou afknyp om daaroor te kontempleer, is veel ryker as ’n geslag of tien gelede. Ten spyte hiervan kies vele steeds om antwoorde te soek by plaaslike leermeesters, hetsy dit ouers, grootouers, vriende, pastore, priesters, rabbi’s, imams, selfhelp-ghoeroes of populêre vermaaklikheidsterre is. Antwoorde word sekerlik gevind by hierdie mense. My vraag bly: watse antwoorde? Watse moontlikhede word uitgelê deur die gewone selfaangestelde, of gemeenskapberoepte Gewers van Waarheid en Leiding?

Miskien ’n vraag nader aan die hart van die een wat wegkruip agter ’n rekenaarskerm met woorde wat hy tik terwyl niemand hom steur in die privaatheid van sy eie woonstel nie: WATSE ANTWOORDE SOU EK GEE AS IEMAND MY MOES NADER OOR DIE WARE DOEL EN BETEKENIS VAN DIE MENS SE AARDSE BESTAAN?

[Een-honderd-twee-en-sewentig woorde netjies geweef in vier paragrawe het gevolg, om op te maak vir die feit dat ek nie aan enige duidelike antwoorde kon dink nie. Een-honderd-twee-en-sewentig woorde het derhalwe die spit gedelf.]

* * * * * * * * * * * * * * *

Maandag 18 April 2005

’n Amerikaanse ontwikkelingswerker (vrou met die naam van “Marla”) is die naweek oorlede in Irak (bom langs die pad). Sy was heel waarskynlik in vele opsigte ’n doodgewone vrou – net so gewoon soos meeste van ons. Wat wel buitengewoon was aan haar, was haar waarde vir ’n sekere gemeenskap van mense wat vasgevang is in ’n primitiewe stryd om oorlewing. Wat buitengewoon was aan haar, was haar bereidheid om haar lewe te verloor vir hierdie stryd.

* * * * * * * * * * * * * * *

Donderdag 21 April 2005

Walter Reuther (1907-1970), Amerikaanse vakbondleier: “There is no greater calling than to serve your fellow man. There is no greater contribution than to help the weak. There is no greater satisfaction than to have done it well.”

* * * * * * * * * * * * * * *

# Alles draai om die PUNT

Woensdag 4 Mei 2005

15:41

Soms ontvou ’n mens se lewe op ’n wyse wat jou laat verstaan dat daar ’n PUNT is waarom jou lewe draai. Wat dan gebeur is dat alles wat jy doen, gesien kan word in terme van hoe ver hierdie aktiwiteit van die PUNT af is. Basiese higiëne en voedselinname onderhou byvoorbeeld die liggaam, wat noodsaaklik is vir jou om jou lewe (wat nie moontlik is sonder die liggaam nie) te laat draai om hierdie PUNT. So ook is dit met werk, of dan inkomste genererende arbeid, wat in die eerste plek gedoen word om kapitaal te verdien om jou lewe te onderhou. (Tensy jou werk die PUNT van jou lewe is, wat ’n saak is wat jy met jouself moet uitsorteer.) Nog ’n voorbeeld is my eie EFL-projekte. Ek kontempleer tans of ’n sekere reeks uit drie of vyf boeke moet bestaan, hoeveel prente daarin moet kom, of dit in kleur of swart-en-wit moet wees, hoeveel en watse tipe oefeninge ek moet insluit, wat die grootte van die boek moet wees, en so meer. Solank ek weet hierdie besluite wat ek moet maak, is steeds verwant aan die PUNT van my lewe (in hierdie geval in ’n sekondêre/onderhoudende/bevorderlike rol), kan ek voortgaan om dit te doen sonder om ’n eksistensiële krisis daaroor te ontwikkel.

17:02

Alles draai om die PUNT.

Die PUNT is nie ’n doelwit waarna jy streef en dan bereik nie – dis iets waarom jou lewe draai. Jy streef wel vir jare daarna om iets te bewerkstellig SODAT jou lewe om hierdie PUNT kan draai.

[27/01/15: Wat is “doel”, en wat is “punt”? ’n Doel is ’n rede hoekom jy iets doen (soos leef). Jy kan óf slaag daarin, óf misluk. ’n Punt is ’n spil waarom dinge draai. Hoekom draai dinge om daai spesifieke spil? Dalk omdat dit jou in staat stel om die doel van jou lewe na te streef. Dus: om die doel van jou lewe na te streef en te vervul, moet jou lewe om ’n bepaalde spil draai.]

[13/06/15: ’n Vrou sê, “Om my kinders gelukkig te hou en hulle goed groot te maak sodat hulle self eendag produktiewe lede van die gemeenskap kan wees en kan help om beskawing te onderhou, is die doel van my lewe … Nee, wag. Die vrou sê eintlik: “Die doel van my lewe is om ’n bydrae te lewer om van die wêreld ’n ordentlike plek te maak, vir myself, vir my kinders, vir al die ander mense wat ek liefhet, en vir almal met wie ons die wêreld deel. In ag genome dat ek dit sien as die doel van my bestaan, sien ek my primêre rol op hierdie stadium van my lewe om my kinders gelukkig te hou en hulle goed groot te maak sodat hulle self eendag produktiewe lede van die gemeenskap kan wees en kan help om beskawing te onderhou. Om dit te kan doen, om hierdie rol behoorlik te kan speel, moet my kinders die PUNT wees waarom my lewe tans draai.”]

Saterdag 7 Mei 2005

Om onafhanklike welstand te bewerkstellig deur entrepreneurskap en kreatiwiteit, ten einde (meeste van) my eie tyd te besit, om my daaglikse bestaan te kan toewy – te kan aanwend – tot die nastrewing van doelwitte wat sal strek tot die voordeel nie net van my eie lewe nie, maar ook tot die vervulling van die potensiaal van ander mense om doelgerigte, konstruktiewe, welwillende en gelukkige lewens te lei. Om sodoende my eie aardse bestaan te laat draai rondom hierdie sentrale PUNT.

## Slegs waarde vir enkele ander mense

Maandag 9 Mei 2005

Besig om die woordeskatlys voor te lees aan die 16:30 tot 18:00 klas toe die woord "irrelevant" in my gedagtes opduik, soos in, "Ek is bang na al my pogings is my lewe in werklikheid irrelevant, met slegs waarde vir enkele ander mense …"

– a mundane life –

– a life of no significance –

[16/06/15: "slegs waarde vir *enkele* ander mense …" – so wat is die magiese nommer? 7? 53? 125? wanneer 'n mens se lewe waarde het vir *hoeveel* mense sal jy nie meer dink jou lewe is irrelevant nie? jy red een persoon van verdrinking – kyk jy rond om te sien of daar nie dalk nog mense is wat verdrink nie want een is te min? jy red een persoon van sieldodende armoede – nie goed genoeg nie? nie eens die moeite werd nie, sal jy dink?]

## Waardig om te bestaan | Teleologie | Redelike filosofie

Donderdag 12 Mei 2005

Ek het die afgelope … sê, twintig jaar of so in die gewoonte verval om te glo ek moet die heeltyd bewys dat ek, Brand Smit, waardig is om te bestaan, dat my geboorte nie ’n swak oordeelsfout was nie, dat ek moet bewys – voortdurend – dat ek inderdaad die bloed in my are waardig is. Wat ook al die rede hiervoor, dit gaan my dryf tot in ’n vroeë graf.

Saterdag 14 Mei 2005

Ek moet laat gaan. Ek moet aanvaar dat my lewe een of ander tyd gaan eindig, dat die wêreld sal voortgaan sonder my, amper … amper asof ek nooit hier was nie.

Sien die ware verhouding tussen dinge, en jou eie plek in die Groter Werklikheid.

Ek moet insien dat my lewe nie naastenby so waardevol is as wat ek graag reken nie. (Kan ’n suicide-of-sorts ingewerk word in hierdie begrip?)

* * *

’n Geval dus van erken dat jou grootste vrees tot ’n groot mate waar is? Daar’s ’n aangename element aan hierdie tipe aanvaarding …

Sondag 15 Mei 2005

“Aristotle came more and more to think of the universe as a vast complex of organisms each striving to attain the end assigned by Nature to it. […] The Aristotelian system is often described as ‘teleological’.” ~ Uit die inleiding tot Aristotles se *Ethics*

17/06/15:

"A teleology is an account of a given thing's purpose. For example, a teleological explanation of why forks have prongs is that this design helps humans eat certain foods; stabbing food to help humans eat is what forks are for.

A purpose that is imposed by a human use, such as that of a fork, is called extrinsic. Natural teleology contends that natural entities have intrinsic purposes, irrespective of human use or opinion. For instance, Aristotle claimed that an acorn's intrinsic telos is to become a fully grown oak tree.

Though ancient atomists rejected the notion of natural teleology, teleological accounts of non-personal or non-human nature were explored and often endorsed in ancient and medieval philosophies, but fell into disfavor during the modern era (1600-1900).

In the late 18th century, Immanuel Kant used the concept of telos as a regulative principle in his Critique of Judgment. Teleology was also fundamental to the speculative philosophy of Georg Wilhelm Friedrich Hegel.

Contemporary philosophers and scientists are still actively discussing whether teleological talk is useful or accurate in doing modern philosophy and science. For instance, in 2012, Thomas Nagel proposed a neo-Darwinian account of evolution that incorporates impersonal, natural teleological laws to explain the existence of life, consciousness, rationality, and objective value."

Bron: https://en.wikipedia.org/wiki/Teleology

Maandag 16 Mei 2005

13:51

Die Griekse filosowe, of dan spesifiek Aristoteles, het nie vanuit die staanspoor op gesag aanspraak gemaak op teologiese gronde, wat hulle veronderstel het almal, of dan die

meerderheid, aanvaar nie. Hulle fondasie was een van rede, van ’n groep mense wat om ’n spreekwoordelike tafel sit en sê, “Laat ons ooreenkom dat ons intelligente wesens is, dat ons bewus is van ons bestaan, en dat ons in staat is tot goeie aksies, en ook in staat is tot die teenoorgestelde van goeie aksies. Laat ons voortgaan om te definieer wat ‘goed’ beteken, in die praktyk, en wat ‘sleg’ beteken, hoe ons eersgenoemde kan nastreef, en ook die redes hoekom dit beter is.”

In hierdie opsig is my eie beskeie pogings van die afgelope paar jaar nader aan die Griekse filosowe van meer as 23 eeue gelede, as aan moderne predikers en teoloë.

18:24

Is ek net nog ’n toevallige samesmelting van sperm- en eiersel wat sover 33 jaar en ’n paar maande oorleef het, en daagliks, saam met biljoene ander op die planeet, of miljoene ander op hierdie eiland, of duisende ander in hierdie stad, ’n stryd voer om kos, skuiling, ’n bietjie gemak en vermaak elke dan en wan – in kort, wat stry vir my plekkie in die son, OF … kan ek ’n bydrae maak tot ander mense se lewens, wat die waarde van my eie lewe sal transendeer verby hierdie tyd en hierdie plek?

[31/12/2015: Die antwoord op die eerste deel van die vraag is, ja. Die antwoord op die tweede deel: dit sal goed wees indien jy kan.]

## Waarde in die Groter Beskouing

Woensdag 1 Junie 2005

15:41

Die feodale orde en die georganiseerde samelewings wat gevolg het op die feodale orde is goeie illustrasies van hoe mens gebore word met sekere gegewens – nooit in sement geanker nie, maar waarvolgens mense nietemin hul lewens slyt.

So ook is dit vandag. Tensy jy gebore word met uitstekende – inderdaad, voortreflike – afkoms en ander gegewens in terme van posisie, welvaart en voorgeskrewe rol en funksie – val jy in die groep waarin meeste mense hulself bevind: waar jou posisie asook jou waarde vir alle praktiese doeleindes by verstek neerkom op fokkol in die Groter Beskouing van Dinge, of Slegs van Waarde vir Vriende en Familie.

Dit kom dus daarop neer dat, teen die tyd wat jy ’n funksionerende volwassene is, jy in een van drie groepe sorteer: a) Fokkol in die Groter Beskouing van Dinge, Slegs van Waarde vir Vriende en Familie; b) rol, funksie en waarde wat verder strek as jou Kring van Vriende en Familie; c) Fokkol in die Groter Beskouing van Dinge, en van Geen Waarde vir Enige Lewende Wese. (Trein arriveer. Die punt: as dit nie gegee is nie, maak dit ’n werklikheid.)

16:08

Stelling: Sommige mense se lewens het slegs waarde vir vriende en familie, en per toeval moontlik ook vir enkeles buite hierdie kring. (Kom ons noem dit vir die oomblik Tipe A.)

Stelling: Sommige mense se lewens het waarde vir vriende en familie, en deur eie wil ook vir enkeles buite hierdie kring. (Tipe B)

Stelling: Sommige mense se lewens het waarde vir vriende en familie, en deur eie wil ook vir mense wat hulle nooit persoonlik sal ontmoet nie, op plekke wat nooit deur die persoon besoek sal word nie. Sy of haar waarde oortref dus die tyd en plek waar sy of haar bestaan gevoer word. (Tipe C)

Stelling: Sommige mense se lewens het waarde vir vriende en familie, asook deur eie wil vir mense wat hulle nooit persoonlik sal ontmoet nie, op plekke wat hulle nooit sal besoek nie; hierdie individue se name sal opgeteken word in die amptelike politieke geskiedenis van ’n nasie. (Tipe D)

Stelling: Selfde as Tipe D, maar grootliks vanweë gegewe faktore eerder as eie wil, byvoorbeeld die kroonprins van die Britse koningshuis. (Tipe E)

Nota: Sommige Tipes A aanvaar hulle redelik beperkte waarde. Ander murmureer, maar doen nooit iets om dit te verander nie (kan dus genoem word, onderskeidelik Tipe A en Tipe A2).

Stelling: Sommige mense se lewens het geen waarde vir vriende en familie nie (moontlik vanweë die afwesigheid van die persoon in familie en voormalige vriende se lewens, en/of die afwesigheid van vriende en familie in die persoon se lewe), en het ook geen waarde vir enige ander mens of dier nie. (Tipe A2)

## Nie almal is belangrik nie

Maandag 6 Junie 2005

20:20

Aan die einde kom en gaan 99.9% van die mense op aarde, en dra óf by tot die handhawing en groei van Beskawing, óf dra by tot die vernietiging daarvan. Van slegs 0.01% van mense en dalk selfs minder sal daar in terugskouing gesê kan word dat hulle buitengewoon was, verhewe bo meeste van hul tydgenote, selfs dat hulle "bestem" was vir belangrike rolle.

22:20

Almal wil weet dat hulle belangrik is. Die gedagte dat jy vir niemand – geen mens of dier – van enige belang is nie, is vir meeste mense te veel om te verduur. Hoe bevestig mense hul waarde? Hoe maak hulle op daarvoor as hulle van mening is dat hulle waarde onbeduidend is?

## Die tipe volwassenes wat ons word

Saterdag 2 Julie 2005

11:35

Ek is besig om ’n Kevin Bacon movie te kyk, en ’n spesifieke storielyn vang my onkant vir die soveelste keer in my volwasse lewe. Nou, ek weet dis net ’n movie, maar dis nie wetenskapfiksie nie, dis ’n gedramatiseerde weergawe van ’n lewe waarmee ek seker is meeste kykers, wat sekerlik in die miljoene tel, kan assosieer.

Die storie verloop soos volg: ’n jong man wat ambisies het om ’n skrywer te wees en ’n beskouing het van homself as iemand wat nie net dieselfde wil doen as die spreekwoordelike almal nie, trou met ’n jong vrou wie se karakter nie so duidelik ontwikkel is as haar eggenoot s’n nie, maar wat mens kan veronderstel ambisies het van ’n meer konvensionele lewe. Hulle koop ’n huis in ’n middelklasbuurt. Hy kry werk by ’n advertensie maatskappy, en probeer skryf in die aande, maar kry nie veel uitgerig nie. Hy weet nie regtig wat hy wil hê uit die lewe nie, maar werk nietemin om die “huis” wat sy lewe is, te handhaaf – ’n lewe wat hy nie soseer gekies het nie as dit net gebeur het as ’n standaard opsie waarvoor hy die regte aksies geneem het op die regte tye, soos om op te daag vir ’n werksonderhoud en om op te daag by die bank om vorms in te vul vir ’n huislening. Hy wonder hoekom hy homself nie net kan aanvaar soos hy is nie, en tevrede kan wees met die plek waar hy is nie.

Soos verwag kon word, vat dit nie lank voor swangerskap en kinders deel word van die storie nie. Die man kla dat sy lewe sonder betekenis is, en dit word toenemend gesuggereer dat “fatherhood” die groot verskil gaan maak.

Die storie verloop dus soos volg:

– Man en vrou trou.

– Man en vrou is onseker oor die werklike waarde van hul lewens in die Groter Beskouing van Dinge (en hoewel dit al genoem is dat ons nie altyd leef in die Groter Beskouing van Dinge nie, leef ons ook nie net in die wêreld van vrot melk en vals musiek en kinders wat skree nie – al hierdie dinge is deel van iets groters, en dit weet meeste van ons). Hulle glo moontlik selfs dat hulle hul bestaan moet regverdig. Hulle moet aan die wêreld kan wys dat ook hulle iets werd is, en ’n waardige aanspraak kan maak op die suurstof wat hulle inasem, en die son wat hul wange warm bak.

– Hulle kry êrens werk, koop ’n huis, en probeer die gate vul wat onsekerheid oor die waarde van hul bestaan brand op hulle bewussyn soos ’n oop vlam gate sal brand deur delikate ryspapier.

– Hulle kry kinders – die blydskap, die groot aanpassing wat hulle moet maak in hul daaglikse lewens, die geluk en die gelukwensings onderstreep dat hulle ’n goeie punt bereik het. Hulle is nou ouers, wat beteken nuwe rolle om te speel asook die addisionele waarde wat dit aan hul lewens gee in die Groter Beskouing van Dinge. Die kind of kinders word grootgemaak om aanvanklik soos hulle ouers te wees (taal, sport voorkeure, religieuse waardes en ander lojaliteite), en na ’n paar dekades dalk soortgelyke lewens te leef. Die hele siklus word voortgesit: kry kinders, volwassenheid, kry kinders, volwassenheid, kry kinders …

Wat is my probleem hiermee? Ek hou van kinders! My eie susters het pragtige kinders en ek is gelukkig vir hulle! Ek wil dalk self eendag kinders hê! Wat is my probleem met hierdie mees primitiewe, mees wydverspreide verskynsel? My probleem is die tipe volwassenes wat vele mense word. En ek glo die tipe volwassenes wat mense word, word sterk beïnvloed deur die rede of redes hoekom hulle in die eerste plek ontstaan het. [Dink byvoorbeeld aan Prins William van Brittanje: rede vir ontstaan: om eendag koning te word (of koningin as die dobbelsteen anders geval het).] As ek kyk na my eie geval, het my ouers my dalk gehad omdat hulle meer kinders wou hê om hul eie selfsugtige redes. Ek het oukei

uitgedraai. As volwassene lewer ek pittige dog effens siniese kommentaar oor ander volwassenes se lewens, ek betaal my rekeninge (laat, maar darem), en ek glo ek maak my bydrae, hoe beskeie ook al, tot die vooruitgang van beskawing, of ten minste tot die behoud van wat goed is.

Is dit nie aan die einde goed genoeg nie?

Ek dink dis tyd dat ek een van die naarste waarhede ooit in die gesig staar en dit erken: Nie almal se lewens is belangrik in die Groter Beskouing van Dinge nie. Om een lewe te hê met waarde wat die primêre behoeftige-organisme-gedrag-tot-behoefte-vervulling-model oortref, is moontlik dosyne primêre modelle nodig. Dis ’n aaklige waarheid hierdie: dat my lewe in die Groter Beskouing van Dinge meer werd is as iemand anders s’n, en dat iemand anders se lewe weer meer waarde het as myne – dat ek inderdaad wegdoenbaar is ter wille van ’n ander wie se lewe meer kosbaar is, meer waardevol as my eie. (En ek verwys nie na waarde van my lewe in die sin dat my lewe waarde het vir my ma, en Piet X se lewe het waarde vir Moeder X nie, ek praat van waarde waar verhoudings nie ter sprake is nie.)

Wat dit sal beteken is dat dalk soveel as nege uit elke tien volwasse mense kinders moet produseer om waarde te gee aan hulle lewens, en om hul deel by te dra tot die bevrediging van die behoeftes van die gemeenskap in die dekades wat kom (kinders word onderwysers, en dokters, en padbouers, en so meer). Een uit elke tien, of dalk net een uit elke honderd mense, doen meer – iets wat hul waarde transendeer bo hulle intieme binnesirkel en die arbeidswaarde wat hulle het vir die plaaslike ekonomie. Ten einde hierdie een-uit-tien of een-uit-honderd mense te produseer, MOET MEESTE VOLWASSE MENSE KINDERS KRY. Dis hoe dit is. Dis tyd dat ek dit aanvaar.

(Terloops, die movie se naam is, *She’s having a baby*.)

23:40

Weereens kom dit hierop neer: daar is geen universele menslike waarde nie. Elke persoon moet sy of haar eie waarde uitwerk in die Groter Beskouing van Dinge. As hy of sy nie tevrede is met die voorlopige uitslag nie, moet hy of sy self aksies neem om ’n gewenste waarde te bereik – sover dit binne sy of haar vermoë is.

Wat is jou waarde as jy dit nie self uitwerk nie, en as jy nie tel onder die groep mense wat gepla is met hulle waarde in die Groter Beskouing van Dinge nie? Dan is jou waarde die resultaat van noodlot – plek en tyd van geboorte, geslag, familie, sosio-ekonomiese status, ras, ensovoorts, behoeftes van die gemeenskap – x-hoeveelheid onderwysers benodig, x-hoeveelheid rommelverwyderaars, ensovoorts, en keuses en aksies wat jy neem, of geneem het om jou behoeftes te bevredig tot op die huidige oomblik.

Great. (Moontlike titel of subtitel vir ’n opstel: Aanvanklik oor ’n movie.)

[Sê jy werk jou eie waarde uit – wat dit ook al beteken, en jy reken jy kan ook getel word onder die groep mense wat gepla is met hul waarde in die Groter Beskouing van Dinge, is dit nie uiteindelik ook 100% deel van jou proses om jou eie behoeftes te bevredig nie? Een uit 100 mense wat dan uitstyg bo die spreekwoordelike massas, doen dan so vir dieselfde rede hoekom ’n bestaansboer ’n aartappel plant en oes: om eie behoeftes te bevredig.]

## Stellings en vrae | Vier doelwitte

Maandag 25 Julie 2005

10:25

Uiteindelik kom alle vrae oor eie identiteit, geloof, oortuigings, geïntegreerde beskouing van bestaan en lewensfilosofie neer op ’n praktiese aangeleentheid: Hoe moet ek funksioneer? Hoe moet ek leef van slaap tot slaap? Wat moet ek doen met die bestaan wat ek nie anders kan as om te erken nie?

15:45

Al daai vrae van die 10:25 teks kom neer op meer as net funksionering. Dit kom ook neer op die resultate wat jy sal agterlaat van jou bestaan.

* * *

Ek maak ’n stelling: My gunsteling kleur is groen. ’n Ander persoon hoor dit en dink, “Wat is my gunsteling kleur?”

Ek sê, “As ek NT$100,000 het, sal ek vir drie maande lank China toe gaan.”

Die ander persoon sê, “O. Wat sal ek doen as ek NT$100,000 het?”

Ek sê, “Die doel van my lewe is om ___________.”

Die ander persoon hoor dit, en dink na oor sy of haar eie lewe. “Wat is die doel van mý bestaan?” sal die persoon vra.

Die punt is dus nie om net vrae te vra nie, maar om ook te sê wat jy glo, wat jy doen, en hoe jy dinge sien. ’n Ander persoon hoor wat jy sê, of lees wat jy geskryf het, en ’n innerlike stem skop ook in by daai persoon, wat dan van dieselfde vrae vra wat jy oor die jare gekontempleer het.

18:50

Vraag: Waaroor gaan die lewe? (Een van verskeie moontlike formulerings van wat in beginsel dieselfde vraag is.)

Antwoord: Funksionering + Eindresultate

Saterdag 30 Julie 2005

My vier doelwitte in die lewe is as volg:

1. Om gelukkig te wees, en as ek gelukkig kan wees saam met iemand, sal dit uitermatig goed wees.

2. Kreatiewe onafhanklikheid – om te kan skep, om te kan produseer wat ek goedvind, en nie soos dit gedikteer word deur ander nie.

3. Finansiële onafhanklikheid – om nooit in enige iemand se oë hoef te kyk vir geld nie; om oor voldoende kapitaal te beskik om die volgende moontlik te maak: kreatiewe onafhanklikheid, in werklikheid en nie net as ’n ideaal nie; om dinge te kan doen wat my gelukkig maak; om ’n huislike omgewing te kan skep, of om mede-skepper te wees van ’n tuiste, waar ek gemaklik kan werk, kuier en rus; om ’n lewenstyl te kan bekostig wat ek al vir jare lank nastreef.

4. Om ander mense by te staan in húlle stryd om oorlewing, en/of om van waarde te wees in hul eie pogings om ’n begrip te ontwikkel van hul bestaan wat hulle in staat sal stel om gelukkige en produktiewe lewens te kan lei; ook om by te dra tot ’n gesonder habitat vir mens en dier.

# Om iets agter te laat

Donderdag 29 September 2005

Tien hoop dat hulle iets waardevol agter sal laat van hul lewens. Ses besef na x-jare as volwassene dat die enigste manier hoe hulle iets kan nalaat van hul bestaan, en terselfdertyd ’n bevredigende rol kan speel, is om kinders te hê. Drie reken uiteindelik dat hulle geen kans het om iets na te laat of enigsins ’n beduidende rol te speel nie, of hulle het geen motivering vir die aksies wat van hulle vereis word om iets waardevol na te laat of ’n min of meer waardevolle rol te speel nie.

* * *

Bogenoemde is ’n oorvereenvoudigde voorstelling. In werklikheid begin vele met die proses om iets waardevol agter te laat, dinge loop skeef, en hulle lewens eindig gestroop van alle waardigheid en selfrespek.

Ander weer kry kinders in ’n desperate poging om beter te verskyn aan hulself en aan familie en vriende, net om tien jaar later, as gevolg van ’n sameloop van omstandighede, benewens die rol wat hulle speel om kinders groot te maak, ook ’n ander prominente rol te speel of bydrae te maak wat ’n onuitwisbare en baie konstruktiewe resultaat sal agterlaat van hul bestaan.

En dan is daar ander wat reken hedonisme is hul gelukkige lot en persoonlike religie, maar wat soms eindig as martelaars vir ’n goeie saak waarvoor hulle as hedoniste, jare tevore, nooit ’n minuut van hul tyd sou afknyp nie.

* * * * * * * * * * * * * * *

Woensdag 30 November 2005

Stryd is ’n kernaspek van ons bestaan – aanvanklik vir oorlewing, en daarna vir meer. Om uit te werk wat hierdie “meer” is, is deel van ons lewensreis.

Ook, hoe voer ons die stryd? Hoe bestaan ons van dag tot dag? Ons bestaan, en handhaaf en rig ons stryd, deur ’n Spesifieke Persoon te word, met ’n min of meer unieke identiteit. Hierdie identiteit stel ons in staat om te oorleef en te funksioneer. Ons persoonlike stryd word rigting gegee deur tradisie, kultuur of religie, of dit word gedefinieer deur onsself in ’n komplekse proses wat elemente van verskillende bronne insluit. Hierdie stryd word die doel van ons bestaan – dit gee waarde en betekenis aan ons lewens.

* * * * * * * * * * * * * * *

# Lewe wat ’n doel dien | Intelligente, kreatiewe agent – of agente

Dinsdag 6 Desember 2005

Ek het nodig dat my lewe ’n doel moet dien. Hierop sal sommige mense dalk ietwat skepties reageer. “Doel?” sal hulle vra. “Doel in die lewe is ’n primitiewe religieuse konsep. Dit veronderstel dinge wat nie bewys kan word nie. Dit impliseer ook dat jou lewe waardeloos is tensy dit ’n doel dien.”

My reaksie: Gestel jy het twee mans, Meneer A en Meneer B. Laasgenoemde het geen begeerte om te voel dat sy lewe ’n doel dien nie. Sy fokus is meestal op homself, en op sy eie materiële en emosionele behoeftes. Hy werk – want hy het die geld nodig; hy trou – want dis beter as om alleen te wees; en hy maak vriende – want hy hou van die gevoel dat ander mense van hou, hy hou van die geselskap, en dit verlig sy verveling. Sy lewe bestaan dus uit familie, vriende, werk, en ander dinge wat hy geniet om te doen. Hy streef nie aktief daarna om enige iets te doen of om deel te wees van enige iets wat hom na sy eie lewe sal laat kyk met die oortuiging dat hy een of ander (goeie) doel dien nie (Die kans is dat hy sonder om te probeer ’n goeie doel dien, of al gedien het, maar ter wille van hierdie argument is dit belangriker om sy geval te illustreer as een waar geen doel aktief en doelbewus gedien word nie.)

Meneer A, aan die ander kant, is een van daai mense wat glo om bloot te bestaan – om te werk, ’n gesin van sy eie te hê, om vriend te wees en vriende te hê, en om dinge te doen wat hy geniet – nie genoeg is nie. Hy voel ’n sterk drang om ’n goeie doel te dien – iets wat sy lewe meer waarde en betekenis sal gee. Gestel hy kies as sy doel in die lewe om regsdienste te lewer aan mense wat nie oor die finansiële hulpbronne beskik om hierdie diens te kan bekostig wanneer hulle dit nodig het nie. Oor die verloop van 30 jaar verskaf hy

regsadvies – direk, of indirek deur ’n organisasie wat hy begin het – aan honderde, selfs duisende mense. (Dit mag wees dat hy hierdie doelgerigte lewe nastreef as ’n volger van een of ander godsdiens, wat ook aan hom die satisfaksie sal verleen dat sy diens gesanksioneer word deur ’n spesifieke godsdiensgemeenskap. Dit mag ook wees dat hy ’n ateïs is, en dat hy gemotiveer word deur die selfrespek wat sy diens inspireer, en deur die respek en dankbaarheid wat ander mense hom gee. Sy keuse om ’n doelgerigte lewe na te streef sal ’n positiewe resultaat hê op mense ongeag of sy keuse gemotiveer word deur een of ander religieuse oortuiging.)

Kom ons sê beide Menere A en B is gebore in dieselfde jaar, in dieselfde stad, met soortgelyke kulturele agtergrond en sosio-ekonomiese status, en kom ons sê verder hulle albei sterf in dieselfde jaar na ’n kort siekbed. Meneer B se lewe was goed. Hy sal gemis word deur sy kollegas, sy vriende, en sy familie. Meneer A het ook ’n goeie lewe gehad, en hy sal ook gemis word deur kollegas, vriende en familie. Wat is die verskil? Meneer A se lewe het honderde, selfs duisende mense se lewens verbeter. Sy lewe het waarde gehad wat die lewenswaarde van die gemiddelde persoon wat nie aktief ’n doelgerigte lewe nastreef nie, ver oortref. Hy sterf met die vervulling dat sy lewe ’n doel gedien het. Hy het sy lewe geleef met die vervulling dat sy kollegas, vriende en familie nie die enigste mense was wat voordeel getrek het uit sy bestaan en die keuses wat hy gemaak het nie. Meneer B het geleef sonder hierdie vervulling, en hy het gesterf wetende dat benewens sy binnesirkel nie veel ander mense veel voordeel getrek het uit sy bestaan nie. Hopelik het dit nie veel aan hom saakgemaak nie, siende dat hy reeds vroeg in sy volwasse lewe dit duidelik gemaak het dat hy nie die begeerte voel om enige doel te dien nie, of dat sy lewe waarde en betekenis moet hê buiten wat hy, of sy binnesirkel daaruit kry nie.

Hierop reageer my debatsvennoot: “So dit gaan oor persoonlike vervulling? Of gaan dit oor nommers – die een ou se lewe raak honderde, selfs duisende ander mense, en die ander ou se lewe raak miskien 20 ander mense?”

My antwoord: Een ou se lewe het twee dosyn of so ander mense se lewens positief geaffekteer. Die ander ou het honderde, selfs duisende mense se lewens positief geaffekteer. Wat presies is jou vraag? [*]

Debatsvennoot: “Gestel ek vertel jou daar’s ’n nuwe pil op die mark wat geen newe-effekte het nie, wat uiters bekostigbaar is, en dit bevat ’n natuurlike bestanddeel wat jou brein voorsien van presies dieselfde gevoel as wat ’n mens sal kry van ’n doelgerigte lewe. Dit sal jou dus dieselfde skop gee, sonder enige moeite!”

Ek: En die mense wie se lewens ek dalk positief kon beïnvloed het, bly ongeaffekteer. Werklike resultate van die aksies wat ek beplan het, bly ongerealiseer. Ek sal sê, nee dankie. Ek sal eerder die moeite doen.

* [Die vraag is dalk, is dit beter om twee mense se lewe positief te affekteer as net een? Wat van om 2,243 mense se lewe positief te affekteer teenoor 2,242 mense? Wat van een persoon wat 50,000 mense se lewens positief affekteer en die ander persoon wat positief en konstruktief bydra tot slegs 76 mense se lewenskwaliteit?]

Woensdag 7 Desember 2005

Vir baie mense is die idee dat daar geen intelligente, kreatiewe agent is agter alles wat bestaan nie, die mees verregaande ding waaraan enige mens kan dink. Wat, of wie hierdie agent is – of wat of wie hierdie *agente* is, is iets waaroor mense al wonder, argumenteer, oorlog voer en sterf sedert mense begin dink het aan dinge. Ons het hierdie veronderstelde agent – of agente – name gegee. Ons het hom/haar/hulle menslike eienskappe gegee. Ons het selfs gedink aan die geslag en voorkoms van hierdie veronderstelde agent – of agente. Vele mense is tevrede met ’n eenvoudige term: “God.”

Ons kan voortgaan om te dink, te redeneer, te baklei en te sterf vir spesifieke oortuigings oor hierdie agent – of hierdie agente. Dit is blykbaar in ons natuur om so te doen. En as dit

vir mense 'n gevoel gee van doel en sekerheid en betekenis in hul lewens, dan maak dit seker sin tot 'n mate dat ons voortgaan om dit te doen. Een ding bly egter staan: vir baie mense is daar niks wat enige iets kan wegneem van die feit dat 'n intelligente, kreatiewe mag die enigste redelike verduideliking is vir ons eie bestaan, en vir die bestaan van alle ander vorme van lewe nie.

Waarom hierdie veronderstelde intelligente, kreatiewe mag ons bestaan veroorsaak het, of ons bestaan 'n doel dien, en selfs die moontlike aard van hierdie veronderstelde agent, of van hierdie agente, hierdie is vrae wat so boeiend sal bly soos hulle nog altyd was.

## ’n Lewensbeskouing om oor verleë te voel

Donderdag 26 Januarie 2006

20:13

Vrees vir verleentheid: die groot, verskuilde oorsaak vir ’n sekere benadering tot die lewe wat ek nog nooit kon skud nie. Ek het nog altyd gedink as mens kom op jou sterwensoomblik, en jy’t vyf minute te vore nog rondgespring en gelag van blydskap dat jy lewe, hoe verleë jy nie moet voel in daai oomblik voor jy jou laaste asem uitblaas nie. Dink net hoe laf, hoe simpel jy sal voel! Amper asof jy vir die Engel van Dood wil sê, “Jammer dat ek vyf minute gelede nog so ligsinnig was … as ek geweet het … en ek moes geweet het! As ek maar op daai oomblik gedink het daaraan dat ek oor vyf minute my laaste asem sou uitblaas … sou ek soveel ernstiger gewees het! Ek sou nie grappies gemaak het en opgewekte musiek geluister het nie! Ek het inderdaad Dood disrespekteer deur so ligsinnig te wees! Kyk nou na my! Ek voel so ontsettend skaam …”

So dan is ’n mens maar ernstig die heeltyd. Of indien dan nie die heeltyd nie, sorg jy dat jy gereeld genoeg dink aan die dood, en aan slegte dinge wat kan gebeur, en aan al die situasies wat dreig met moeilikheid as jy nie oppas nie, sodat wanneer jy in die moeilikheid kom, of nog erger, as jy Dood in die gesig staar, jy ten minste nie skaam hoef te wees nie. Sodat niemand, minste van almal jyself, op daai laaste oomblik kan sê nie, “Ja, en om te dink jy’t oomblikke gelede nog so lekker gelag!” Of, “Jy was nou die dag nog so gelukkig. Kyk hoe simpel lyk jy nou!”

Vrees vir verleentheid – hoeveel kommervrye dae, hoeveel geluk offer ek nie op, op die altaar van hierdie vrees nie?

* * *

Wat is vrees vir verleentheid? Wat is skaamte? Is dit nie om ontbloot te word vir wat jy is nie – naak, klein, weerloos, bang, en aan die einde, sterflik, soos ’n plant of ’n insek? Dit ten spyte van ons beste pogings om onsself te laat verskyn as beter en meer gesofistikeerd as insekte of plante of ander diere.

“Is ons dan nie belangriker as ’n plant of ’n insek nie?” mag jy dalk vra.

Natuurlik is ons, sal vele argumenteer. Maar op watter punt word Belangriker As ’n Plant of ’n Insek ons ondergang? Op watter punt raak trots en selfliefde die oorsake van ons vrees om ontbloot te word?

Aan die einde: Wat is ons werklik? Wat is ons werklike waarde? Hoe word dit gemeet? En is ’n laaste oomblik van skaamtelose erkenning van ons sterflikheid dit werd om die heeltyd in ons spoor te trap om nie te gelukkig te wees nie?

20:43

Asof ’n mens verder sal val wanneer Dood en Onheil jou tref terwyl jy hard probeer het om jouself oor minder te bekommer en dalk ’n bietjie gelukkiger te wees, en so nou en dan geslaag het daarin.

Bly dan maar sukkelend, bly maar arm, kruip maar voort in die modder … ten minste sal jy nie so ver val nie.

En droom! Ja, droom van baie geld en lekker tye en doen wat jy wil! Drome is goedkoop! Moet net nooit hard genoeg daaraan werk om dit waar te maak nie. Want as jy eers baie geld het, as jy sien hoe lekker dit is … dat dae verby gaan wat jy nie bekommerd is oor enige iets nie, wat jy reis en interessante plekke sien en tyd spandeer met familie en dinge doen wat jy geniet … gaan jy al hoe hoër klim … gaan jy al hoe verder val.

Twintig jaar gelede sou ek gedink het God kyk na my met kwaai oë as ek te hoog wil klim. Nou is dit Dood en Onheil. En jy moet hulle respekteer. “Bly laag,” sê jy vir jouself. “Sukkel. Maar droom voort. Dit maak in elk geval nie saak nie …”

## Doel en rede – ten minste drie moontlikhede

Saterdag 29 Julie 2006

Moontlikheid 1: Daar is ’n vooraf opgestelde plan en doel vir my bestaan – wat beteken ieder en elke menslike lewe van die afgelope 30,000 plus jare moes haarfyn beplan word om (onder andere) “Brand Smit” te produseer. Dit beteken niks kon aan toeval oorgelaat word nie, en geen faktor wat alles in die wiele kon ry, soos vrye wil, kon enigsins toegelaat word nie. Wat beteken niemand is skuldig aan enige aksies wat hulle pleeg wat nie “goed” is nie, want almal speel net hul rolle. (’n Sogenaamde krimineel is derhalwe net so skuldig aan sy of haar misdaad as wat die *akteur* Anthony Hopkins skuldig is aan moord in die film, *Silence of the lambs*.)

Moontlikheid 2: Daar is geen vooraf opgestelde plan nie, maar dit is wel moontlik dat ’n plan en doel opgestel is na my geboorte, in ag genome bekende feite oor my bestaan (agtergrond, etnisiteit, taal, ensovoorts) en statistiese moontlikhede.

Moontlikheid 3: Vrye wil, wat beteken ekself definieer die doel en rede vir my bestaan, en streef dit na so goed as wat ek kan, volgens my vermoëns en diepte van my oortuigings.

(Ek het nie die nota doelbewus afgestuur op die “vrye wil” moontlikheid nie; dit was eenvoudig die derde moontlikheid. Daar mag ook ander moontlikhede wees.)

## Ek besluit die doel van my bestaan

Dinsdag 1 Maart 2011

Ek kyk na ’n stortkop, en ek sien iets wat se bestaan ’n doel dien. Ek weet ook dit is iets wat ontwerp is met ’n bepaalde doel in gedagte, en vervaardig is om hierdie doel te dien.

Sommige mense glo dit is logies om af te lei as daar ’n doel aan jou bestaan is, dat jy – jy spesifiek – deur ’n Onsigbare Mag ontwerp en vervaardig is met sekere spesifikasies om hierdie doel te dien.

Dit sal oneerlik van my wees om te laat blyk dat ek ook so glo.

Waar laat dit my? Een moontlikheid is om te aanvaar dat my lewe geen doel dien nie.

Gestel egter ek *besluit* my lewe moet een of ander doel dien. In so ’n geval kan ek my lewe, selfs my persoon sover dit moontlik is, ontwerp vir hierdie doel. Ek sal moet werk binne beskikbare middele, maar is dit nie wat die mense agter die stortkop ook gedoen het nie? Ek sal dus vir alle praktiese doeleindes ’n lewe *vervaardig* om ’n sekere doel te dien.

My lewe sal dan uiteindelik hierdie doel dien, omdat ek *besluit* het dit is die doel van my bestaan.

# Drie breë moontlikhede vir hoe jy jou lewe kan leef

Maandag 12 Maart 2012

Ek dink al vir lank dat ek alles wat ek tot nou toe geskryf het, op ’n punt moet trek om ’n antwoord te kan gee vir die vraag: Wat nou?

Een gedagte wat dalk ingewerk kan word: Ek glo daar is drie breë moontlikhede vir hoe jy jou lewe kan leef.

Opsie een: Jy leef vir jouself, vir jou eie geluk, en vir jou eie welsyn.

Opsie twee: Jy onttrek, en spandeer soveel tyd as moontlik op jou eie. Dalk doen jy dit omdat jy jou eie geselskap verkies, of omdat jy jou lewe eenvoudig wil hou. Dalk doen jy dit as deel van ’n spirituele eksperiment, wat sommige mense noem, ’n “soeke na God” of “om naby God te wees”. En dalk doen jy dit net vir ’n periode van jou lewe om dinge vir jouself uit te sorteer.

Opsie drie: Jy leef vir iemand anders, of vir iets waarin jy glo. Jy kies om jou eie geluk en welsyn, en die vervulling van jou eie drome en ambisies tydelik op te skort, of permanent op te offer, ten einde ’n ander persoon of persone in hulle stryd by te staan, of om jouself te bearbei vir die groei van ’n instelling, of om ’n saak te bevorder waarin jy glo.

Soms domineer een van bogenoemde drie leefstyle ’n persoon se lewe tot so ’n mate dat dit nie moeilik is om te sien in watter groep hierdie mense sorteer nie. Daar is wel ook baie mense wat aspekte van al drie maniere van leef kombineer. Sommige mense glo dis verkeerd om net vir hulleself te leef, so hulle gee Nommer Drie sterk oorweging. Hoewel meeste mense daarvan hou om deel te wees van iets groter as hulleself, en werklik ander mense se geselskap geniet, droom vele van ons ook soms van Nommer Twee – wanneer “alles” “te veel” raak. En selfs al offer mense die beste deel van elke dag op vir hulle kinders of vir vriende en familie, sal hulle

soms iets doen net vir hulleself – selfs al moet iemand anders ’n bietjie swaarder dra vir ’n rukkie as gevolg daarvan.

## Deurweek met spesifieke doel en funksie

Vrydag 20 Julie 2012

Stel jouself voor ’n dik sny witbrood. Jy smeer ’n dun lagie botter op, en dan gooi jy omtrent sewe eetlepels goue stroop oor die sny brood. Sewe eetlepels. Dan gaan kyk jy TV vir so ’n uur. Wat kry jy as jy terugkom in die kombuis? Soos verwag kan word, kry jy ’n sny brood absoluut deurweek met stroop.

So is dit met doel en alle lewe op aarde. Alles van die oog van die vlieg tot die onderdele van ’n mikro-organisme, tot by jou eie oë, vel, tone, bloed en beendere – alles is absoluut deurtrek met spesifieke doel en funksie. [Eintlik nogal ’n komplekse saak. Eers het wetenskaplikes gedink heelwat van die menslike genetiese struktuur is “gemors DNS” met geen funksie nie, toe ontdek hulle dat hulle dalk ’n paar dinge misgekyk het.]

Hoe op aarde kan elke onderdeel van elke klein en groot organisme en kreatuur op hierdie planeet ’n spesifieke doel hê, maar die geheel van die vis of die kokkerot of die renoster het nie ’n doel nie? Hoe kan elke klein onderdeel van die mens ’n spesifieke “taak” hê om te doen, maar die mens as geheel nie? Hoe kan iemand sy skouers optrek en beweer dat sy of haar lewe nie juis ’n doel dien nie? En as dit wel ’n doel dien, weet hulle nie wat dit is nie.

Natuurlik word niemand gebore met ’n nota vasgemaak om hulle nek wat verduidelik wat die doel van hulle lewe veronderstel is om te wees nie, maar hoeveel mense is nie juis vreeslik entoesiasties om te soek na wat dalk die doel van hulle lewens kan wees nie?

Het menslike lewe ’n doel? Het elke individu ’n spesifieke rol om te vervul? Indien wel, wie – of wat – bepaal wat dit is? En na watse moontlikhede kyk ons?

Vele mense wat wonder hieroor, sal draai na hulle plaaslike dominee, pastoor, priester, imam of rabbi, en verwag

dat hierdie figure vir hulle sal sê wat die doel van hulle lewe veronderstel is om te wees, om dit vir hulle uit te spel, om vir hulle duidelike instruksies te gee.

Ek dink dit is lui. Ek dink dis die maklike pad. Ek dink dis ’n kort pad wat te veel mense vat.

’n Vraag: Berei die opvoeding wat ons kry van ons ouers, en op skool, en by die breë gemeenskap, ons voor om uit te sorteer of te ontdek wat die doel van ons lewens is?

Indien nie, wat kan ons as volwassenes doen om dit vir die volgende geslag makliker te maak? Wat moet ons as volwassenes doen, vandag, om hierdie soektog ’n redelike kans te gee op sukses – vir die volgende geslag, en ook vir onsself?

-----------

Meer inligting:

“Gemors DNS”
https://en.wikipedia.org/wiki/Noncoding_DNA#Junk_DNA

“Junk DNA not so useless after all”
http://healthland.time.com/2012/09/06/junk-dna-not-so-useless-after-all/

## Resultaat, Proses, Identiteit en Geluk

Saterdag 11 Augustus 2012

RESULTAAT is wat saak maak. En met RESULTAAT word nie net bedoel die bewerkings wat gemaak word die dag na jou dood nie, maar die resultaat van elke taak, elke onderneming, elke projek wat jy aanpak.

PROSES is wat RESULTAAT voorafgaan. PROSES is óf bevorderlik vir goeie RESULTAAT, óf dis nie bevorderlik daarvoor nie.

IDENTITEIT is wat jou in staat stel om te funksioneer in die historiese tydvak wanneer jou bestaan uitspeel, en in die plek waar jy gebore is, of waar jy jouself bevind as volwassene. Jou IDENTITEIT is goed genoeg as dit jou in staat stel om te oorleef, en as dit jou in staat stel om goeie RESULTAAT na te streef.

GELUK is een van die kondisies wat PROSES die moeite werd kan maak.

OM GELUKKIG TE WEES maak dit meer waarskynlik – hoewel daar altyd uitsonderings is – dat die PROSES sal lei tot goeie RESULTAAT.

-----------

Voorgedagte:

Ek het hierdie week my kantoorspasie begin oorskuif na ’n huis so vyftig meter van my ou woonstel af. Die nuwe plek – eintlik net twee leë vertrekke op die tweede verdieping van ’n huis waar die eienaars so een keer elke twee maande kom oornag as hulle besigheid in die stad het – is orraait, maar nie perfek nie.

“Die resultaat van die proses is wat uiteindelik belangrik is,” het ek gedink op pad terug huis toe vroeg vanaand, “en die plek is goed genoeg om ten minste nie die proses te ondermyn nie.”

* * * * * * * * * * * * * * *

Maandag 15 April 2013

Vraag: Hoe regverdig jy jou bestaan?

Antwoord: Ek kan dit nie regverdig nie. Ek is gebore – het geen keuse daaroor gehad nie. Ek leef. Ek probeer om meer goed as sleg te doen. Ek probeer om iets te beteken vir ’n paar mense. Ek probeer om iets positief na te laat van my aardse bestaan. Dis dit. Daar’s geen regverdiging nie.

* * * * * * * * * * * * * * *

## Duidelik veel om te leer van ’n kat (en ’n kat probeer nie eens om jou iets te leer nie)

Dinsdag 28 Mei 2013

Hoekom skryf ek?
Om ’n saak te dien?
Om ’n argument te probeer wen?
Om ’n bydrae te maak?
Ek skryf, tot ’n groot mate, om een ding te sê: Ek was hier.

Woensdag 3 Julie 2013

“Wat doen ek?” vra ek myself.

Sou die ou in die tronk ook hierdie vraag aan homself vra? Indien wel, wat sou hy antwoord? Sou hy antwoord: “Niks, ek is in die tronk”?

Indien die gesinsman homself die vraag vra, sou hy sekerlik antwoord, “Ek sorg vir my familie.”

Is dit genoeg? Is dit goed genoeg?

Vra die pastoor of dominee of sendeling die vraag, kan hulle antwoord, “Ek doen God se wil.”

Maklik. Skuif die verantwoordelikheid oor op God. “Ek voer net opdragte uit.”

Vra die soldaat homself die vraag, is die antwoord soortgelyk aan dit wat die godsdienstige gee: ’n vooraf geformuleerde antwoord word geresiteer. Met oortuiging.

Sal die arm man of vrou in die plakkerskamp antwoord dat hulle hul bes probeer om weer op hulle voete te kom?

Vra die ma van twee kinders in ’n oorloggeteisterde gebied haarself die vraag, is dit sekerlik heeltemal redelik as sy antwoord: “Op hierdie stadium doen ek wat ek moet doen om myself en my kinders veilig en aan die lewe te hou.”

Wat antwoord sy na die gewere stil geraak het?

Wat antwoord die egpaar wat pas teruggekeer het na die ruïnes van hulle huis na twee jaar in ’n vlugtelingkamp?

Wat antwoord die heroïenverslaafde?

Wat antwoord die alkoholis wanneer hy sy eerste sopie van die dag drink, kort na ontbyt?

Wat antwoord die gewetenlose besigheidsman? Sou hy antwoord, “Ek maak soveel geld as wat ek kan,” asof jy dit sekerlik kon raai?

Is hy werklik tevrede daarmee? As hy redelik intelligent is, en so nou en dan ’n bietjie dink oor dinge, en jy sit vir ’n uur saam met hom by ’n koffiewinkel of ’n kroegtoonbank, wat sou sy meer uitgebreide antwoord wees?

Wat antwoord die entrepreneur met ’n sosiale gewete?

Wat antwoord die jong politieke leier wat nog nie sy siel verkoop het nie?

Wat antwoord die skrywer, die kunstenaar, die akteur, die dramaturg, die komediant?

As almal moet koes vir koeëls of skrapnel, of hulle word wakker in die nag van hongerpyne of koue, of van die roepstem van ’n honger geliefde, reageer almal net. As enige een in die omgewing ’n geleentheid wil aangryp om ’n filosofiese vraag te vra, sal hy of sy heel waarskynlik eenkant toe gestoot word. As jy bloot reageer elke oomblik wat jy wakker is, is die antwoord op wat jy doen, voor die hand liggend.

Maar wat gebeur wanneer jy nie in onmiddellike gevaar is nie, en jy opsies het waaroor jy ’n besluit moet neem voor jy oorgaan tot aksie? Wat doen jy dan? En hoekom spesifiek daai keuse of aksie?

Vrydag 5 Julie 2013

Wat doen ’n kat?

Die kat het nie gevra om gebore te word nie. Die kat het geen keuse gehad oor sy spesie of geslag, of oor die tyd, plek of omstandighede van sy geboorte nie.

En tog, daar is hy – of sy.

Wat doen die kat met sy daaglikse bestaan? Hy probeer deur die dag en nag kom so spanningsloos as moontlik.

Dis al wat sin maak vir hom.

* * * * * * * * * * * * * * * *

Sondag 23 Februarie 2014

Om te weet wie jy is, is nie die einddoel nie.

Om te weet wie jy is, stel jou in staat om êrens te hoort, om deel te wees van iets groter as jyself.

Om deel te wees van iets groter as jyself en te voel jy hoort êrens, is egter ook nie die einddoel nie.

Die einddoel is om te glo jou lewe is die moeite werd om te leef.

Om te voel jy hoort êrens, is bevorderlik daarvoor om te glo jou lewe is die moeite werd om te leef.

Om oor ’n funksionerende identiteit te beskik (om te “weet wie jy is”), is bevorderlik daarvoor om te voel jy hoort êrens.

* * * * * * * * * * * * * * * *

# Waarvoor jy leef, en waarvoor jy sterf – ’n paar kort notas

Woensdag 29 Oktober 2014

Op Sondag 14 November 2004 skryf ek: “Die vraag is nie aan die einde net waarvoor jy leef nie, die vraag is ook waarvoor jy sal sterf. My opinie is dat jy sterf vir die dinge of die mense waarvoor jy leef, vir die saak wat jy dien.”

Soos ek die nota kontempleer, dink ek: Mense wat kinders het, het iets waarvoor hulle lewe, en iets waarvoor hulle sal sterf.

Ek noem dit nie omdat ek wens ek het kinders gehad nie; dis bloot ’n tema wat gereeld opkom as ek dink aan belangrike sake wat die volwasse persoon se lewe raak.

Onvermydelike vrae: Waarvoor lewe ék? Watse saak dien ék? Waarvoor sal ék sterf?

Antwoord: Ek het ’n maat. Ek het haar lief. Ek dink nie gewoonlik dat ek leef om haar gelukkig te maak nie, maar dit is iets wat daagliks meeste van my belangrike aksies en besluite affekteer. Sal ek bereid wees om vir haar te sterf, indien nodig? Ja, ek sal.

---------------------

Ek het later gesien daar was twee addisionele notas op Maandag 13 Desember 2004:

“Die punt is om vir iets te leef, sodat wanneer ons sterf, ons sal weet ons lewens was nie verniet nie.”

* * *

“Die vraag is dan, waarvoor leef jy?

Vele mense sal antwoord, ‘Ons leef vir ons kinders.’

Ek vra: Wat beteken dit? Jy leef vir jou kinders, hulle leef vir hulle kinders … op een of ander punt sal iemand moet leef vir iets anders, maak nie saak of hulle kinders van hulle eie het of nie.

Ek dink dis ondeurdag, selfs gevaarlik om te sê jy leef vir jou kinders. Dit voel reg. Jy's lief vir jou kinders, en jy sal iemand se gesig pap slaan ter wille van jou kinders, so … dit kan mos net reg wees om te verklaar: 'Ek leef vir my kinders! En vir my vrou … (of man).' Dan nie?

Nee! Dis iets wat edel en reg vóél – en lyk op papier, maar in werklikheid vervang die een geslag die ander met geen behoorlike begrip van die waarde of moontlike doel van hulle lewens nie, anders as, 'Ek moet kinders kry.'

Hoor enige iemand anders die alarm weeklaag?"

## Ou spoke, of slapende honde

Sondag 25 Oktober 2015

23:28

Wie is ek? Waar hoort ek? Waar is my plek in die wêreld? Wat is die doel van my bestaan? Wat moet ek met my lewe doen?

Ek vind dit vreemd dat ek nie meer juis dink oor hierdie dinge nie. Asof dit maar net op ’n stadium van ’n mens se lewe vir jou belangrik is.

Sal dit nie interessant wees om weer die ou spoke te gaan opsoek nie? Of is dit slapende honde?

23:42

Dink ek nie meer oor daai vrae nie omdat ek die antwoorde ontdek het, of uitgewerk het? Of dink ek nie meer daaroor nie omdat ek nie meer omgee nie? Indien laasgenoemde, is dit omdat ek meer sinies geraak het die afgelope tien jaar? Hoekom het ek meer sinies geraak? Was ek naïef tien jaar gelede? Of eerder, waaraan het ek nog geglo soos ’n kind tien jaar gelede?

’n Paar dae gelede op pad kafee toe vra ek myself ’n groot guns: Moet asseblief nie ’n bitter ou man word nie.

# Die werklike, of nie werklike, doel van ons bestaan

Dinsdag 15 Desember 2015

Roer die moontlikheid aan dat die mens se bestaan ’n doel dien, en jy praat noodwendig van die mens se oorsprong.

Ek reken daar is drie moontlikhede: die mens is geskape deur ’n godheid; die mens was stadig besig om te ontwikkel uit vroeë lewensvorms, toe arriveer wesens van die buitenste ruim en plant van hulle DNS in ’n vroeë inkarnasie van wat uiteindelik die moderne mens sou word; die mens het stadig oor miljoene jare ontwikkel uit vroeë lewensvorms tot in die organisme wat ons vandag sien, sonder enige inmenging van godhede of vreemde wesens.

Elk van hierdie moontlike oorspronge het unieke implikasies vir die moontlikheid van ’n doel van ons bestaan.

As ’n godheid die mens geproduseer het, maak dit sin dat ons die doel van ons bestaan moet gaan soek by hierdie godheid: Wie is die godheid? Wat wil die godheid van ons hê? Hoekom het hierdie godheid ons geskape? Wat sal gebeur as ons nie doen wat ons moet doen nie, of indien ons om enige van verskeie redes nie kan uitwerk wat ons moet doen nie?

Indien ons die resultaat is van inmenging van wesens van die buitenste ruim, is die vrae soortgelyk: Wie is hulle? Waar kom hulle vandaan? Hoekom het hulle kom inmeng met ons? Wat is ons veronderstel om te doen? Wat sal gebeur as ons dit nie doen nie, of as ons nie kan uitwerk wat hulle wil hê ons moet doen nie?

Indien ons stadig ontwikkel het oor miljoene jare, en dalk soveel as honderde maar heel waarskynlik ten minste dosyne verskillende inkarnasies deurgegaan het voor ons gekom het by die organisme wat ons vandag “mens” noem, kan ons nie werklik kyk na ’n mag buite ons wat lank gelede een of ander plan in gedagte gehad het nie.

Indien ons ons bestaan te danke het aan laasgenoemde, ’n hoogs waarskynlike en tog vreemd genoeg hoogs kontroversiële moontlikheid, kan ons ’n redelike afleiding maak. Dit sal beteken “doel van bestaan” is, soos identiteit, iets waarmee onsself vorendag gekom het om onsself te help om deur die spreekwoordelike dag te kom. Dit is met ander woorde nie regtig werklik nie.

Iets hoef egter nie regtig werklik te wees om praktiese waarde te hê nie. Identiteit is een voorbeeld: Ek is nie regtig “Brand Smit” nie. Of, “Brand Smit” is nie ’n regte ding soos ’n hond of ’n olifant of ’n potlood nie. Dis iets wat uitgedink is, oorspronklik deur my ouers, en toe het ék ’n bietjie bygedra, en ander mense het hand bygesit, en toe ek ouer geraak het, het ek meer kreatief geraak daarmee, en deesdae speel ander mense soms saam met wat ek sê, en soms nie. “Brand Smit” het wel praktiese waarde. Nie net help dit die skrywer van hierdie teks om deur sy dag te kom en redelik mooi saam te werk met ander organismes en kreature in die omgewing nie, dit kan hom selfs motiveer om van sy tyd en geld op te offer om bystand te verleen aan ander mense en diere.

Meeste mense wat sal baat by sy onbaatsugtige aksies sal heel waarskynlik nie veel omgee hoe hy dink aan die doel van sy bestaan nie. Hy kan byvoorbeeld ’n sopkombuis begin vir honger mense wat by die treinstasie slaap, en ek reken hulle sal nie juis omgee as die helper verklaar dat hy dit doen omdat hy dit sien as die doel van sy bestaan soos geopenbaar deur wesens van die buitenste ruim nie.

* * *

Daar is dus ’n groot kans dat beide identiteit en oortuiging dat ons bestaan ’n doel dien, dinge is wat ons self uitdink. Dit is ook so dat sommige van ons hierdie dinge hanteer asof dit heilige waarheid is waaraan ons nie veel kan skaaf of verander nie.

Is dit goed om te dink jou bestaan dien ’n doel?

Ek het reeds die idee vermeld dat iemand warm sop en brood kan voorsien aan honger mense sonder vergoeding, en teen geen koste vir die persoon wat die sop en brood kry nie, moontlik omdat die voorsiener glo dis ’n manifestasie van die doel van sy of haar bestaan.

Dan is daar ook die ou wat nie glo sy bestaan dien enige doel nie; dat hy gebore is en uiteindelik sal doodgaan en tussen-in maar net sy bes sal doen om so goed as moontlik oor die weg te kom met sy bure, uit die moeilikheid te bly meeste van die tyd, en die lewe soveel as moontlik die moeite werd sal maak vir homself, siende dat hy maklik genoeg sy eie lewe kan beëindig.

Persoonlik het ek nie ’n probleem met ’n persoon wat nie glo sy bestaan dien enige doel nie. En as die persoon by die sopkombuis sê sy is ’n wese van die buitenste ruim wat maar net haar opdrag uitvoer, gaan ek ook nie ’n probleem hê met haar nie – solank die sop en brood van ’n kwaliteit is wat gewone aardbewoners deur die dag kan help.

Aan die ander kant van die spektrum sal ek wél omgee as iemand my kop wil afsny omdat, volgens hierdie persoon, antieke geskrifte hom opdrag gee om dit te doen; dat dit inderdaad deel is van die doel van sy bestaan soos geopenbaar deur sy “heilige” boek.

Die oortuiging dat jou bestaan ’n doel dien is, soos identiteit, nie inherent goed of sleg nie. Beide kan jou help om heel en redelik gesond deur die dag te kom, en nie in die tronk of die malhuis te beland nie. Beide kan ook jou pad na die tronk of die malhuis besonders kort en reguit maak. En beide kan jou óf in staat stel om in relatiewe vrede te leef met meeste mense in die gemeenskap, óf dit kan jou op ’n oorlogspad sit met hulle, of met mense in ander gemeenskappe.

Wie is jy, aan die einde van die dag? En glo jy jou bestaan dien ’n doel? Indien wel, wat is hierdie doel, en waar het jy aan die idee gekom dat dit die doel van jou bestaan moet wees?

# Almal wil ’n punt bereik

Woensdag 18 Januarie 2017

Sommige mense organiseer hulle lewens volgens stelsels wat hulle reken die waarskynlikheid sal verhoog dat hulle sal oorleef en ten minste die helfte van die tyd goed sal voel oor hulleself. Ander mense het doelwitte wat hulle een vir een nastreef. Ongeag of jy stelsels of doelwitte verkies, of iets van albei, ek glo almal streef na wat ek kan beskryf as ’n *punt*. Soms is jy bewus daarvan dat jy hierdie punt nastreef, soms nie.

Hierdie punt is vir vele mense ’n ideale leefstyl – ’n spesifieke manier hoe hulle hul dae en nagte op aarde wil verwyl.

Sommige mense se punt is om ’n gesin te hê, om die rol van moeder of vader te speel vir kinders van hul eie.

Dan is daar mense wat ’n punt nastreef van amper onuitputlike finansiële vermoëns – om te weet hulle kan koop wat hulle wil, en doen wat hulle wil, die put gaan óf nooit opdroog nie, óf die geld wat vandag gespandeer word, word eenvoudig môre vervang.

My punt is om die vermoë te kan hê om verlore te kan raak in ’n aktiwiteit – kan wees ’n skryfprojek, of ’n boek, of navorsing oor ’n onderwerp wat my interesseer. Ek wil verlore kan raak daarin sonder om nodig te hê om myself te herinner daaraan dat ek later moet uitgaan om iets te verkoop (gewoonlik my vermoëns om iets te kan doen), of om iets anders te doen wat veronderstel is om geld te maak.

Meeste mense dink nie elke dag daaraan dat die werklike doel wat hulle nastreef is om daai betrokke dag en nag te oorleef nie. En as jy oorleef, doen jy wat jy moet doen om jou oorlewing die moeite werd te maak. Om ’n punt te hê wat jy nastreef, is meer as net ’n doel wat jy hoop om te verwesenlik. Dit voorsien die inspirasie wat jou vorentoe dryf; dit help om jou oorlewing vandag die moeite werd te maak.

## Punt, en wat my lewe die moeite werd maak

Maandag 14 Augustus 2017

Die PUNT van my lewe is om te rapporteer. Ek leef; ek ervaar dinge; ek dink oor dinge; ek skryf daaroor. Dalk vind iemand anders ’n insig of ’n siening bruikbaar.

Wat my lewe die MOEITE WERD maak, is om ’n getuie te wees van die lewe van die vrou wat ek liefhet, om ’n maat te wees vir haar, en om haar te laat voel dat sy bemin word. Wat my lewe verder die MOEITE WERD maak, is om goeie verhoudings te handhaaf met familie en vriende, om troeteldiere te versorg, om lekker te eet, interessante dinge te lees, te ontspan wanneer ek moeg is, om interessante of snaakse films te kyk, om te reis, of om plekke te besoek waarvan ek hou, en om die PUNT van my lewe na te streef.

Het my lewe ’n DOEL? Kyk na die PUNT van my lewe, en na wat my lewe die MOEITE WERD maak.

* * * * * * * * * * * * * * *

Indien jy hierdie bundel geniet het, of dit opvoedkundig gevind het, oorweeg dit asseblief om ’n gedrukte kopie te koop, of ’n elektroniese kopie vir jou leestoestel.

Onthou: die skrywer moet ook eet en huur betaal!

BRANDSMIT.NET/**BOEKWINKEL**

* * * * * * * * * * * * * * *



* * * * * * * * * * * * * * *

Beskikbare titels deur Brand Smit – in beide digitale en gedrukte formaat:

*In die greep van ketters – of, Die Christen*
*Nie tafel, hond of potlood nie*
*Die werklike, of nie-werklike doel van ons bestaan*
*Solank jy staande bly …*
*Die noodsaaklike onaangenaamheid*
*Die volwasse lewe*
*Oor skryfwerk en die skrywer*
*Ballingskap*

*Dertien minute op 'n Saterdagaand*
*Tyd vlieg nie regtig nie*

*Koors/Fotografie: Twee versamelings gedigte*

Meer inligting is beskikbaar op die skrywer se webwerf:

BRANDSMIT.NET

* * * * * * * * * * * * * * *